0 25
A

HUMANITAS
RGN • HSRC

# verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die republiek van suid-afrika en vir suidwes-afrika: deel III

'n nasionale onderwysstelsel vir swakhorende leerlinge deel III, volume 6

001.3072068 0 25 HSRC

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 HSRC O 25 | 34482/6
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

## RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Telefoon: 483944 Telegramme: RAGEN

**President:**

**Vise-presidente:** Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

**Sekretaris:** Mej. K.M. Henshall

### Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing
Inligting en Spesiale Dienste
Kommunikasienavorsing
Mannekragnavorsing
Navorsingsontwikkeling
Opvoedkundige Navorsing
Psigometriese Navorsing
Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing
Statistiese Navorsing
...al, Lettere en Kuns
...inistrasie

### ...ie RGN

...bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die ...n die Regering en ander instansies van advies insake ...gsbevindinge en versprei inligting betreffende die

-BIBLIOTEEK
RY

VISTA UNIVERSITY
LIBRARY
1992-06-16
CAMPUS
EAST

*038466*

0000384669

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# *VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA: DEEL III*

## 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR SWAKHORENDE LEERLINGE DEEL III, VOLUME 6

INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

DIREKTEUR: J.B. HAASBROEK

PRETORIA
1975

Verslag nr. **0-25**

Obtainable in English
Kopiereg voorbehou

Prys R2,15

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC

1977 -4- 1?

| STANDKODE | REGISTERNOMMER | |
|---|---|---|
| 01.30722068 HSRC | 025 | 6 |
| BESTELNOMMER G | 34482 | |

ISBN 0 86965 241 9

VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOOR=
LIGTING

AAN DIE VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD, PRETORIA,
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting lê hier=by Deel III volume 6 van sy verslag insake 'n nasionale onderwys=stelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met 'n nasionale skoolvoorligtingsdiens en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwys=stelsel, aan die Nasionale Onderwysraad voor.

Die Komitee het verskeie kere vergader en vertrou dat die bespre=kings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie verslag ver=skyn, 'n bydrae gelewer het tot die doeltreffende reëling van die sake wat aan hom opgedra is.

MNR. J.B. HAASBROEK VOORSITTER

LEDE:

DR. N.J. HEYNS

MNR. F.S. ROBERTSON

MNR. E.C. SMITH

MNR. C. DE M. CLOETE

MNR. P.J. VAN DER MERWE

MNR. I. WESSELS

MNR. H.J.T. STEIJN

MNR. J.G.J. HORN

MNR. R.G. POST

MNR. F.P. VILJOEN

SEKRETARIËLE DIENSTE

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Instituut vir Op=voedkundige Navorsing het die sekretariële dienste gelewer.

Komitee vir Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
PRETORIA

1 Mei 1975

LEDE VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING

| | |
|---|---|
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkun=dige Navorsing, Raad vir Geesteswe=tenskaplike Navorsing. VOORSITTER. |
| Dr. N.J. Heyns | Hoof: Sielkundige en Voorligtings=diens, Departement van Onderwys, Kaapland. |
| Mnr. F.S. Robertson | Adjunk-direkteur, Departement van Onderwys, Kaapland. |
| Mnr. E.C. Smith | Hoofonderwysbeplanner, Natalse On=derwysdepartement. |
| Mnr. C. de M. Cloete | Hoof: Sielkundige en Voorligtings=diens, Natalse Onderwysdepartement. |
| Mnr. P.J. van der Merwe | Hoofinspekteur, Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. I. Wessels | Hoof: Sonitus-skool vir Hardhoren=des, Pretoria. Departement van Nasionale Opvoeding. |
| Mnr. H.J.T. Steijn | Hoof: Transoranje-skool vir Dowes, Pretoria. Departement van Nasio=nale Opvoeding. |
| Mnr. J.G.J. Horn | Inspekteur-sielkundige, Onderwysde=partement van die Oranje-Vrystaat. |
| Mnr. R.G. Post | Hoof: Sielkundige en Voorligtings=diens, Departement van Onderwys, Suidwes-Afrika. |
| Mnr. F.P. Viljoen | Assistent-direkteur, Transvaalse Onderwysdepartement. |

PERSONEEL VAN DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

| | |
|---|---|
| Dr. A.J. van Rooy | Vise-president. |
| Mnr. J.B. Haasbroek | Direkteur, Instituut vir Opvoedkun=dige Navorsing. Hoofprojekleier. |
| Dr. C.R. Liebenberg | Assistent-direkteur, Afdeling vir Didaktiese Navorsing. |
| Dr. A.E. Strydom | Assistent-direkteur, Afdeling vir Nie-Blanke Onderwysnavorsing. |
| Dr. S.W.H. Engelbrecht | Hoof: Afdeling vir Orto-, Psigo-, Sosiopedagogiese en Skoolvoorlig=tingnavorsing. |
| Dr. H.C.A. Venter | Hoof: Onderafdeling vir Vergely=kende Onderwysnavorsing. |
| Mnr. A. Nel | Hoof: Onderafdeling vir Skoolvoor=ligtingnavorsing. |
| Mnr. F.P. Groenewald | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. S.J. Maat | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. M. Gouws | Hoofnavorsingsbeampte. |
| Mnr. P.G. van Z. Spies | Senior Navorsingsbeampte. |
| Mnr. S.G. Lombaard | Senior Navorsingsbeampte. |

# O P D R A G

## 1. INLEIDING

Na aanleiding van 'n besluit van die Nasionale Adviserende Onder=wysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat navorsing insake gedifferensieerde onderwys en voorligting onderneem moet word, is daar op 6 Augustus 1964 op 'n vergadering van die Kontakliggaam ooreengekom om 'n "verkenningskomitee" onder voorsitterskap van die Direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maat=skaplike Navorsing (tans die President van die Raad vir Geestes=wetenskaplike Navorsing*), en bestaande uit 'n senior amptenaar van elke onderwysdepartement, in die lewe te roep, en dat die funksie van hierdie Komitee sal wees -

"(a) om die vraagstukke van gedifferensieerde onderwys en voor=ligting te bestudeer;

(b) om vas te stel wat reeds op hierdie terreine gedoen word;

(c) om vas te stel wat die probleme is en watter navorsing nog onderneem behoort te word voordat daar pogings aangewend word om 'n gemeenskaplike aanvaarbare plan te ontwikkel."[1]

Op 1 Oktober 1964 vergader die Komitee om 'n memorandum oor die grondslae vir 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en voor=ligting te bespreek. Die Komitee besluit dat -

"(a) 'n gewysigde memorandum met vrae vir beantwoording die lede se onderskeie departemente op of voor 8 Oktober moet bereik;

(b) die departemente se antwoorde die Voorsitter op of voor 30 Oktober 1964 moet bereik;

(c) 'n konsepverslag wat die departemente se antwoorde sal saam=vat, daarna opgestel en so gou moontlik onder die lede ge=sirkuleer word; en

---

* Vanaf 1 April 1969 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geword.

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.8.1964 van die Nasionale Advise=rende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

(d) die volgende vergadering van die Verkenningskomitee voorlopig vir 19 November 1964 belê word."[1)]

Die tweede vergadering van die Komitee is op 26 November 1964 gehou om die verslag getitel "VERSLAG VAN DIE VERKENNINGSKOMITEE INSAKE GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN IN SUIDWES-AFRIKA" te bespreek. Die slotopmerking in hierdie verslag (par. 4, bl. 22) gee kortliks 'n weergawe van die gevolgtrekking waartoe die Komitee geraak het, en lui soos volg:

> "Soos dit uit die voorgaande verslag blyk, is al die onderwysdepartemente nie ewe ver gevorder op die weg van gedifferensieerde onderwys nie, en die weë wat ingeslaan word, verskil in baie opsigte van mekaar. Daar is grootliks ooreenstemming met betrekking tot wat onder gedifferensieerde onderwys verstaan moet word, terwyl alle onderwysdepartemente oortuig is van die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys. Die verskille tree na vore by die werklike toepassing daarvan. Op hierdie stadium is dit nie moontlik om die probleme vir navorsing insake 'n gemeenskaplik aanvaarbare plan te identifiseer nie, aangesien die probleme sal opduik wanneer daar oor so 'n gemeenskaplike plan besin sal word. Dit kom as wenslik en noodsaaklik voor dat daar op hierdie stadium met die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike plan onverwyld 'n begin gemaak moet word."

## 2. OPDRAG

Die Komitee het sy verslag aan die Kontakliggaam gestuur en verdere opdrag afgewag. Op 1 Julie 1965 skryf die Voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) 'n brief aan die Voorsitter van die Komitee waarin die opdrag van die Kontakliggaam opgeneem is en wat soos volg lui:

> "It was decided as reçommended the Reconnaissance Committee should as a matter of urgency make an immediate start to evolve a system of differentiated education and a system of guidance for the Republic which would be acceptable to all education departments and to the National Advisory Education Council."[2)]

---

1) Notule van die Eerste Vergadering van die Verkenningskomitee insake Gedifferensieerde Onderwys en Voorligting, par. 5.5, bl. 2.

2) Brief 5/3/2, gedateer 6.7.1965, van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

## 3. IMPLIKASIES VAN DIE OPDRAG

Die implikasies van die opdrag is dat oor 'n onderwysstelsel be= sin moet word -

(a) wat die doel met opvoedende onderwys as sodanig sal verwe= senlik;

(b) waarin die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van die indiwidu sover moontlik tot ontplooiing sal kom om ook in die behoeftes van die volkshuishouding te voorsien; en

(c) waarin 'n gepaste stelsel van voorligting 'n integrerende deel van die onderwys sal wees.

## 4. DIE WERKPROGRAM

Kragtens die versoek van die Nasionale Adviserende Onderwysraad (tans die Nasionale Onderwysraad) dat die Nasionale Buro vir Op= voedkundige en Maatskaplike Navorsing (tans die Raad vir Geestes= wetenskaplike Navorsing) die gegewens moet versamel wat die Komi= tee benodig [1], het die Buro 'n memorandum oor 'n werkprogram ter uitvoering van die opdrag opgestel. Hierdie werkprogram is op 7 Desember 1965 aan die Komitee voorgelê vir bespreking.

Die werkprogram maak vir navorsing oor pre-primêre of voorskoolse onderwys, primêre onderwys, sekondêre onderwys en buitengewone onderwys of onderwys vir leerlinge met gestremdhede, en vir na= vorsing oor skoolvoorligting vir die genoemde onderwysvlakke voor= siening. Op grond van hierdie navorsing sal die Komitee 'n ver= slag uitbring en aanbevelings insake 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika doen.

"Die Komitee besluit om die voorgelegde memorandum met die nodige wysigings en byvoegings as die werkprogram te aanvaar"[2] en die Komitee ".... sal na sy lasgewer gaan met 'n uiteensetting van hoe die Komitee sy opdrag sien ...."[3]

---

1) Brief OR/M/1/3, gedateer 25.9.1964, van die Nasionale Ad= viserende Onderwysraad, Buro-korrespondensielêer N/Y/118/3.

2) en 3) Notule van die Derde Vergadering van die Verkennings= komitee (7.12.1965), onderskeidelik par. 5.3.1 en 5.3.2.

## 5. VERGADERINGS VAN DIE KOMITEE INSAKE ONDERWYS VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE

Die Komitee het op -

20 Junie 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedif= ferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir serebraal ge= stremde leerlinge en vir epileptiese leerlinge te bespreek;

28 en 29 Augustus 1974 vergader om die verslae oor 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir swak= siende, blinde, dowe en swakhorende leerlinge te bespreek; en het op

17, 18 en 19 Februarie 1975 vergader om die verslae oor 'n stel= sel van gedifferensieerde onderwys en skoolvoorligting vir liggaamlik gestremde, verstandelik gestremde, pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge en swakhorende leerlinge te bespreek.

## 6. NAVORSING WAT DEUR DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING ONDERNEEM IS

### 6.1 NAVORSINGSPROJEKTE

Die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Gees= teswetenskaplike Navorsing het die werkprogram wat deur die Komitee goedgekeur is as grondslag gebruik om navorsingsprojekte van stapel te stuur om die Komitee in staat te stel om sy opdrag te kon uitvoer. Sowel die onderwysstelsels as die skoolvoorlig= tingstelsels vir leerlinge met gestremdhede op primêre en sekondêre onderwysvlak van oorsese lande, die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika is nagevors. 'n Deeglike literatuurstudie van relevante publikasies is gemaak. Ook is verkenning gedoen van gegewens wat op aanvraag deur onderwysdepartemente en buite= landse instansies aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verstrek is, en skole vir leerlinge met gestremdhede is deur die navorsers besoek om die onderwyssituasie vir hierdie leerlinge in die praktyk te verken en om met die personeel van die skole same= sprekings te voer. Om die nege breë navorsingsverslae en die nege Komiteeverslae oor 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwys= vlak met skoolvoorligting en ander hulpdienste as geïntegreerde dienste in die onderwysstelsel, te kon uitbring, is die volgende navorsingsprojekte deur die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing onderneem:

(1) Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge.

(2) Onderwys vir epileptiese leerlinge.

(3) Onderwys vir swaksiende leerlinge.

(4) Onderwys vir blinde leerlinge.

(5) Onderwys vir dowe leerlinge.

(6) Onderwys vir swakhorende leerlinge.

(7) Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge.

(8) Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge.

(9) Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwykende) leerlinge.

Op grond van hierdie nege navorsingsprojekte is nege verslae vir die Komitee vir bespreking op sy vergaderings opgestel.

6.2 PERSONEEL VAN DIE INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Die navorsing is deur 'n span van 10 navorsers onderneem:

Mnr. J.B. Haasbroek, Direkteur, Instituut vir Opvoedkundige Na= vorsing, Hoofprojekleier.

Dr. A.E. Strydom, Assistent-direkteur, toesighouer oor die na= vorsing insake die onderwys vir blinde, dowe, swakhorende en pedagogies verwaarloosde leerlinge.

Dr. S.W.H. Engelbrecht, Afdelingshoof, verantwoordelik vir die navorsing insake die onderwys vir serebraal gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge en toesighouer oor die na= vorsing insake die onderwys vir epileptiese, verstandelik gestremde en liggaamlik gestremde leerlinge.

| | | |
|---|---|---|
| Dr. H.C.A. Venter | : | Onderwys vir swaksiende leerlinge. |
| Mnr. A. Nel | : | Onderwys vir epileptiese leerlinge en pedagogies verwaarloosde leerlinge. |
| Mnr. F.P. Groenewald | : | Onderwys vir blinde leerlinge. |
| Mnr. M. Gouws | : | Onderwys vir dowe leerlinge. |

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. S.J. Maat | : | Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge. |
| Dr. S.W.H. Engelbrecht en mnr. P.G. van Zyl Spies | : | Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge. |
| Mnr. S.G. Lombaard | : | Onderwys vir swakhorende leerlinge. |

## 7. DIE ONDERHAWIGE VERSLAG

Soos blyk uit paragraaf 5, het die Komitee 9 verslae (volumes 1 tot 9) op sy vergaderings bespreek. Hierdie werkwyse is ge=volg om die navorsing te bespoedig en om die Nasionale Onderwys=raad so spoedig moontlik van die besluite te verwittig.

Benewens hierdie 9 verslae, wat 9 afsonderlike volumes van Deel III van die Komitee se verslag uitmaak, het die Komitee reeds op 'n vroeëre stadium twee verslae aan die Nasionale Onderwysraad voorgelê, naamlik:

(1) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL OP PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING AS 'N GEÏNTEGREERDE DIENS VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE RE=PUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA", Deel I, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-1, Pretoria, 1972.

(2) "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE PRE-PRIMÊRE OPVOEDINGSPRO=GRAM VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA", Deel II, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Verslag nr. O-2, Pretoria, 1971.

Deel III van die Komitee se verslag is getitel: "VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS EN VOORLIGTING INSAKE 'N NASIONALE ONDERWYSSTELSEL VIR LEERLINGE MET GESTREMDHEDE OP PRE-PRIMÊRE, PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOLVLAK MET VERWYSING NA SKOOLVOORLIGTING EN ANDER HULPDIENSTE AS GEÏNTEGREERDE DIENSTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL VIR DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN VIR SUIDWES-AFRIKA".

Die nege volumes van die verslag is die volgende:

Volume 1: Onderwys vir serebraal gestremde leerlinge, verslag nr. O-20.

Volume 2: Onderwys vir epileptiese leerlinge, verslag nr. O-21.

Volume 3: Onderwys vir swaksiende leerlinge, verslag nr. O-22.

Volume 4: Onderwys vir blinde leerlinge, verslag nr. O-23.

Volume 5: Onderwys vir dowe leerlinge, verslag nr. O-24.

Volume 6: Onderwys vir swakhorende leerlinge, verslag O-25.

Volume 7: Onderwys vir liggaamlik gestremde leerlinge, verslag nr. O-26.

Volume 8: Onderwys vir verstandelik gestremde leerlinge, ver=slag nr. O-27.

Volume 9: Onderwys vir pedagogies verwaarloosde (gedragsafwy=kende) leerlinge, verslag nr. O-28.

## 8. DANKBETUIGING

Die Komitee bedank die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die personeel van die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing vir die navorsing wat onderneem is om die Komitee in staat te kon stel om sy opdrag uit te voer. Die samewerking van die plaaslike en oorsese onderwysowerhede word hoog op prys gestel. Die skoolhoofde en hulle personeel wat die navorsers tydens be=soeke aan hulle skole te woord gestaan het, se samewerking word opreg waardeer.

I N H O U D


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSVERHELDERING | 1 |
| 1.1 | Probleemstelling | 1 |
| 1.2 | Begripsverheldering | 2 |
| 1.3 | Slotopmerkings | 6 |
| 2 | DIE PROBLEMATIESE GESITUEERDHEID VAN DIE SWAKHORENDE | 7 |
| 2.1 | Die swakhorende se besondere wyse van wêreld=bewoning | 7 |
| 2.2 | Enkele hoofmomente ten aansien van swakhorend=heid as remming in die kind se volwassewording | 10 |
| 2.3 | Slotopmerkings | 17 |
| 3 | BEHEER OOR EN ORGANISASIE VAN ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE RSA | 17 |
| 3.1 | Historiese aanloop | 17 |
| 3.2 | Die status quo ten aansien van beheer oor onderwysgeriewe aan swakhorende leerlinge | 18 |
| 3.3 | Slotopmerkings | 21 |
| 4 | UITKENNING VAN SWAKHORENDES | 21 |
| 4.1 | Historiese aanloop | 21 |
| 4.2 | Die noodsaaklikheid van vroeë uitkenning | 23 |
| 4.3 | Die noodsaaklikheid van 'n nasionale uitken=ningstelsel | 24 |
| 4.4 | Uitkenningsmedia | 24 |
| 4.5 | Indiwiduele verkenning van uitgekende swakho=rendes met die oog op geskikte skoolplasing | 25 |
| 4.6 | Die noodsaaklikheid van oriëntering en oplei=ding van alle onderwysers met die oog op uit=kenning van en pedagogiese hulpverlening en steungewing aan swakhorendes | 26 |

BLADSY


4.7 Die noodsaaklikheid van opleiding van para= mediese personeel vir pedagogiese steunge= wing aan swakhorendes 26

5 'N GESPESIALISEERDE EN GEORGANISEERDE TUIS= ONDERRIGPROGRAM VIR VOORSKOOLSE SWAKHORENDE KINDERS 27

5.1 Inleiding 27

5.2 Die noodsaaklikheid van hulpverlening aan ouers ten aansien van die tuisonderrig van hul voorskoolse swakhorende kind(ers) 28

5.3 Die noodsaaklikheid van die insluiting van gehoorskoling by 'n tuisonderrigprogram vir swakhorende kinders 30

5.4 Die noodsaaklikheid van die toereikende aan= spreking van veral die voorskoolse swakhorende kind vir die verowering van gesproke taal en die voorkoming van verstomming (taalagteruit= gang) 31

5.5 Die noodsaaklikheid van asembeheeroefeninge as faset van 'n verantwoorde tuisonderrigprogram vir swakhorende kinders 32

5.6 'n beknopte oorsig oor die praktyk van tuison= derrigprogramme in die buiteland 32

5.7 Slotopmerking 34

6 'N OORSIG VAN PRE-PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAKHO= RENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MET SPESIALE VERWYSING NA DIFFERENSIASIE 34

6.1 Die noodsaaklikheid en aard van, asook die doel met pre-primêre onderwys 34

6.2 Die kurrikulum asook metodes en tegnieke van onderrig soos van toepassing op pre-primêre onderwys aan swakhorende kleuters 38

6.3 Die huidige praktyk ten aansien van gedifferen= sieerde pre-primêre onderwys aan skole in die Republiek van Suid-Afrika wat swakhorendes huisves 39

BLADSY

6.4 Kriteria wat gebruik word met die oog op plasing van swakhorende leerlinge in skole vir hardhorende leerlinge of in provinsiale skole of klasse vir gedeeltelik horende leer= linge 42

7 PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MET SPESIALE VERWYSING NA DIFFERENSIASIE 42

7.1 Inleidende opmerking 42

7.2 Die doel met primêre onderwys 43

7.3 Kriteria waarvolgens en wyses waarop differen= siasie in die onderwys aan swakhorende leer= linge op primêre onderwysvlak in die Republiek van Suid-Afrika geïmplementeer word 43

7.4 Gedifferensieerde kurrikula en sillabusse 47

8 GEDIFFERENSIEERDE SEKONDÊRE ONDERWYS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA 48

8.1 Inleiding 48

8.2 Wyses van differensiasie en die onderrigpro= gramme aan die onderskeie skole vir gehoor= gestremde leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika 49

8.3 Eksaminering 58

8.4 Slotopmerking 59

9 DIE SKOOLVOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR SWAKHORENDE LEERLINGE 59

9.1 Die praktyk ten opsigte van sielkundige dienste aan skole vir gehoorgestremdes in die Republiek van Suid-Afrika 59

9.2 'n Skoolvoorligtingsdiens as geïntegreerde deel van 'n nasionale stelsel van onderwys vir swakhorende leerlinge 61

10 OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SWAKHORENDE LEER= LINGE 68

BLADSY

10.1 Inleiding 68

10.2 Opleidingsfasiliteite in die Republiek van Suid-Afrika vir onderwysers van swakhorende leerlinge 69

10.3 Indiensopleiding van onderwysers vir swakho= rende leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika 75

10.4 Knelpunte in die ontwerp en implementering van 'n bevredigende stelsel vir die opleiding van onderwysers vir swakhorende leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika 76

10.5 Die opleiding van onderwysers vir gehoorge= stremde leerlinge in enkele oorsese lande 78

10.6 Slotopmerking 79

11 MOTIVERING EN AANBEVELINGS 79

11.1 Motivering en aanbevelings ten aansien van die beheer en organisasie van onderwysgeriewe vir swakhorende leerlinge 79

11.2 Motivering en aanbevelings met betrekking tot die uitkenning van swakhorendes 82

11.3 Motivering en aanbevelings met betrekking tot gespesialiseerde skoolgereedmaking van voor= skoolse swakhorende kinders 83

11.4 Motivering en aanbevelings met betrekking tot pre-primêre onderwys vir swakhorende leerlinge 86

11.5 Motivering en aanbevelings ten aansien van pri= mêre onderwys aan swakhorende leerlinge 88

11.6 Motivering en aanbevelings met betrekking tot 'n doeltreffende stelsel van gedifferensieerde sekondêre onderwys aan swakhorende leerlinge 91

11.7 Motivering en aanbevelings met betrekking tot 'n meer doeltreffende koshuisorganisasie 93

11.8 Motivering en aanbevelings ten aansien van die implementering van 'n skoolvoorligtingsdiens as geïntegreerde onderdeel van die totale onderwys= voorsiening aan swakhorende leerlinge 96

BLADSY


11.9 Motivering en aanbevelings met betrekking tot die opleiding van skoolvoorligters 98

11.10 Motivering en aanbevelings insake doeltref= fende onderwysersopleiding vir die onderwys aan swakhorende leerlinge 100

11.11 Motivering en aanbeveling met betrekking tot die opleiding van paramediese personeel van skole/klasse vir swakhorende leerlinge 102

11.12 Motivering en aanbevelings met betrekking tot die instelling van die pos van maatskaplike werker/ster aan skole vir swakhorendes 103

11.13 Motivering en aanbevelings met betrekking tot die instelling van die pos van onderwyserteg= nikus aan skole vir swakhorendes 106

12 SLOTOPMERKING 107

Literatuurlys 108

# 'N NASIONALE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE

## 1 PROBLEEMSTELLING EN BEGRIPSVERHELDERING

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

'n Uiters aktuele slotsom waartoe tydens hierdie ondersoek gekom is, is dat swakhorendheid meer behels as bloot net 'n liggaam=like tekort in die gehoorsintuig. Inteendeel, swakhorendheid het verreikende implikasies vir die totale wording van die kind en met hierdie implikasies moet deeglik mee rekening gehou word in enige vorm van bemoeienis met swakhorende leerlinge. Hierdie bevinding is die uitvloeisel van 'n ondersoek na die verskynsel dat swakhorendheid, as 'n gehoorgebrek, visueel onopsigtelik is en dat die kinders (leerlinge) wat onder die gestremdheid gebuk gaan, dikwels eers uitgeken word wanneer sekere simptome van swakhorendheid soos onder andere onttrekking aan die gesprek, spel en ander omgangsituasies, ondersoek word om uit te vind waarom 'n besondere leerling beskroomd en egosentries is en blyke gee van belewing van verontregting. Oningeligte persone wat die implikasies van swakhorendheid op die totale persoonwees nie ken nie, diagnostiseer bogenoemde simptome dikwels verkeer=delik as blyke van emosionele labiliteit en/of hardkoppigheid. Selfs verstandelike vertraagdheid word dikwels sonder meer as oorsaak genoem vir leerlinge se spraak-, lees-, spelling- en rekenprobleme sonder dat ondersoek ingestel word na die leerling se vermoë om verduidelikings en opdragte tydens lesaanbiedinge duidelik te kan hoor.

Indien in ag geneem word dat swakhorendheid (waarvan slegs sekere simptome opvallend is) nie so maklik as ander gestremdhede uit=geken kan word nie, kan verwag word dat daar in die RSA talle leerlinge met 'n onuitgekende gehoortekort in die gewone skool is. Van Liefland het byvoorbeeld in 1959 bevind dat omtrent 4,3 persent van alle kinders in Holland in 'n meerdere of mindere mate swakhorend was, maar dat 50 persent van hierdie kinders se ouers of hul onderwysers nie van dié gehoortekort bewus was nie. In oorsese lande waar hierdie toedrag van sake besef word, neem die onderwysvoorsiening vir swakhorende leerlinge steeds toe, veral ook omdat besef word dat spesiale onderwys, anders as dié vir dowes, vir swakhorende leerlinge nodig is.

In die RSA het bogenoemde besef ook lankal reeds deurgedring tot diegene wat bemoeienis maak met gehoorgestremde leerlinge, maar bestaan daar nog vooroordele teenoor spesiale skole, met die gevolg dat swakhorende leerlinge nog steeds probeer om die

mas in gewone skole op te kom eerder as om toelating tot spe=siale skole te soek. Swakhorende leerlinge in spesiale skole is tans meestal leerlinge wat voor die beskikbaarheid van moderne elektroniese apparaat vir gehoortoetsing en klankver=sterking, as doof geklassifiseer was.

Benewens voorgenoemde probleme ten aansien van uitkenning en plasing van swakhorende leerlinge, is dit nodig om, in die lig van die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys wat vir goedhorende leerlinge daargestel is, te besin oor die moontlik=heid en noodsaaklikheid van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel vir swakhorende leerlinge. Net soos goedhorende kinders, is swakhorende kinders gelykwaardig voor God geskape maar uniek ten aansien van persoonsmoontlikhede wat verwerklik moet word. Aan die erkenning van hierdie essensies van persoonwees kan onderwysvoorsiening tot op die huidige nie ten volle reg laat geskied nie en is swakhorendes slegs in dié enkele beroepe opge=lei waarin gehoorgestremdes reeds suksesvol in diens geneem is. Beplanning ten aansien van gedifferensieerde onderwys moet daarmee rekening hou dat swakhorende leerlinge in staat is tot arbeidsbeoefening in alle beroepe waarin hul spesifieke gehoor=tekort nie vir hul 'n onoorbrugbare belemmering is nie.

## 1.2 BEGRIPSVERHELDERING

### 1.2.1 Swakhorendheid

Die benaming wat aan gehoorgestremde leerlinge gegee word, het in oorsese lande reeds verskeie veranderinge ondergaan veral vanweë die besef enersyds dat 'n benaming wetenskaplik verant=woord moet wees in dié sin dat dit 'n verskynsel korrek moet benoem en andersyds dat 'n benaming eties verantwoordbaar moet wees in dié sin dat dit geen stigma sal dra wat die menswaardig=heid van 'n persoon mag aantas nie. So is die benaming "hard of hearing" met die verdere onderskeid tussen "slightly hard of hearing" en "severely hard of hearing" in Engeland tydelik vervang met "partially deaf" en word sulke leerlinge tans as "partially hearing" geklassifiseer. In Nederland word alle gehoorgestremde leerlinge wat nie as doof geklassifiseer kan word nie, "slechthorenden" genoem.

In die RSA bestaan daar die benaminge "gedeeltelik horende" leerlinge en "hardhorende" leerlinge, as amptelike benaminge terwyl die benaminge "sleghorendes" en "swakhorendes" ook in literatuur aangetref word. Indien hierdie benaminge nou geë=valueer word aan die eise van wetenskaplikheid en etiese verant=woordbaarheid, is dit duidelik dat die term "gedeeltelik horendes" wat gebruik word om gehoorgestremde leerlinge wat onder provin=

siale onderwysdepartemente ressorteer te onderskei van "hard=horendes" wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, problematies is, aangesien "hardhorende" leerlinge immers ook spraak en klank gedeeltelik hoor. Die term "hard=horendes" beantwoord ook nie aan die eise van wetenskaplikheid nie omdat hierdie leerlinge soms juis nie harde klanke hoor nie, maar wel sagte geluide met lae frekwensie. Die term "sleg=horende" het 'n negatiewe konnotasie wat die benaming onaanvaar=baar maak. Die benaming "swakhorend" is die benaming wat die mees positiewe en korrekte beskrywing gee van die verskynsel van "nie doof wees nie, maar ook nie alles kan hoor nie". Die term swakhorend sluit dus gedeeltelik horende en hardhorende kinders in.

### 1.2.2 Soorte swakhorendheid

Swakhorendheid kan ingedeel word volgens sowel die omvang daar=van as die leeftyd waarop die gehoortekort ingetree het. 'n Ondersoek na die omvang van gehoorverlies wat by swakhorendes aangetref word, bring aan die lig dat swakhorendheid enersyds grens aan absolute goedhorendheid en andersyds aan totale doofheid en dat afhangende van die klankfrekwensies ten aan=sien waarvan daar 'n gehoortekort bestaan, daar tussen hierdie twee grense 'n groot verskeidenheid/variasie van gehoorgestremd=heidsvorme aangetref word. Die frekwensie van gewone spraak wissel van 300 siklusse per sekonde by die growwer spraakklanke (lae frekwensie) tot 3000 siklusse per sekonde by die fyner spraakklanke (hoë frekwensie), hoewel die menslike oor in staat is om klankfrekwensies van tussen 20 en 20 000 siklusse per sekonde te hoor. Dit is dus slegs ten aansien van dié fre=kwensieveld waarop gehoorverlies voorkom, dat die betrokke klanke nie gehoor kan word nie.

Benewens die frekwensieveld waarop gehoorverlies voorkom, is die luidheid van klank ook bepalend vir die mate waarin 'n swakhorende persoon klanke kan hoor. Luidheid of intensiteit van klank word gemeet in desibels. Die verskynsel dat 'n swakhorende persoon 'n gewone gesprek nie kan volg nie, maar dieselfde gesprek wel kan volg as die luidheid van die gesprek verhoog word, illustreer die noodsaaklikheid daarvan om hierdie faset van swakhorendheid ten volle te benut deur oordeelkundige klankversterking met behulp van moderne tegnologiese apparaat.

Om gehoorgestremdheid egter te beskou as bloot 'n sintuiglike tekort wat met klankversterking reggestel kan word, is 'n onder=skatting van die verreikende implikasies wat 'n gehoortekort op die totale persoonwees van 'n swakhorende kan hê. Veeleer gaan dit om 'n mens by wie die sintuiglike tekort 'n fundamentele

verandering in sy totale wêreldverhoudinge meebring. Hierdie verandering in sy wêreldverhoudinge word medebepaal deur die kwaliteit van sy gehoorverlies en die leeftyd waarop die gehoor=verlies ingetree het.

Volgens leeftyd waarop 'n gehoorverlies ingetree het, kan onder=skei word tussen kongenitale of aangebore swakhorendheid en verworwe swakhorendheid wat ingetree het tydens 'n siekte of ongeluk in enige stadium van 'n persoon se lewe. As gevolg van vooruitgang in die mediese wetenskap waardeur eksogene faktore soos infeksiesiektes wat gehoortekorte veroorsaak, geredelik onder beheer gebring is, kom kongenitale gehoortekorte tans minder voor as in die vorige eeu. Ten aansien van verworwe swakhorendheid is die leeftyd waarop die gehoortekort intree, uiters belangrik vir die taal en spraak van die betrokke per=soon. In literatuur word selde 'n definisie aangetref waarin slegs gehoorverlies in desibels as kriterium vir die indeling van gehoortekorte aangewend word. Daar is egter talle defini=sies waarin die vermoë om deur middel van taal wêreldverhoudinge te stig, as kriterium vir klassifisering gebruik word. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek kan volstaan word met 'n om=skrywing van 'n swakhorende leerling as 'n gehoorgestremde leer=ling van wie die spraak- en taalniveau hoewel nie optimaal ver=werklik nie, tog die normale klankinterpretasie via die gehoor vertoon sodat, ten spyte daarvan dat spesiale metodes en fasili=teite vir sy onderrig vereis word, die onderwys nie soos by die dowe hoofsaaklik tot sy visuele vermoë hoef te appelleer nie, maar op maksimale benutting van sy beskikbare gehoorreste toege=spits moet word met aanvullende aandag aan die visuele.

Uit deurskouing van die implikasies wat 'n gehoortekort vir 'n swakhorende leerling inhou, word dit duidelik dat benewens die kwaliteit van gehoor en die funksionering daarvan, ook die belewing van 'n gehoortekort geweldig baie van kind tot kind verskil. 'n Intense belewing van 'n gehoortekort kan meer skade doen aan die volwassewordingsgang van 'n kind as die gehoortekort self, gevolglik moet deeglik daarmee rekening gehou word in die omgang met en opvoeding en onderwys van swakhorende leerlinge. Voorafgenoemde impliseer dat die onderwyser van swakhorende kinders die andersheid van elke kind werklik moet begryp en in staat moet wees tot hulpverlening ooreenkomstig die besondere noodgesitueerdheid van elk van hierdie kinders. Hier is dus meer bepaald sprake van 'n ortopedagogiese en ortodidak=tiese opgaaf waarby die swakhorende in sy besondere andersheid as persoon, raakgesien moet word.

### 1.2.3 Opvoeding van die swakhorende as ortopedagogiese en ortodidaktiese opgaaf

Aangesien 'n gehoortekort selde ophefbaar is, moet die swak= horende gehelp word om met sy gehoorverlies saam te leef en tot optimale selfverwerkliking van sy beskikbare en unieke moontlik= hede te kom. Die opvoeding en onderwys van swakhorende leer= linge is inderdaad 'n ortopedagogiese opgaaf aan die volwassene, om deur buitengewone hulpverlening die kind op te voed om ten spyte van sy begrensdheid (vir sover dit moontlik is) volwaardige volwassenheid te verwerf. Die ortopedagoog rig hom in die problematiese opvoedingsituasie op die pedagogiese nood van die kind en op die versteurde kinderlike belewinge en gedraginge van die kind. Ortopedagogiese bemoeienis met die swakhorende behels ortopedagogiese diagnostisering met die oog daarop om elke swakhorende kind in sy unieke andersheid te leer ken alvorens hy deur ortopedagogiese hulpverlening (pedoterapie) gesteun kan word tot herbelewing (ook herbetekening) van die sinvolheid van sy totale gesitueerdheid en ook gelei word tot 'n besef dat hy nieteenstaande sy gehoortekort, tog oor talle ander moontlikhede beskik wat verwerklik kan en moet word. Swakhorendheid is wel 'n remming, maar maak nog geensins van die swakhorende 'n invalide nie.

Omdat 'n gehoortekort 'n remming ten aansien van taalverowering en spraakontwikkeling is, verg onderwys aan die swakhorende 'n buitengewone metodologiese aanpakwyse waarin rekening gehou word met die kind se besondere kommunikasieprobleme. Dit is dus duidelik dat die onderrigsituasie waarby die swakhorende kind betrokke is, inderdaad sowel 'n ortopedagogiese as 'n orto= didaktiese situasie is en dat die didaktikus wat hom met die swakhorende bemoei (benewens ortopedagoog te wees) in der waar= heid 'n ortodidaktikus moet wees wat hom ten doel stel om weë te soek en moontlikhede daar te stel waarvolgens die swakhorende kind van vroeg af reeds in die leersituasie tot maksimale self= verwerkliking kan kom.

### 1.2.4 Hulpverlening tot verantwoordbare en verantwoordelike beroepskeuse

Pedagogiese steungewing aan die volwassewordende swakhorende beoog as uitkoms die bereiking van 'n volwassenheidsniveau binne die grense van sy totale gegewe moontlikhede. Volwassenheid impliseer ook beroepsvolwassenheid en dus moet óók die swak= horende tot verantwoordbare en verantwoordelike beroepskeuse gesteun word. Om tot beroepsvolwassenheid te kom, moet die swakhorende sy beroepsmoontlikhede as begrensde moontlikhede begryp en aanvaar. Die swakhorende is enersyds deur sy

gehoortekort begrens in die ontplooiing van sy eie persoons=moontlikhede en andersyds is hy begrens weens die beperkinge wat sy gehoortekort op sy arbeidsmoontlikhede lê. Verant=woordbare beroepskeuse deur die swakhorende veronderstel die keuse van 'n beroep uit 'n begrensde beroepswêreld wat binne sy begrensde persoonsmoontlikhede val en waartoe hy in staat is deur optimale selfverwerkliking. Om tot sodanige keuse in staat te wees, moet die swakhorende gesteun word enersyds tot selfbegryping van sy eie moontlikhede en andersyds tot begryping van die eise wat die relevante beroepswêreld aan hom sal stel. Die jeugdige moet dus sy bevraagdheid vanuit die beroepswêreld interpreteer in terme van dit wat hy as persoon in totaliteit is. Voorafgenoemde veronderstel 'n integrasie van selfkennis en beroepskennis. Deur sodanige integrasie van selfkennis en beroepskennis is die jeugdige in staat tot verant=woordbare keuse van 'n beroep waarin hy sy persoonsmoontlikhede maksimaal kan verwerklik.

Gesien vanuit 'n Christelike lewensopvatting, naamlik dat die mens verantwoording aan God verskuldig is met betrekking tot die implementering van sy persoonsmoontlikhede, is die mens steeds geroepe tot maksimale dienslewering wat slegs moontlik is as 'n beroepskeuse verantwoordelik is. Omdat die sin van arbeid veral geleë is in waardeverwerkliking in arbeid, is self=verwerkliking deur sinvolle arbeidsvervulling 'n verantwoorde=like antwoord op die geroepenheid tot beroepsvolwassenheid waarop ook die swakhorende moet antwoord. Die swakhorende moet dus in die pedagogiese bemoeienis met hom, gesteun word tot 'n innerlike stellingname geken deur 'n bereidwilligheid enersyds om sy totale unieke persoonsmoontlikhede te verwerklik en andersyds om nie=teenstaande sy liggaamstekort sy arbeidsopvatting konstant te gehoorsaam. Dit dui op die doelstelling van alle pedagogiese arbeid, naamlik die heenleiding van die nie-volwassene na sede=like (beroeps) selfstandigheid.

## 1.3 SLOTOPMERKINGS

Aan die hand van genoemde probleemstelling en in die lig van die meerdere helderheid ten aansien van enkele begrippe wat verband hou met swakhorendheid, is dit vervolgens nodig om die problematiek van swakhorendheid in meer besonderhede te deur=grond as basis vir evaluering van die bestaande onderwysvoor=siening aan swakhorende leerlinge en moontlike aanbevelings wat na vore mag tree.

## 2 DIE PROBLEMATIESE GESITUEERDHEID VAN DIE SWAKHORENDE

### 2.1 DIE SWAKHORENDE SE BESONDERE WYSE VAN WÊRELDBEWONING

Bemoeienis met die swakhorende is slegs pedagogies verantwoord= baar indien dit berus op 'n absolute begryping van swakhorend= heid as 'n integrerende kenmerk van die swakhorende se totale lyflikheid waaronder meer verstaan word as bloot die fisiese liggaam met, in die onderhawige geval, 'n gehoortekort. Lyf= likheid dui op die onverdeelbare eenheid van liggaamlikheid, psigiese lewe en geestelikheid. Afgesien van die uniekheid van elke mens, word die swakhorende verder daaraan geken dat sy uniekheid op 'n besondere wyse deur sy gehoortekort geïntensi= veer word. Nogtans spreek hierdie andersheid die swakhorende geensins vry ten opsigte van sy aangesprokenheid tot eventuele beroepskeuse en dienslewering deur beroepsbeoefening nie. Self= verwerkliking by die swakhorende moet dus voltrek word met inag= neming van die beperkinge wat deur die besondere aard en omvang van sy gehoortekort op hom gelê word.

Die feit dat swakhorendheid nie dieselfde implikasies vir alle swakhorendes se wyse van wêreldbetrokkenheid het nie, berus daarop dat elke swakhorende persoon sy gehoortekort anders belewe. Die swakhorende kind beteken (gee sin aan) sy gesi= tueerdheid op 'n besondere wyse. Hierdie betekenisgewing verg inisiatief van die swakhorende in 'n wêreld waarin hy op so 'n wyse moet lewe dat hy vir sy medemens aanvaarbaar is. Om die unieke bestaanswyse van die swakhorende te kan begryp, moet sowel sy besondere sintuiglikheid as sy probleme ten aansien van kommunikasie met en eksplorasie van sy leefwêreld deeglik ondersoek en begryp word.

#### 2.1.1 <u>Die besondere sintuiglikheid van die swakhorende</u>

Die mens as lyflikheid is 'n onverbreekbare geïntegreerde een= heid of totaliteit (121, p. 20). So kan die sintuie van die mens onderskei word, maar is in hul werking nooit ten volle van mekaar geïsoleer nie. Trouens, die goeie funksionering van die mens se sintuie gee by herhaling blyke van hul inter= afhanklikheid en is ten nouste verweef met die persoon se wyse van betekenisgewing in sy totale wêreldbetrokkenheid. Goed= werkende sintuie, soos die tassintuig, kompenseer in 'n mate by die blinde vir sy swakwerkende of nie-werkende oë. By die gehoorgestremde word die swakwerkende of nie-werkende gehoor= sintuig se funksionering aangevul deur fyner ontwikkeling in die funksionering en gebruik van die goedwerkende gesigsintuig. Die gesigsintuig van die swakhorende kind vervul dus in 'n mate ook die funksie van sy gehoor deurdat hy moet "sien wat hy nie

kan hoor nie". In dié opsig is die swakhorende dus in 'n groter mate op sy oë aangewys om tot begryping van die werk=likheid te kom as die goedhorende.

Die swakhorende moet geleer word om die taal en spraak van die gemeenskap wat hy nie kan hoor nie, met sy gesigsintuig te begryp, onderskei en aan te leer. Sy onvermoë om sienend volkome te begryp wat ander sê, veral omdat so 'n groot aantal klanke wat in die spreektaal gebruik word, nie visueel sigbaar is nie, perk sy verowering van taal in en gevolglik ook die ontplooiing van sy kommunikasiemoontlikhede, want taal is by uitstek kommunikasiemiddel. Omdat die swakhorende sekere klanke nie kan hoor nie, bestaan daar gapings in sy gehoorkon=tak met die omringende wêreld wat deur inskerping van sy gesig=sintuig uitgewis moet word. Ongelukkig is alle sprekers nie altyd daarop bedag om die swakhorende sodanig toe te spreek dat laasgenoemde sy lippe kan sien nie.

Die probleem van diskontinue gehoorkontak word beklemtoon as in ag geneem word dat daar verskeie vorme van swakhorendheid voorkom wat elkeen van besondere betekenis in die swakhorende se kommunikasie met die lewenswerklikheid is.

## 2.1.2 Kommunikasie as 'n besondere opgawe vir die swakhorende

Elke mens is betrokke met sy wêreld deur kommunikasiehandelinge waarin hy as kommunikeerder bereid is om met die medemens in sy wêreld te kommunikeer en sy medemens bereidwillig is om met hom te kommunikeer. Swakhorendheid weerhou nie die gehoorgestremde van kommunikasie nie. Inteendeel, hy kommunikeer wel, maar op 'n eie besondere wyse. Dit is juis in kommunikasie met sy wêreld dat die swakhorende enersyds en die wêreld andersyds bewus word van die bestaan van sy gehoortekort. Die aard en omvang van die stremming wat die swakhorende vanweë sy gehoor=tekort beleef, kan slegs begryp en geken word uit die wyse waarop hy met die omringende werklikheid kommunikeer.

Hierdie kommunikasieproblematiek van die swakhorende het diep=gaande implikasies vir die onderwyser wat verantwoorde bemoeie=nis met 'n swakhorende wil maak aangesien dit wat wesensvreemd is aan die swakhorende, nie sonder toegewyde en geïntensiveerde steungewing deur 'n volwassene deel van die swakhorende se leefwêreld sal word nie. Daarom moet die swakhorende in die pedagogiese situasie op besondere wyse gesteun word tot uit=breiding van sy ervaringsveld en begryping van sy leefwêreld by wyse van eksplorasie.

### 2.1.3 Die swakhorende se unieke problematiek ten aansien van eksplorasie van wêreld

Die lewe word geken slegs deur daaraan deel te neem veral by wyse van eksplorasie. Deur eksplorasie doen die kind lewens- en arbeidservaring op en deur sodanige ervaring kom hy tot betekenisgewing aan sy wêreld. Langeveld stel die biologiese moment as van wesenlike belang in die volwassewording van elke kind. Indien 'n biologiese tekort soos swakhorendheid deur 'n kind as 'n tekort beleef word, sal dit die geheel van sy persoonwees sodanig raak dat hy in 'n andersoortige verhouding tot sy wêreld te staan kom en sal sy gang na volwaardige volwassenheid daardeur bemoeilik word. 'n Biologiese tekort soos swakhorendheid lei dikwels tot òf verwerping as gevolg van onvermoë tot aanvaarding òf oorbeskerming van so 'n kind deur die opvoeder (by uitstek die ouer) met gevolglike belewing van hulpeloosheid en onveiligheid deur die kind. Sodanige belewing werk 'n ongeneentheid tot eksplorasie en verkenning van wêreld by die kind in die hand, want om te eksploreer vereis moed, selfvertroue en 'n bereidwilligheid om sigself met die toekoms te waag (Langeveld). Selfstandige eksplorasie deur die kind lê die grondslag aan sy selfstandigwording. Bereidwilligheid tot eksplorasie hang ten nouste saam met die wyse waarop die selfstandige eksplorasiehandeling by die kind deur ouers en ander opvoeders aangemoedig word.

Die swakhorende kind moet dus doelbewus die geleentheid gebied word tot selfstandige eksplorasie in die mate wat hy wel daartoe in staat is. So 'n kind se eksplorasie van sy leefwêreld is kwantitatief ingeperk weens onvolledige gewaarwording van die gehoorwêreld en kwalitatief ingeperk omdat die taal- en spraakgestremdheid hom tot 'n meer aanskoulike wêreld bind en verhoed dat hy gemaklik op 'n abstrakte en begripmatige niveau tot sy wêreld uitgaan.

Inskerping van die mens se gerigtheid op sy wêreld berus op die belewing van die mens-wêreld-relasie as 'n stabiele affektiewe relasie. Omdat die swakhorende vanweë sy gehoortekort nie alles en almal om hom kan hoor en begryp nie, ontstaan daar dikwels 'n spanningsveld tussen hom en die goedhorende. Hierdie belewing van spanning het sy oorsprong daarin dat die mens sy wêreld eksploreer deur onder andere sy taal. Dit is juis ten aansien van taalverowering dat die swakhorende vanweë sy gehoortekort die grootste remming ondervind. 'n Geremdheid in taalverowering, die stigting van medemenslike verhoudinge en eksplorasie sal noodwendig ook remmend op die swakhorende se volwassewording wees.

## 2.2 ENKELE HOOFMOMENTE TEN AANSIEN VAN SWAKHORENDHEID AS REMMING IN DIE KIND SE VOLWASSEWORDING

### 2.2.1 Inleiding

Die verskeidenheid vorme waarin swakhorendheid tussen die grense doof en goedhorend verskyn, bemoeilik pedagogiese bemoeienis met die swakhorende kind. Hierbenewens is die aard en omvang van 'n gehoortekort geensins die enigste kriterium vir die begrensdheid van die swakhorende nie. Begrip van en insig in swakhorendheid as begrensingsprobleem is vir die meeste ouers en onderwysers 'n moeilike opgaaf. Vir die oningeligte publiek en baie ouers van swakhorende kinders is dit die spraakaspek van die begrensingsprobleem wat die meeste aandag verg en reggestel kan word deur die verskaffing van 'n gehoorapparaat en spraakterapie en word swakhorendheid as 'n begrensing van die totale volwassewordingsgebeure glad nie raakgesien nie.

In teenstelling met die dowe wat weens sy totale gehoorverlies meer opvallend is en dus gouer uitgeken word, beskik die swakhorende gewoonlik oor genoeg gehoorreste om hom in staat te stel om onopgemerk in die samelewing te vertoef. Boonop tree verworwe swakhorendheid gewoonlik so geleidelik in dat dit vir jare onopgemerk kan bly. Hoewel die gehoortekort onopgemerk mag bly, wreek die gehoortekort hom dikwels reeds vroeg ten aansien van die persoon se selfverwerkliking op skool en in die breëre samelewing wat dan dikwels verkeerdelik aan ander oorsake soos luiheid, moedswilligheid, onverskilligheid of "domheid" toegeskryf word.

### 2.2.2 Die implikasies van swakhorendheid vir die taalverowering van die swakhorende

Singewing en betekenisgewing deur die mens aan die omringende werklikheid word voltrek deur met dié werklikheid in kommunikasie te tree. Kommunikasie met die medemens geskied veral deur middel van taal as gesproke woord. Ten einde die dinge van die werklikheid te kan onderskei en begryp, ken die mens onderskeidende klanksimbole aan die dinge toe. Hierdie naamgewing is 'n met menswees gegewe verskynsel wat in die dialoog van die mens met die wêreld, in die vorm van taal gestalte kry. In die totaliteit van menswees speel die moontlikheid van klankbelewing by wyse van die gehoorsintuig 'n pertinente rol.

Die kind beskik wel oor die moontlikheid om sy spraakorgane te gebruik, maar moet mense hoor praat ten einde self te leer praat. Geen taal kan tot stand kom as die kind nie eers tot die ontdekking van sy eie taalmoontlikhede kom nie. Die ingrypende

ontdekking dat taal simboolwaarde het, vind ongeveer op die ouderdom van agtien maande plaas en word opgevolg deur 'n hunkering tot naamgewing by die kind waarna hy dan al ontdekkend en naamgewend voortgaan om taal te leer.

Die swakhorende wat vanweë sy gehoortekort nie alle taaluitinge kan hoor nie, se taalontdekking sal dus noodwendig gebrekkig daar uitsien en sonder die nodige gespesialiseerde steun en leiding nooit verbeter nie. Sodanige gebrekkige taalontdekking sal waarneembaar wees in die swakhorende kind se kommunikasie, voltrekking van die leergebeure asook sy denke.

In werklikheid impliseer menswees om in kommunikasie, dialoog en werklike ontmoeting met die mens se omringende werklikheid, met ander woorde met God, medemens en wêreld, te wees. Die wesenlike van kindwees is juis sy bereidwilligheid om homself oop te stel vir bemoeienis deur die volwasse medemens. Juis in sy by en met die dinge en die ander wees, maak die kind homself kenbaar. Geen mens is in sigself 'n afgeslote en geïsoleerde objek nie, maar hunker reeds vanaf geboorte na kommunikasie. Aanspreek deur taaluitinge en aanhoor deur die hoor van taal is egter moontlikheidsvoorwaardes vir kommunikasie.

Taal as kommunikasiemiddel is betekenisvol in die wordingsgang van die mens. Die taalverowering van die swakhorende sal noodwendig begrens wees en hierdie begrensdheid sal sy totale persoonswording raak, want taal is benewens kommunikasiemedium ook intelligensie-, denk-, leer-, eksplorasie-, projeksie- en ekspressiemedium.

Die voorafgaande eksplikasie van taal impliseer dat die swakhorende met die oog op pedagogiese bemoeienis met hom, deur die onderwyser in sy totaliteit van menswees begryp moet word. Hierdie begryping sal gerig moet wees op elke swakhorende kind se eie gesitueerdheid omdat elkeen se swakhorendheid ten aansien van aard, omvang en belemmering uniek is en gekenmerk word deur 'n besondere begrensing van sy volwassewording.

Taal en denke vertoon so 'n hegte verwantskap dat die voltrekking van die denkgebeure nie deurskou kan word sonder dat taal ter sprake kom nie. Hoewel geen taal tot stand kan kom sonder voltrekking van die denkgebeure nie, is dit ewe waar dat die denkgebeure verloop in terme van taalimplementering. Indien kennis wat by wyse van die denke opgedoen is, nie in taal vasgelê of verwoord kan word nie, stagneer die denke. In hierdie parallelisme tussen taal en denke staan taalverowering regstreeks in diens van die denkverloop. Om te leer dink, is dus om die

woord te leer toeëien en gebruik.

Besondere bemoeienis om taal as simboolsisteem by die swakhorende
by te bring, is net so noodsaaklik as ten aansien van die dowe.
Woorde kry eers betekenis sodra dit as simbool ontdek word. 'n
Gehoortekort gee aanleiding tot swak taalbeheersing. Die swak=
horende beleef nie net 'n agterstand wat betref sy taalgebruik
nie, maar word vanweë sy taalgebrek in sy totale persoonswording
gestrem omdat hy moeilik tot 'n verowering van die kultuurwêreld
van onder andere idees, abstrakte denke, godsdiens, wetenskap
en kuns kan kom. Laasgenoemde is betekenisvolle beperkinge
waarmee daar tydens pedagogiese bemoeienis met die swakhorende
deeglik rekening gehou moet word.

Die mens se gerigtheid op die wêreld word gedra deur sy affek
of gevoelslewe. In alles wat die mens doen, bevind hy hom in
'n bepaalde gevoelstemming. Die affektiewe belewinge van die
mens word die duidelikste sigbaar deur sy taal, hetsy in klank
of simbool. Taal en affek vertoon 'n noue verwantskap in so
'n mate dat 'n persoon se kognitiewe moontlikhede gerig word
deur die kwaliteit van sy affektiwiteit (Sonnekus). Verwerk=
liking van die kognitiewe moontlikhede geskied dan ook en veral
deur implementering van taal as draer van die affek.

Die moontlikheid is dus sterk dat die swakhorende weens sy
gebrekkige taalverowering en taalbeheersing, ook wat betref sy
affektiewe wording 'n geremde ontplooiing sal hê. 'n Geremde
ontplooiing met betrekking tot die affektiewe wording sal op sy
beurt weer remming in taal meebring wat weer tot ontoereikende
verwerkliking van sy persoonsmoontlikhede kan lei. Hierdie
wisselwerking tussen taal en affek beklemtoon die noodsaaklik=
heid daarvan dat swakhorende kinders so vroeg as moontlik uit=
geken moet word met die oog op tydige hulpverlening ten aansien
van hul taalverowering en affektiewe wording.

Uit voorafgaande uiteensetting van die implikasie van 'n gehoor=
tekort op enkele fasette van 'n swakhorende se totaliteitsont=
plooiing is dit te verwag dat die swakhorende hom as begrensde
sal openbaar. Voorts sal die implikasies van sy gestremdheid
as struikelblok waarneembaar word in die dialogiese ontmoeting
tussen die swakhorende en die volwassene in die leersituasie
wat by uitstek deur kommunikasie gedra word.

Aangesien taal by uitstek dié middel is waardeur die mens sy
intensionele gerigtheid op die wêreld verwerklik, vertoon die
swakhorende vanweë sy taaltekort dikwels versteurde medemenslike
verhoudinge. Swakhorendes is merendeels onseker en innerlik
gespanne en beleef 'n hoë mate van angs omdat hulle hul wêreld

as bevooroordeeld, onveilig en bedreigend belewe. Gevolglik is swakhorendes dikwels selfgeöriënteerd en jaloers met gevolglike vereensaming in hul stryd om in die goedhorende gemeenskap aanvaar te word.

Vanweë hul taalprobleem vertoon swakhorendes 'n sterk konkreetgebonde denkverloop en ten aansien van die leergebeure meestal 'n swak "verbale intelligensie". Hul intelligensievermoë mag egter veel hoër wees as dié wat aangedui word deur die formele syfer soos bepaal deur 'n intelligensietoets, maar weens hul taalagterstand en ontwrigte affektiwiteit kan hulle dit in die leergebeure nie optimaal verwerklik nie.

Voorgenoemde beeld van die swakhorende kan geensins veralgemeen word tot 'n persoonsbeeld van alle persone met 'n gehoortekort nie. Elke swakhorende moet steeds in sy eie indiwidualiteit begryp word.

### 2.2.3 Swakhorendheid as struikelblok in die verwerkliking van die kind se self-iemand-wil-wees

Die gehoorgestremde word geredelik beskou as 'n persoon met slegs 'n gebrekkige gehoor. Die grondstelling dat elke kind self iemand wil wees, geld wel deeglik ook vir die swakhorende wat self en op eie wyse wil meewerk aan sy wording. Elke opvoeder moet steeds weet watter steun die aan hom toevertroude kind in sy wordingsgang nodig het. Met die oog op bemoeienis met 'n swakhorende kind moet die opvoeder nie net die aard en omvang van die gehoorgestremdheid ken nie, maar ook kennis dra en tot begryping kom van swakhorendheid as struikelblok in die totale wording van elke swakhorende as unieke wese.

Van die swakhorende word verwag dat ook hy in sy volwassewording 'n wêreld sal leer ken en vir hom toeëien wat meer ingerig is volgens die leefwyse van goedhorendes. Swakhorendes moet gevolglik gesteun word om in hierdie wêreld van die goedhorende sy regmatige plek te kan inneem.

'n Liggaamlike tekort soos swakhorendheid is 'n problematiese opgawe vir die jeugdige veral tussen die ouderdom van tien tot veertien jaar (puerale periode) juis omdat hierdie leeftydsgroep gewoonlik groot waarde daaraan heg om gesond en liggaamlik sterk te wees. Die puerale jeugdige wat weens swakhorendheid nie kan meedoen aan spele waarin goeie gehoor essensieel is nie, sal moontlik beleef dat sy goedhorende makkers hom tydens sulke spele doelbewus uitskakel. Gesien in die lig van voorgaande, is dit dan ook geen ongewone verskynsel dat gevoelens van ontoereikendheid dikwels by swakhorendes tydens hierdie puerale

leeftyd ontstaan nie, veral wanneer hulle nie gesteun is om hul gestremdheid te verwerk en te aanvaar nie. Die problematiese gesitueerdheid van die swakhorende kan vanweë sy unieke anders= heid geensins opgehef word alvorens hy gehelp is tot aanvaarding van sy eie andersheid nie.

### 2.2.4 Belewing van swakhorendheid as struikelblok in die stigting van goeie intermenslike verhoudinge

Die implikasies wat sy gehoortekort vir die swakhorende inhou, word grootliks bepaal deur die besondere wyse waarop hy sy gehoortekort belewe. Een swakhorende se belewing van sy gehoortekort is dikwels veel anders as dié van 'n ander van wie die kwaliteit van gehoor beter, soortgelyk of swakker is. Daar kan in der waarheid nie verwys word na die affektiewe bele= weniswêreld van swakhorendes in die algemeen nie, maar eerder na die besondere wyse van belewing van elke swakhorende in sy eie unieke gesitueerdheid. Belewing word voltrek op sowel affektiewe as kognitiewe niveau, maar is ook tegelyk 'n nor= matiewe sinbelewing (Sonnekus). Ortopedagogiese bemoeienis met die swakhorende moet dus in die lig van voorafgaande veral gerig wees enersyds op steun tot 'n positiewe betekenisgewing aan sy gehoortekort met die oog op aanvaarding daarvan en ander= syds op inskerping van 'n bereidwilligheid tot verantwoordbare selfverwerkliking.

Indien die swakhorende jeugdige byvoorbeeld sy gehoortekort in terme van 'n eie onvolkomenheid of selfs as nie-sinvol beleef, kan hy in 'n krisissituasie van onsekerheid beland wanneer hy vra na die sinvolheid van sy eie bestaan. Veral as hy hierdie sinsbevraging van eie bestaan aan die hand van 'n vergelyking met sy goedhorende eweknie voltrek, kan sy stigting van posi= tiewe intermenslike verhoudinge in 'n groot mate gerem word. Dit is dus van die uiterste belang dat die swakhorende jeugdige so vroeg moontlik 'n eie positiewe standpunt verower teenoor sy swakhorendheid deur dit objektief te beskou en na waarde te skat.

Die belangrikheid van die voorafgaande betoog word besef as in aanmerking geneem word dat die swakhorende (in teenstelling met die kind met 'n aangebore (kongenitale) doofheid wat onbewus is van sy gehoortekort) van meet af aan bewus is van sy gehoor= tekort omdat hy in verskeie lewensituasies deur benutting van sy gehoorreste sy andersheid sterk belewe. Sommige swakhorendes stel die belemmering deur hul gehoortekort self baie hoër as wat die dowe self sy groter tekort stel.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die swakhorende wat sy tekort enigsins negatief beleef, geredelik probleme in die stigting van goeie intermenslike verhoudinge gaan ondervind. Elke mens leef in 'n wêreld wat hy met sy medemens moet deel en waarin hy geroepe is tot dienslewering. Daarom moet die mens lewe met inagneming van die sosiale eise van die samelewing waarin daar telkens 'n appèl op sy affektiewe en kognitiewe moontlikhede gemaak word. In die beroepswêreld stel elke beroep sekere eise waaraan die beroepsbeoefenaar moet beantwoord. Sommige beroepe stel hoë eise met betrekking tot medemenslike verhoudinge, waarin die gevoelswaardes van onder andere medelye, simpatie, vriendelikheid en takt 'n prominente rol speel, terwyl byvoorbeeld gespannenheid, geneigdheid tot woedeuitbarstings, aggressiwiteit en ontaktvolheid diskwalifiserend is vir die beoefening van veral beroepe soos verpleging, maatskaplike werk, onderwys en evangeliebediening.

Die implikasies van 'n labiele gevoelslewe vir die swakhorende se totale uitgaan tot die omringende wêreld is reeds vroeër genoem, naamlik self-georiënteerdheid, gevoelsarmoede, lewens= onsekerheid, angs, agterdog en aggressie. Sodanige gesindheid kan begryp word, aangesien die swakhorende hom dik= wels in situasies mag bevind waarin hy onder andere die aanspre= king deur ander nie ten volle hoor nie en hulle gevolglik ver= keerd begryp en beantwoord, in so 'n mate dat daar dikwels misverstand tussen die goedhorende en swakhorende ontstaan. Bewus van sy andersheid mag die swakhorende homself in vooraf= genoemde situasie dan as verontregte of nie-begrypte beleef en in homself gekeerd of opstandig en geïrriteerd raak met gevolg= like vertroebeling van sy omgang met die medemens. Sodanige onvermoë om alles te kan hoor, is begrypbaar, veral as in ge= dagte gehou word dat spraakklanke oor 'n wye frekwensieveld versprei lê met die konsonante in die hoë frekwensieveld en die vokale in die lae frekwensieveld. 'n Swakhorende met 'n hoë-frekwensie gehoorverlies kan dus net die vokale hoor en moet die konsonante aanvul deur spraaklees of deur te raai. Sonder insig in die klankstruktuur en die besef dat sy klankwaarneming steeds onvolledig is, mag die swakhorende vas oortuig wees dat hy korrek gehoor het wat gesê is. Sodanige situasies gee aan= leiding tot agterdog by die swakhorende dat die goedhorende bevooroordeeld teenoor hom is. Daarom is die swakhorende leerling erg gesteld op goedkeuring deur die volwassene van dit wat goedkeurenswaardig is. Hy probeer gedurig vasstel hoe die ander hom beoordeel. Hierdie beoordeling (of ook veroordeling) deur die ander, beïnvloed sy beoordeling van homself en lei dikwels tot selfveroordeling en nie-aanvaarding van sy tekort.

Selfs in sy verhoudinge met sy ouers beleef die swakhorende dikwels verkeerdelik dat hy nie deur hulle as kind aanvaar word nie. Ouers is dikwels geskok wanneer hulle verneem dat hul kind 'n gehoortekort het. Skuldgevoelens, spanning en angs by die ouers met betrekking tot die kind se skolastiese vordering word deur die kind geïnterpreteer as teleurstelling in hom as gehoorgestremde kind. Ouers van swakhorende kinders moet dus voortdurend daarop bedag wees om nie verwagtinge te koester wat buite die grense van sulke kinders se moontlikhede lê nie.

### 2.2.5 Belewing van swakhorendheid as struikelblok in die voltrekking van doeltreffende leergebeure

Kognitiewe leerwyses vertoon 'n noue samehang met die affektiewe belewinge van die leersituasie (Sonnekus). Die wyse van affektiewe belewing kan die kognitiewe belewing rugsteun of laat misluk. Die aanduidings is sterk dat die swakhorende binne die raamwerk van sy gehoorgestremdheid eerder tot 'n onderverwerkliking van sy leermoontlikhede sal kom juis omdat die kognitiewe leerwyses soos waarneem, dink en memoriseer almal nou vervleg is met selfverwerkliking in die leersituasie en die swakhorende weens sy taalgestremdheid moeilik tot verwerkliking van die leerwyses kan kom. Taalbeheersing is moontlikheidsvoorwaarde vir leer en 'n remming in taal sal nie alleen die swakhorende se gerigtheid tot leer belemmer nie, maar ook leer deur die oorwegend affektiewe leerwyses (gewaarword en attendeer) en die oorwegend gnostiese leerwyses (byvoorbeeld waarneem, voorstel, fantaseer, dink en memoriseer) bemoeilik. Toereikende verwerkliking van genoemde leerwyses bly vir die swakhorende steeds 'n geweldige opgaaf.

In die leersituasie is die swakhorende se ontdekking van die taalsimboolsisteem onvolledig. Die vaslegging van kennis en klanksimbole in taalvorm wat hom in staat moet stel om die taalvorm as steunpunt vir die leergebeure te kan gebruik, is dus vir die swakhorende 'n uiters moeilike opgaaf. Die swakhorende beleef sy leerwêreld anders as dié van die goedhorende omdat die swakhorende se affektiewe belewinge die diepte wat klank daaraan moet gee, ten dele ontbeer en is veral die ernstig gehoorgestremde dus byvoorbeeld meer konkreet gebonde in sy lewensbetrokkenheid. Die swakhorende se gebrekkige beheer oor taal as onder andere beskrywings- en kommunikasiemiddel en as draer van interpretasie, lei tot onderverwerkliking van die leergebeure. Hierdie onderverwerkliking van die leergebeure by die swakhorende dui, benewens die ortopedagogiese opgaaf, ook sterk op 'n ortodidaktiese opgaaf wat met die inruiming van 'n opvoedings- en onderrigprogram aan 'n skool vir swakhorendes nie oor die hoof gesien kan word nie.

## 2.3 SLOTOPMERKINGS

In die voorafgaande afdeling is swakhorendheid as besondere verskynsel toegelig en is daar verwys na die besondere andersheid van die swakhorende ten aansien van sy totale lyflikheid wat dikwels merkbaar is as 'n struikelblok in sy selfverwerkliking. Hierdie besondere andersheid is die uitkoms van 'n gehoortekort wat merendeels op sigself nie opgehef kan word nie, met die gevolg dat die swakhorende slegs deur nougesette en toegewyde ywer van 'n volwassene in terme van pedagogiese bemoeienis tot selfverwerkliking gesteun kan word.

In die lig van hierdie beeld van swakhorendheid wat boonop nog by elke swakhorende uniek anders vertoon, kan die huidige praktyk van onderwysvoorsiening aan swakhorende leerlinge vervolgens verken en geëvalueer word.

# 3 BEHEER OOR EN ORGANISASIE VAN ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE RSA

## 3.1 HISTORIESE AANLOOP

Omdat dowe kinders weens hul afgeslotenheid van die gehoorwêreld nooit taal hoor om dit te kan ontdek nie, het kinders met 'n aangebore doofheid vroeër ook stom gebly en was hulle dus uiters opvallend. In verskeie lande van die wêreld is die nood aan spesiale onderwysvoorsiening vir dowe kinders besef en is pogings aangewend om in hul opvoedings- en onderwysbehoeftes te voorsien. Die feit dat swakhorendheid nie so 'n visueel opvallende gestremdheid is nie, het daartoe gelei dat slegs die erg-swakhorende kinders onder die aandag van die betrokke skole vir dowes gekom het en is hulle dan ook in sulke skole opgeneem. Daarenteen het die oorgrote meerderheid swakhorendes in gewone skole 'n stryd gevoer om daar die mas op te kom.

Gehoortoetsresultate soos verkry deur moderne oudiologiese apparaat, het aangetoon dat die meeste kinders wat vroeër as doof geklassifiseer is, tog oor gehoorreste beskik wat met behulp van selektiewe klankversterking tot hul voordeel benut kan en behoort te word en is tot die slotsom gekom dat hierdie kinders in der waarheid swakhorend is. Hiermee saam het die besef tot belanghebbendes deurgedring dat swakhorende leerlinge nie soos die dowes onderrig op visuele wyse moet ontvang nie, maar wel op akoestiese wyse en dat hulle geleer moet word om hul gehoorreste maksimaal te implementeer.

Omdat die skole vir dowes in die RSA van die mondelinge onder=rigmetode ten aansien van dowe leerlinge gebruik maak, is swak=horende leerlinge by die dowes ingeskakel en namate hul getalle dit geregverdig het, is die swakhorende leerlinge in aparte klasse gegroepeer. So het veral aan een skool 'n aparte afde=ling vir swakhorendes op primêre skoolvlak ontstaan wat in 1974 oorgeplaas is na 'n afsonderlike skool vir swakhorendes. (Die ander skole vir dowes beywer hulle ook vir soortgelyke oorplasing van hul swakhorende leerlinge na afsonderlike skole.) Die nood=saaklikheid van sulke aparte skole vir swakhorende leerlinge word duidelik bevestig deur die feit dat die toename in leer=lingtal aan hierdie skool vir swakhorendes van 38 in April 1973 tot 96 in Julie 1974 hoofsaaklik daaraan toegeskryf moet word dat die meeste van die nuwe leerlinge wat tot die skool toege=laat is, uit gewone skole afkomstig was. Hierdie leerlinge het in gewone skole gebly omdat daar geen afsonderlike skool vir hulle was nie en hulle nie geneë was om na die afdeling vir swakhorendes aan 'n skool vir dowes te gaan nie.

In die RSA bestaan die praktyk tans dat twee provinsiale onder=wysdepartemente voorsiening maak vir onderwysgeriewe vir sommige swakhorende leerlinge in voltydse klasse aan gewone, provinsiale primêre skole.

Alhoewel die Wet op Buitengewone Onderwys van 1967 afsonderlike onderwysgeriewe vir alle hardhorende leerlinge (met inbegrip van gedeeltelik horendes) onder die beheer van die huidige Departe=ment van Nasionale Opvoeding in die vooruitsig gestel het, wou die vier provinsiale onderwysdepartemente sommige van dié leer=linge behou. Ooreenkomstig die kriteria vir die indeling van gehoorgestremde leerlinge, soos deur die Minister van Nasionale Opvoeding in 1972 goedgekeur, is die benaming "gedeeltelik horende leerlinge" aan hulle toegeken. Sodoende is die Onder=wysdepartemente van Kaapland en Natal in staat gestel om met hul bestaande praktyk ten aansien van onderwysvoorsiening aan sekere swakhorendes (gedeeltelik horendes) voort te gaan. Hierdie toe=gewing deur die Minister gaan gepaard daarmee dat daar nie tussen die onderwysdepartemente eenstemmigheid bereik kon word insake die kwessie of dit tot groter voordeel vir gedeeltelik horende kinders sou wees indien hul onderwysgeriewe op 'n nasionale basis beheer sou word nie.

## 3.2 DIE STATUS QUO TEN AANSIEN VAN BEHEER OOR ONDERWYSGERIEWE AAN SWAKHORENDE LEERLINGE

### 3.2.1 Kaaplandse Onderwysdepartement

Hierdie onderwysdepartement maak tans aan drie provinsiale

primêre skole vir gedeeltelik horende leerlinge voorsiening. Een van hierdie skole maak uitsluitlik vir gedeeltelik horende leerlinge voorsiening, terwyl die ander twee provinsiale skole naas die klasse vir goedhorende leerlinge, gedeeltelik horende leerlinge onderskeidelik in drie voltydse klasse en vier vol= tydse klasse huisves. Die swakhorende leerlinge wat hierdie onderwysvoorsiening benut, ontvang parallelmediumonderrig vir sover dit moontlik is, maar waar die getalle of "ander omstan= dighede" dit nie toelaat nie, geld dubbelmediumonderrig. Gedeeltelik horende leerlinge wat ook verstandelik gestremd is, word waar hul getalle dit regverdig in aparte klasse geplaas. Waar die getalle nie aparte klasgroepe regverdig nie, word dié leerlinge saam met gedeeltelik horende leerlinge wat verstande= lik normaal is, gegroepeer.

Benewens voorgenoemde voltydse onderwysvoorsiening vir gedeel= telik horende leerlinge aan twee provinsiale primêre skole vir goedhorendes en een afsonderlike provinsiale primêre skool vir gedeeltelik horendes, maak die Kaaplandse Onderwysdepartement ook voorsiening vir deeltydse onderrig aan gedeeltelik horende leerlinge aan gewone primêre skole. Laasgenoemde leerlinge ontvang periodiek aandag van vyf-en-sewentig rondreisende onder= wyseresse wat opgelei is vir die onderrig van spraakgebrekkige en gedeeltelik horende leerlinge. Hierdie onderwyseresse is ook verantwoordelik vir die opsporing, verwysing en vir oudiolo= giese ondersoeke van gehoorgestremde leerlinge in die provinsie. Die beleid van die Kaaplandse Onderwysdepartement is om gedeel= telik horende leerlinge uit voltydse klasse vir gedeeltelik horendes oor te plaas na gewone klasse sodra hulle na 'n sekon= dêre skool moet gaan of as hul werk sodanig is dat die onder= wysers van mening is dat hulle in die gewone klasse bevredigende vordering sal maak.

Alle werksaamhede ten aansien van gehoorgestremdes in provin= siale skole staan onder die beheer van die Sielkundige Dienste van die Kaaplandse Onderwysdepartement.

### 3.2.2 Die Natalse Onderwysdepartement

Die Natalse Onderwysdepartement maak ook vir gedeeltelik horende leerlinge in voltydse klasse aan provinsiale primêre skole voor= siening. Daar bestaan tans ses sulke klasse waaraan altesaam twee-en-veertig gedeeltelik horende leerlinge verbonde is. In drie van hierdie klasse is die medium van onderrig Engels, in een is dit Afrikaans en in die ander twee klasse wat aan twee plattelandse skole verbonde is, geskied die onderrig by wyse van parallelmedium. Net soos in die Kaapprovinsie, bring die desentralisasie ten aansien van swakhorendes in Natal mee dat

die klein groepie swakhorende leerlinge verbonde aan die onder=skeie skole noodwendig in groepklasse ingedeel moet word omdat die personeelvoorsieningskale vir slegs een onderwyser vir elke ses tot agt swakhorende leerlinge voorsiening maak. Benewens hierdie voltydse klasse vir swakhorende leerlinge, bevind twin=tig gedeeltelik horende leerlinge op primêre en elf gedeeltelik horende leerlinge op sekondêre skoolvlak hulle aan gewone skole saam met goedhorende leerlinge in dieselfde klasse en geniet ook die aandag van rondreisende onderwysers. Die beleid van die Natalse Onderwysdepartement is om gedeeltelik horende leerlinge uit voltydse klasse vir gedeeltelik horendes oor te plaas na gewone klasse sodra hulle na 'n sekondêre skool moet gaan of as hul werk sodanig is dat die onderwysers van mening is dat hulle in die gewone klasse bevredigende vordering sal maak.

Die ses voltydse klasse vir gedeeltelik horendes in Natalse provinsiale skole staan onder toesig en beheer van twee Rond=reisende Onderwyseresse, Onderwys van Gedeeltelik-horendes wat ook verantwoordelik is vir die uitkenning, verwysing en vir oudiologiese ondersoeke van gehoorgestremde leerlinge in die provinsie.

3.2.3 <u>Die onderwysdepartemente van Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika</u>

Geeneen van hierdie onderwysdepartemente maak afsonderlik vir onderwys aan swakhorende leerlinge voorsiening nie, maar verwys alle gehoorgestremde leerlinge wat onderwys van buitengewone aard benodig na die betrokke skole vir buitengewone onderwys van die Departement van Nasionale Opvoeding.

In Transvaal en in die Vrystaat word die uitkenning van swak=horendes en die verwysing van diesulkes vir oudiologiese onder=soeke, deur die Geneeskundige Dienste vir Skole behartig. In Suidwes-Afrika is die oudiologiese diens wat die uitkenning van swakhorendes behartig, aan die sielkundige diens van die Onder=wysdepartement verbonde.

3.2.4 <u>Die Departement van Nasionale Opvoeding</u>

Hierdie departement voorsien tans onderwysgeriewe aan gehoorge=stremde leerlinge aan ses skole waarvan slegs een uitsluitlik swakhorende leerlinge huisves. Met betrekking tot die skole vir dowes het drie Engels en een Afrikaans as voertaal, terwyl een 'n parallelmediumskool is. Die skool vir swakhorendes is as 'n parallelmediumskool beplan, maar huisves tans slegs een groepklas met Engels as voertaal. Die Engelsmediumskool in Johannesburg, die Afrikaansmediumskool in Pretoria en die

parallelmediumskool in Worcester maak, benewens vir dowes, ook afsonderlik vir swakhorende leerlinge voorsiening. In 1973 is die pre-primêre en primêre afdelings van die skool vir dowes in Pretoria oorgeplaas na 'n afsonderlike skool vir swakhorendes in Pretoria, met dié verstandhouding dat 'n sekondêre afdeling daaruit sal ontwikkel sodat die sekondêre afdeling vir swak= horendes aan die skool vir dowes afgeskaf word. Omdat die skole vir gehoorgestremde leerlinge in die RSA die mening huldig dat swakhorende leerlinge hul onderwys aan afsonderlike skole behoort te ontvang, is beplanning ook aan die gang vir afson= derlike skole vir dié leerlinge in Worcester.

Die Departement van Nasionale Opvoeding beskik nie oor 'n diens om gehoorgestremde leerlinge op te spoor nie en is daarvoor aan= gewese op die dienste wat deur die onderskeie provinsiale onder= wysdepartemente gelewer word. Omdat die Departement van Nasio= nale Opvoeding geen stelsel het waarvolgens gehoorgestremde leerlinge na die betrokke skole van dié Departement verwys word nie, moet alle gehoorgestremde leerlinge aansoek doen om toe= lating tot dié skole en berus finale seggenskap oor toelating by die Departement.

### 3.3 SLOTOPMERKINGS

Bestudering van die status quo ten aansien van die onderwysvoor= siening aan swakhorende leerlinge in die Republiek van Suid- Afrika toon dat dié stelsel veral mank gaan aan eenvormigheid ten aansien van opsporing van leerlinge en interpretasie van die kriteria aan die hand waarvan swakhorende leerlinge inge= deel en in skole geplaas word. Hieruit spruit voort dat heelwat swakhorende leerlinge in gewone skole bly solank hulle nog enige vordering toon, sonder inagneming daarvan dat hierdie vorderingstand moontlik benede die peil is wat 'n leerling kan bereik as hy die nodige gespesialiseerde onderwys ontvang. Benewens genoemde implikasies van 'n gehoortekort vir die sko= lastiese vordering van 'n swakhorende leerling, word dikwels ook uit die oog verloor dat swakhorendheid verreikende impli= kasies inhou vir die totale persoonstruktuur van so 'n leerling.

## 4 UITKENNING VAN SWAKHORENDES

### 4.1 HISTORIESE AANLOOP

Onderwysvoorsiening vir en pedagogiese bemoeienis met swak= horende leerlinge dwarsoor die wêreld het deur die jare ver= skillende stadia van ontwikkeling deurgemaak wat ten nouste saamgehang het met die toenemende begrip by belanghebbendes

ten aansien van swakhorendheid as besondere verskynsel. Aan=vanklik is erg swakhorendes as doof geklassifiseer en saam met dowes gegroepeer in skole waar die metodiek op die visuele gebaseer is. Met betrekking tot kinders met geringe gehoor=tekorte is geen spesiale opvoedings- en onderwysbemoeienis gemaak nie en het hulle hul in gewone skole bevind waar hul onvermoë om daar die mas op te kom, dikwels verkeerdelik aan ontoereikende intelligensie toegeskryf is.

Die feit dat die swakhorende kind 'n eie wyse van opvoeding verg, is mettertyd besef. Daarbenewens het die beskouing dat daar vir swakhorendes afsonderlike onderwysvoorsiening gemaak moet word, aansienlik veld gewen veral weens die toenemende besef dat 'n swakhorende kind nie by uitstek onderrig via die visuele sintuig (soos in die geval van die dowe) moet ontvang nie, maar in 'n akoesties georiënteerde onderrigprogram sy beskikbare gehoor optimaal moet gebruik.

Onder die besef dat swakhorende kinders geensins doof is nie, is voorkeur gegee aan onderwysvoorsiening vir swakhorende leer=linge in klaskamereenhede verbonde aan gewone skole waar die swakhorende dan soveel as moontlik taal by wyse van die gesproke woord kan hoor. Hierdie tipe onderwysvoorsiening is ook gemo=tiveer deur die verwagting dat dit die swakhorende sou help in sy sosiale inskakeling by die goedhorende gemeenskap. Uit ondersoeke wat oorsee onderneem is, blyk egter dat van hierdie inskakeling by die goedhorendes daar weinig of selfs niks tereg kom nie. Talle swakhorende leerlinge wat aansoek doen om oorplasing van 'n gewone skool na 'n skool vir gehoorgestrem=des, doen dit op grond daarvan dat hulle in die gewone skool verstoot word. Belewing van sodanige nie-aanvaarding labiliseer die swakhorende se affektiwiteit sodanig dat swak skolastiese vordering in baie gevalle die uitkoms is (kyk 11.2). Aanvul=lend by die voorafgaande kan swakhorendes se skolastiese agter=stand in gewone skole verder toegeskryf word aan hul onvermoë om met sekerheid alles te hoor en te volg wat die onderwyser in die klas sê. Ook is swak akoestiek binne die klaskamer 'n groot bydraende faktor tot swak begrip en gebruik van woorde, die ondoeltreffende voltrekking van die leergebeure en selfs konkreetgebonde denke.

Bostaande argumente, tesame met die moontlikheid dat swakhorend=heid as struikelblok in die wording en selfverwerkliking van die persoon na vore kan tree, beklemtoon die feit dat pedagogiese bemoeienis met die swakhorende kind die beste tot sy reg kan kom in 'n afsonderlike skool vir swakhorende leerlinge. Om die swakhorende kind doeltreffend te help, vereis nie net gehoor=apparaat en akoesties geskikte klaskamers nie, maar ook 'n anderse

wyse van onderrig deur onderwysers wat spesiaal vir dié onder=rigtaak opgelei is. Vir die hoogs moontlike sukses met hier=die besondere onderwys, is vroeë uitkenning en verwysing na afsonderlike skole noodsaaklik.

## 4.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VROEË UITKENNING

Vroeë uitkenning van gehoorgestremde kinders is noodsaaklik nie net ter wille van moontlike mediese behandeling nie, maar veral ter wille van hul opvoeding en onderwys. Die spontane brabbel=taal van babas wat by die goedhorende gedy tot spraak en by die stokdowe totaal verdwyn, verdwyn mettertyd slegs gedeeltelik by swakhorende babas afhangende van die aard en omvang van hul gehoorverlies. Selfs met betrekking tot hierdie brabbeltaal is die swakhorende se tekort nie so opvallend as dié van die dowe kind nie omdat kommunikasie met swakhorende kinders mak=liker gerealiseer word as met dowe kinders. Hierdie moontlik=heid tot doeltreffender kommunikasie verklaar ook waarom swak=horendes geredelik die mas probeer opkom in 'n skool vir goed=horendes eerder as om hulle te wend tot skole vir gehoorge=stremdes. Ondersoeke toon egter aan dat vroeë mediese behan=deling en verantwoordbare pedagogiese bemoeienis 'n algehele verlies van die gebruik van gehoorreste kan verhoed en die remming van die gehoortekort op die totaliteitsontplooiing van die kind tot 'n minimum kan beperk. Vroeë voorsiening van 'n gehoorhulp (verkieslik tussen een- en tweejarige ouderdom) maak 'n heelwat sneller taalontdekking moontlik. Die pedagogiese opgaaf ten aansien van die swakhorende eindig egter nie deur blote verskaffing van 'n gehoorapparaat nie. Tuis en op skool moet die nodige pedagogies verantwoorde hulp aan die swakhorende kind in sy volwassewording verleen word.

In die Republiek van Suid-Afrika bevind die meeste swakhorende leerlinge hulle aan gewone skole omdat daar enersyds geen uit=kenningsdiens vir baie jong swakhorende kinders bestaan nie en andersyds omdat daar slegs enkele buitengewone skole vir swak=horendes in die Republiek van Suid-Afrika bestaan. Die meer=derheid swakhorende leerlinge wat wel spesiale onderwys ontvang, het dit (met uitsondering van die ± 50 swakhorende leerlinge van die Mary Kihn-skool) tot April 1973 byna uitsluitlik aan skole vir dowes ontvang. Sedert April 1973 bestaan daar 'n afsonderlike skool vir swakhorendes in Pretoria en neem die getalle aan die skool vinnig toe. Die groot behoefte aan sulke skole sal eers werklik besef word as 'n nasionale diens in werking kan tree om alle swakhorende leerlinge reeds voor skoolgaande ouderdom uit te ken.

## 4.3 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N NASIONALE UITKENNINGSTELSEL

Die swakhorende kind bevind homself in 'n horende wêreld waarin ouers en onderwysers nie doelbewus daarop gerig is om swakho= rendheid uit te ken nie. In die meeste gevalle heers daar by volwassenes onkunde oor swakhorendheid en die pedagogiese impli= kasies daarvan. Daarbenewens is baie ouers onwillig om te erken dat hul kind moontlik swakhorend kan wees en gevolglik weier hulle om sy gehoorvermoë te laat toets. Daar bestaan sonder enige twyfel 'n behoefte aan 'n nasionale stelsel waar alle ouers verplig is om hul kinders se gehoor te laat toets net soos wat hulle verplig word tot immunisering teen sekere siektes.

In sommige oorsese lande bestaan daar registers waarin die name van babas met liggaamsgestremdhede reeds met hul geboorte aan= geteken word. Die name van kinders word op hierdie registers ("at risk registers") geplaas selfs wanneer die familiegeskie= denis slegs op die moontlikheid van 'n gehoorgebrek dui. Nasorg word met gereelde tussenposes gedoen totdat met sekerheid bepaal kan word of die betrokke kind die tekort oorgeërf het al dan nie. In die Republiek van Suid-Afrika is die Departement van Gesondheid wat tans besig is met die opstel van 'n register met betrekking tot die voorkoms van genetiese siektes en gebreke, waarskynlik die aangewese instansie vir koördinering van data wat verkry sal word met 'n nasionale stelsel vir die uitkenning van swakhorendheid. Deur so 'n uitkenningstelsel sal aange= bore gehoortekorte reeds by babas uitgeken word en verworwe gehoortekorte so spoedig moontlik na intreding van die gehoor= tekort. Hiervoor sal dit nodig wees om alle kinders se gehoor by skooltoetrede en ten minste nog een keer gedurende hul pri= mêre skoolloopbaan te toets of sodra 'n besondere kind enige simptome soos onder andere spraak-, spelling-, leer-, kommuni= kasie- en gedragsprobleme vertoon waarvan swakhorendheid moontlik die oorsaak mag wees.

Die verwagting is dat indien 'n verantwoorde nasionale uitken= ningsdiens in werking gestel word, die behoefte aan addisionele onderwysvoorsiening vir swakhorendes so sterk op die voorgrond sal tree dat die owerhede genoodsaak sal wees om genoegsame voorsiening vir swakhorende leerlinge in aparte skole te maak.

## 4.4 UITKENNINGSMEDIA

Die aard en omvang van elke swakhorende se gehoortekort moet in aanmerking geneem word by die ontwerp van 'n ortopedagogiese en ortodidaktiese program vir hierdie kinders. Om die graad van gehoorverlies voorlopig te bepaal, word daar van 'n verskei=

denheid gehoorondersoekapparaat gebruik gemaak. Finale identifisering van gehoortekorte en bepaling van gehoorreste geskied by wyse van die inskakeling van die Suiwertoonoudiometer. Met behulp van hierdie apparaat word 'n oudiogram saamgestel wat 'n weergawe is van 'n persoon se gehoor kragtens luggeleiding en beengeleiding van klank.

Gebruikmaking van die Suiwertoonoudiometer by kinders onder sewe jaar verg heelwat geduld en verduideliking om die kind te laat verstaan wat van hom verwag word, veral omdat die kind nog te jonk is om aanduiding te gee wanneer hy die geluid hoor. Hierdie probleem word egter deur gebruikmaking van die moderne Evoked Response Audiometer uitgeskakel, aangesien dié apparaat resultate grafies aanteken sonder dat die kind met die operateur hoef saam te werk. Hoewel die apparaat duur is en die inskakeling daarvan deeglik opgeleide personeel verg, is dit van onskatbare waarde veral om babas tot op tweejarige ouderdom se gehoor te toets asook enige gehoorgestremde kind wat nie op konvensionele oudiometrie reageer nie.

## 4.5 INDIWIDUELE VERKENNING VAN UITGEKENDE SWAKHORENDES MET DIE OOG OP GESKIKTE SKOOLPLASING

Die graad van gehoorverlies word meer betekenisvol wanneer dit in verband gebring word met ander faktore soos spraakontwikkeling, skolastiese prestasie en uiteindelike beroepskeuse. Kennis van die aard en kwaliteit van gehoorverlies, asook kennis van die kind se woordeskat (veral by verworwe swakhorendheid) is betekenisvol vir die plasing in skole en die ontwerp van 'n onderwysprogram vir swakhorende leerlinge. Die Suiwertoonoudiometer gee 'n grafiese aanduiding van die hoeveelheid gehoorreste waaroor 'n gehoorgestremde beskik, maar gee geen aanduiding van die kwaliteit van die taal waaroor 'n swakhorende beskik nie. Spraakdiskriminasietoetse wat gebaseer is op die verspreiding van spraakklanke op die totale frekwensieveld waarop spraakklanke voorkom (kyk 4.5), gee 'n aanduiding van die mate waarin die besondere gehoortekort remmend is vir die aanleer van spraak en taal.

Wanneer die resultate van spraakdiskriminasietoetse vergelyk word met die gegewens soos verkry met die Suiwertoonoudiometer, kan 'n beeld gevorm word van die taalvermoë van die kind, van die mate van implementering van gehoorreste en kan ook 'n aanduiding verkry word van die kind se vermoë om sy gehoortekort deur spraaklees aan te vul. Spraakoudiometriese toetse konfronteer die gehoorgestremde nie met klank nie, maar met spraak. Vir Engelssprekende swakhorendes kan oorsese spraakdiskriminasiemedia met vrug gebruik word, maar vir die Afrikaanssprekende

gehoorgestremde bestaan daar geen gestandaardiseerde medium om spraakdiskriminasie te evalueer nie.

Benewens indiwiduele verkenning aan die hand van spraakdiskri= minasiemedia, sal die swakhorende voortdurend geobserveer word en indien nodig sal daar ook ander indiwiduele verkenningsmedia ingeskakel moet word met die oog op die samestelling van 'n persoonsbeeld wat lig sal werp op sy besondere leefwyse, sy niveau van selfverwerkliking en sy beleweniswêreld.

## 4.6 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ORIËNTERING EN OPLEIDING VAN ALLE ONDERWYSERS MET DIE OOG OP UITKENNING VAN EN PEDA= GOGIESE HULPVERLENING EN STEUNGEWING AAN SWAKHORENDES

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat bemoeienis met swak= horendes geen maklike opgawe is wat deur enkele deskundiges gedoen kan word nie. Dit is nodig dat elke onderwyser soda= nige opleiding ontvang dat hy tot verantwoorde uitkenning van swakhorendheid in staat is. 'n Kind wat sy kop gedurig skuins draai om te kan hoor, sy hande bak om sy oor of ore hou, wat gedurig vra dat iets herhaal moet word, wat dikwels nie weet wat die opdrag van die onderwyser is nie, of wat enige spraak- of uitspraakprobleem vertoon, moet na 'n oudioloog van 'n nasio= nale uitkenningsdiens verwys word. Sodoende sal kinders wat dan by gehooronderzoeke wel gehoortekorte vertoon, betyds die vereiste gespesialiseerde hulp kan kry wat hulle nodig het, want soos reeds aangetoon, is pedagogiese bemoeienis met die swak= horende anders as met die dowe of die goedhorende. Selfs onderwysers van swakhorende kinders moet deur hul opleiding gemotiveer en in staat gestel wees om gedurig te let op moont= like veranderinge ten aansien van die gehoormoontlikhede en selfverwerkliking van leerlinge met die oog op vroeë diagnos= tisering van die redes daarvoor, sodat die ortopedagogiese program ten aansien van die betrokke leerling dienooreenkomstig gewysig kan word.

'n Onderwyspraktyk vir swakhorendes wat gerig is op die bybring van taal en kennis sonder inagneming van die implikasies van 'n gehoortekort op die volwassewording van die kind, is gedoem tot mislukking.

## 4.7 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPLEIDING VAN PARAMEDIESE PER= SONEEL VIR PEDAGOGIESE STEUNGEWING AAN SWAKHORENDES

Die naturalisties georiënteerde beskouing waarvolgens lede van die mediese en paramediese dienste dikwels die mens bloot as 'n biofisiese wese sien, skep die gevaar dat die swakhorende kind as 'n objek eerder as 'n subjek in sy opwegwees na vol=

wassenheid geag kan word. Dit is nodig dat personeel van hierdie dienste, behalwe om 'n begrip en kennis van die gehoor=tekort as fisiologiese aangeleentheid te hê, ook die gestremde indiwidu sal begryp in sy totale persoonwees. Genoemde perso=neel se bemoeienis sal alleen goeie vrugte afwerp as hulle met die oog op aanstellings by skole vir swakhorendes, sodanige opleiding sal ondergaan dat hulle in hul bemoeienis met die swakhorende steeds pedagogies verantwoord sal wees. Hulle is in hul onderskeie terapeutiese programme immers almal besig met steungewing aan die swakhorende tot maksimale verwerkliking van sy persoonsmoontlikhede.

## 5 'N GESPESIALISEERDE EN GEORGANISEERDE TUISONDERRIG=PROGRAM VIR VOORSKOOLSE SWAKHORENDE KINDERS

### 5.1 INLEIDING

Vanuit 'n besinning oor die problematiek van die swakhorende kind het die noodsaaklikheid vir die instelling van 'n nasionale diens om voorskoolse swakhorendes uit te ken, duidelik aan die lig gekom. Genoemde besinning het ook aan die lig gebring dat die implikasies van 'n gehoortekort vir die totale volwasse=wordingsgebeure van 'n kind merkbaar is ten aansien van die gehoorgestremde se taalontwikkeling veral in sy voorskoolse taalontdekkingsfase en sy gevoelslewe (kyk 2.2.2). Omdat die uitwerking van hierdie implikasies in die swakhorende kind se voorskoolse leeftydfase merkbaar word, is dit noodsaaklik dat daar in dié fase verantwoordbare bemoeienis met die swakhorende kind gemaak word. Sodanige bemoeienis is daarop gerig om die uitgekende swakhorende kind tot skoolgereedheid te begelei deur die nadelige implikasies van sy gehoortekort vir sover dit moontlik is, te bekamp en te oorbrug.

Die besondere opvoeding van 'n gehoorgestremde kind is gewoonlik vir die ouers problematies vanweë hul onkunde met betrekking tot die implikasies van die gehoortekort vir die volwassewording van hul kind. 'n Tuisonderrigprogram sal dus eerstens aan ouers van gehoorgestremde kinders gespesialiseerde voorligting moet bied ten aansien van die gewenste uitvoering van hul opvoedings=taak en tweedens voorsiening moet maak vir voorligting ten aan=sien van doelbewuste, gespesialiseerde werkwyses waardeur die hele gesin, maar veral die moeder, so doeltreffend moontlik kan en moet help om die gehoorgestremde kind skoolgereed te maak. Skoolgereedmaking van 'n gehoorgestremde kleuter behels dat die fondament waarop daar in die latere opvoedingsbemoeienis op skool voortgebou moet word, reeds gedurende die voorskoolse jare van so 'n kind gelê moet word. In die Republiek van Suid-

Afrika, waar die mondelinge kommunikasiewyse ten aansien van onderwys aan gehoorgestremdes gebruik word, moet die swak=horende kleuter, ongeag die omvang van sy beskikbare gehoor reeds in sy voorskoolse jare sodanige gehoor-, gelaat- en spraak=gerig gemaak word dat 'n inherente wil om te hoor, om sy gehoor by wyse van spraaklees aan te vul en om verder spontaan te praat, ingeboesem word. In sommige oorsese lande is die aandeel wat ouerleidingsklinieke en tuisonderrigprogramme in die opvoeding en onderwys van gehoorgestremde kinders het, so belangrik dat sekere skole vir gehoorgestremdes in die Verenigde State van Amerika en Australië die suksesvolle deurloping van 'n tuis=onderrigprogram as toelatingsvereiste stel.

Die terrein van gespesialiseerde pedagogiese bemoeienis met die voorskoolse gehoorgestremde kind in die Republiek van Suid-Afrika lê nog in 'n groot mate braak. Tans word voorskoolse bemoeienis hier te lande geïnisieer deur personeel van enkele spraak- en gehoorklinieke wat uiteraard deur medici tot stand gebring is en beheer word. Die vraag ontstaan egter of medici, outoloë, sielkundiges, sosiale werksters en spraakterapeute wat nie in die Pedagogiek, Ortopedagogiek, Ortodidaktiek en die praktyk ten aansien van die opvoeding en onderwys van die gehoor=gestremde kind geskoold is nie, bevoeg is om deur hul "behande=ling" van swakhorende kinders ook pedagogiese doelstellings toe=reikend te verwesenlik. Die besondere opvoedings- en onderrig=problematiek van die swakhorende maak die opvoeding en onderwys van die gehoorgestremde by uitstek die terrein van die ortope=dagoog wat gespesialiseer het in die werkveld van gehoorgestremd=heid. In die Republiek van Suid-Afrika bestaan 'n dringende behoefte aan 'n georganiseerde stelsel van pedagogies verantwoorde en gespesialiseerde hulpverlening aan voorskoolse gehoorgestremde kinders en hul ouers ten aansien van die kind se skoolgereed=making, geïnisieer vanuit die skole vir gehoorgestremdes waar later op hierdie tuisonderrigprogramme voortgebou moet word.

## 5.2 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN HULPVERLENING AAN OUERS TEN AANSIEN VAN DIE TUISONDERRIG VAN HUL VOORSKOOLSE SWAKHORENDE KIND(ERS)

Suksesvolle tuisopvoeding en -onderrig gedurende die eerste drie lewensjare van 'n kind is essensieel vir die daarstelling van 'n stabiele gevoelslewe as basis waarop sy volwassewording kan gedy. Omdat die swakhorende kind weens sy gehoortekort noodwendig op 'n besondere wyse anders is as goedhorende kinders, stel die opvoeding van so 'n kind ook buitengewone eise aan sy ouers. Die moeilike opgaaf om hul kind se gehoortekort te aanvaar, lei dikwels daar=toe dat ouers hulle blind staar teen hul kind se gebrek as soda=nig en hom as hulpbehoewende kind wat hunker na aanvaarding en ouerlike liefde, nie raaksien nie. By sommige ouers gaan die

onsuksesvolle soeke na hulp om die gebrek te "genees", oor tot die belewing van skuldgevoelens wat aanleiding gee tot oorbe= skerming enersyds of nie-doelbewuste verwerping van die kind andersyds. Die nadelige invloede van 'n gehoortekort is dus nie net tot die gehoorgestremde kind beperk nie, maar raak ook hul ouers.

Aanbieding van 'n tuisonderrigprogram as 'n wyse van hulpverle= ning gaan wesenlik om die daarstelling van 'n gunstige primêre opvoedingsmilieu waarbinne die gereedmaking van die swakhorende kind vir suksesvolle skooltoetrede en toereikende skolastiese vordering voltrek kan word. Ouers moet hul gehoorgestremde kind nie sien as 'n kruis nie, maar sy suksesvolle opvoeding as hul roeping aanvaar. Dan alleen sal die gehoorgestremde kind veiligheid en geborgenheid so belewe dat hy 'n affektiewe bereid= heid sal openbaar om sy wêreld te eksploreer en op toenemende en toereikender wyse met die omringende wêreld (en medemens) in dia= loog tree om sodoende aktief aan sy eie volwassewording mee te werk. 'n Gehoorgestremde moet selfstandigheid geleer word deur take aan hom op te dra en verantwoordbare eise aan hom te stel. Ouers moet waak teen oorbeskerming van hul gehoorgestremde kind, want sowel oorbeskerming as verwenning lei dikwels tot infanti= lisering van so 'n kind met gevolglike remming ten aansien van sy volwassewording. Die opvoeding van 'n gehoorgestremde kind is dus 'n moeilike opgaaf aan ouers waarvoor hulle dikwels sonder deskundige leiding nie opgewasse is nie.

Die daarstelling van 'n nasionale uitkenningsdiens se waarde lê dus in die moontlikheid dat uitgekende, swakhorende kleuters skoolgereed gemaak sal kan word deur die bemoeienis van die personeel van 'n tuisonderrigdiens vir gehoorgestremde kinders. Omdat daar beslis oorvleueling sal wees in die latere bemoeienis van ouers enersyds en onderwysers andersyds ten aansien van die opvoeding en onderrig van swakhorende kinders, is dit noodsaaklik dat 'n tuisonderrigdiens deur skole vir gehoorgestremdes behartig sal word ter wille van optimale samewerking tussen skoolpersoneel en ouers. Ouers van swakhorende kinders moet inderdaad hul volwaardige aandeel neem in die tuisonderrig van hul kind en nie hul taak wil ontduik deur alles aan gespesialiseerde skoolperso= neel oor te laat nie. Die sukses van die tuisonderrig vorm die grondslag waarop die buitengewone onderwys wat die kind later op skool sal ontvang, moet voortbou.

## 5.3 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE INSLUITING VAN GEHOORSKOLING BY 'N TUISONDERRIGPROGRAM VIR SWAKHORENDE KINDERS

### 5.3.1 Gehoorskoling ter wille van maksimale geluid=gerigtheid by die swakhorende kind

Hoewel 'n swakhorende kind steeds sommige geluide hoor, is dit nodig dat hy pertinent geluidgerig gevorm sal word en is dit die ouers se taak om by hul swakhorende kind 'n wil en begeerte te wek om soveel as moontlik te hoor. Om so 'n wil en begeerte (geluidgerigtheid) by die swakhorende kind te wek, word beskou as die doeltreffendste wyse om "verdowing deur onbruik" (13, p. 3) teë te werk. Opsetlike, gereelde gehoordril in die vorm van spesiale gehooroefeninge moet aan die swakhorende kind ge=bied word om hom in die geluidswêreld te leer leef. Hieruit spreek ook die noodsaaklikheid daarvan om 'n gehoorgestremde so vroeg moontlik (selfs as baba) van 'n gehoorapparaat te voorsien, ten einde te voorkom dat hy aan 'n mate van geluid=loosheid gewoond raak. Die kind se eerste kennismaking met 'n gehoorapparaat moet omsigtig hanteer word aangesien 'n ver=keerde verstelling waardeur die klank byvoorbeeld skielik te hard sou wees, vir die kind traumaties mag wees met verreikende gevolge vir die verdere ontplooiing van sy geluidgerigtheid. Die wekking van 'n geluidgerigtheid deur middel van beplande en gereelde gehooroefeninge geskied ter wille van die suksesvolle verowering van die spreektaal en dui dus daarop dat die ouder=dom waarop 'n swakhorende met gehoorskoling begin, van kardinale belang is vir die optimale benutting van sy gehoorreste.

### 5.3.2 Gehoorskoling ter wille van maksimale gelaatgerigtheid by die swakhorende kind met die oog op spraaklees as wyse van aanvulling van sy gebrekkige gehoor

Die problematiek van swakhorendheid spruit grootliks daaruit dat die swakhorende altyd ten dele hoor, maar selde indien ooit alles hoor. Gehoorskoling stel die gehoorgestremde in staat om hom doelgerig tot die bron van geluide te rig in 'n poging om beter te kan "hoor". Die uiterlike bron van spraakklanke is die spreker se lippe en daarom behels gehoorskoling ook inskerp=ing van gelaatgerigtheid. Geïntensiveerde gelaatgerigtheid is 'n belangrike vereiste vir geslaagde spraaklees, aangesien dit positief bydra tot die vervollediging van die totale spraakwaar=nemingsgebeure by die swakhorende kind.

### 5.3.3 Gehoorskoling ter wille van 'n stabieler gevoels=lewe by die swakhorende kind

In hierdie ondersoek is reeds aandag gegee aan die onderlinge

verband tussen taal en affek (kyk 2.2.2) en is aangetoon dat die gehoorsintuig 'n belangrike plek in die mens se dialoog met die wêreld om hom heen inneem. Maksimale geluid-, gelaat- en spraakgerigtheid stel die swakhorende in staat om homself en ander duideliker te hoor praat. Dit op sigself skep 'n atmos=feer van vertroudheid met sy medemens wat sy veiligheidsgevoel ten goede strek. 'n Sterker veiligheidsbelewing lei tot groter selfvertroue met gevolglike groter bereidheid om spontaan en gemaklik met sy medemens en veral sy moeder en ander gesinslede te kommunikeer. Die vermoë om sy gehoorreste maksimaal te implementeer en daardeur beter in staat te wees tot stigting van verhoudinge met sy omringende wêreld, dra baie daartoe by dat die swakhorende se gevoelslewe stabiliseer en hy minder tekens van koppigheid, wantroue en woede-uitbarstings vertoon.

## 5.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE TOEREIKENDE AANSPREKING VAN VERAL DIE VOORSKOOLSE SWAKHORENDE KIND VIR DIE VEROWERING VAN GESPROKE TAAL EN DIE VOORKOMING VAN VERSTOMMING (TAAL=AGTERUITGANG)

Suksesvolle spreektaalkommunikasie van die swakhorende kind hang ten nouste saam met die bemeestering van verstaanbare eie spraak- en taalgebruik. Die swakhorende kind hoor nie alle klanke nie en moet gesteun word tot die ontdekking daarvan asook bewus gemaak word daarvan dat lip- en mondbewegings die sigbare ver=gestalting is van al die klanke wat hy hoor, maar ook van dié klanke wat hy nie hoor nie. Inskerping van gelaatgerigtheid geskied ter wille van verbetering van spraakleesvermoë en is niks anders as doelbewuste steun aan die swakhorende om daardie klanke wat hy nie kan hoor nie, van die spreker se mond en lippe af te lees en sodoende sy gewaarwording van die gesproke woord te vervolledig. Die gerigtheid op mond- en lipbewegings word eers vir die swakhorende kind betekenisvol as hy die sinvolheid ontdek van dié gelaatsbewegings wat uitdrukking gee aan die klanke wat hy nie kan hoor nie.

Suksesvolle interpretasie van gelaatsbewegings sal die swak=horende hom laat oopstel vir spontane kommunikasie omdat sy onsekerheid ten aansien van sy vermoë om sprekers ten volle te verstaan, verdwyn. Suksesvolle gelaatgerigtheid en die vaar=digheid om die gesproke woord by wyse van spraaklees ten volle te verstaan, word grootliks bepaal deur die kwaliteit van die tuisonderrigprogram. Ouers van swakhorende kinders moet hul kind letterlik van aangesig tot aangesig aanspreek. Spraaklees is geen maklike opgawe vir enige persoon, soveel te meer vir 'n klein kindjie en verg daarom tyd, takt, geduld, opoffering en liefde van die ouers wat moet besef dat 'n gehoorgestremde peuter selfs eers na ses maande se volgehoue oefening daarin

sal slaag om spraaklees te bemeester. Deur die swakhorende peuter toereikend aan te spreek en van hom korrekte spraak uit te lok, gee aanleiding daartoe dat hy ontdek dat hy self deur die korrekte gebruikmaking van sy eie stem oor 'n magtige middel beskik om met ander in dialoog te kan tree. Sodoende ontstaan 'n spontane spraakgerigtheid en spraakbereidwilligheid as bekroning van 'n suksesvolle tuisonderrigprogram. In die Republiek van Suid-Afrika waar haas geen tuisonderrigprogram bestaan nie, is tydens besoek aan skole vir gehoorgestremdes gevind dat daar gedurende die pre-primêre onderwys besonder baie tyd aan vooroefeninge tot spraaklees bestee moet word met gevolglike onnodige vertraging in die skolastiese vordering van die betrokke kinders.

## 5.5 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN ASEMBEHEEROEFENINGE AS FASET VAN 'N VERANTWOORDE TUISONDERRIGPROGRAM VIR SWAKHORENDE KINDERS

Verstaanbare spraak hang ten nouste saam met ritmiese spraak. Laasgenoemde is juis vir die gehoorgestremde moeilik om te bemeester omdat hul gehoor, as kontroleur van hul spraak, hulle gedeeltelik in die steek laat. Gevolglik klink hul spraak vir die nie-deskundige aanhoorder monotoon. In werklikheid is hul spraak nie monotoon nie, maar klink dit wel so omdat hulle ander en minder intervalle maak as goedhorende sprekers sodat aan hul spraak bepaalde karakteristieke, melodieuse eienskappe ontbreek (158, p. 182). Verkeerde in- en uitasemingstegnieke tydens spraakproduksie lei tot foutiewe en ongewone intervalle in die spraak van gehoorgestremdes.

Spraak is 'n akoesties-motoriese handeling en om ritmies te kan praat, verg doelmatige koördinasie van spraak met die asem= halingsbewegings. Verkeerde asembeheer lei tot onduidelike en gedempte keelspraak omdat klanke nie genoeg deur uitaseming van lug gedra word nie. Uit voorgaande is dit dus duidelik dat asembeheeroefeninge 'n noodsaaklike faset van 'n verant= woorde tuisonderrigprogram behoort te wees.

## 5.6 'N BEKNOPTE OORSIG OOR DIE PRAKTYK VAN TUISONDERRIG= PROGRAMME IN DIE BUITELAND

Aangesien 'n pedagogies verantwoorde tuisonderrigprogram vir gehoorgestremde kinders in die RSA haas nie bestaan nie, is dit nodig om enkele sodanige stelsels in die buiteland in oën= skou te neem met die oog op die daarstelling van so 'n program hier te lande. Enkele skole waar 'n tuisonderrigprogram reeds as geïntegreerde faset van die onderwysstelsel vir gehoorge= stremde kinders 'n bestaansreg geniet, is onder andere die vol= gende:

1. Instituut voor Doven te St. Michielsgestel in Nederland;
2. Clarke School for the Deaf te Northampton, Massachusetts in die Verenigde State van Amerika;
3. St Joseph School for the Deaf te St Louis, Missouri in die Verenigde State van Amerika, en
4. Royal Institute for the Deaf te Manchester in Engeland.

Samevattend kan ten aansien van die tuisonderrigprogramme van bogenoemde skole gestel word dat dié programme veral toegespits is op die nodige voorligting aan en opleiding van ouers vir die uitvoering van hul taak met betrekking tot die opvoeding en tuisonderrig van hul voorskoolse, gehoorgestremde kinders. Na aanleiding van die mening van die personeel wat by tuisonderrig=programme betrokke is, blyk dat die sukses van die tuisonderrig=program grootliks bepaal word deur die medewerking van die ouers. Daarom word ouers daadwerklik by die skoolgereedmakingsprogram van hul gehoorgestremde kinders ingeskakel. Benewens voor=ligting en opleiding tydens huisbesoeke deur die betrokke personeel, ontvang ouers ook tydens gereelde samekomste en kongresse verdere voorligting en praktiese opleiding waarin aan hulle gedemonstreer word hoe hulle te werk moet gaan en word films met betrekking tot tuisonderrig aan hulle vertoon. Voorts ontvang ouers gereeld toepaslike brosjures om tuis te bestudeer en bestaan daar reeds enkele volledige handleidings ten aansien van die tuisonderrigprogram van gehoorgestremde kinders tussen agtien maande en driejarige ouderdom.

In die buiteland word met 'n omvattende tuisonderrigprogram beoog om voorsiening te maak vir voorligting aan ouers ten aan=sien van:

1. Die stigting van stabiele ouer-kind-verhoudinge;
2. ouers se gesindhede en gevoelsuitinge as ouers van 'n gestremde kind;
3. die aanvaarding van hul gestremde kind se tekortkominge;
4. die skepping van 'n gesinsmilieu wat gunstig is vir eksplorasie met die oog op die verwerkliking van die leergebeure by die kind;
5. toereikende insig in die wyse waarop 'n kind leer;
6. kennis oor die funksionering van die gehoorsintuig en die implikasies daarvan met die oog op hulp en steun tot maksi=male gebruikmaking deur die kind van sy gehoorreste, en
7. kennis ten aansien van die niveau van taalskat en taalge=bruik van 'n voorskoolse kind.

Benewens voorligting en opleiding ten aansien van die opvoeding van hul gehoorgestremde kind, omvat die onderrigprogramme skrif=telike werkopdragte wat die ouers saam met hul kinders moet

deurwerk ten aansien van gehoorinskerpingsoefeninge, oefening in die gebruik van sintuie, die verskaffing van geleenthede tot die verowering van taal en selfs oefeninge in skrif en lees.

Die suksesvolle deurloping van 'n tuisonderrigprogram hou groot voordele vir dié kinders in, aangesien hulle by skooltoetrede reeds geluid-, gelaat- en spraakgerig is en oor 'n woordeskat beskik wat hulle kan gebruik en verstaan. Hierbenewens hou 'n verantwoorde tuisonderrigprogram die moontlikheid in van 'n onbelemmerde wordingsgang van gehoorgestremde kinders, aangesien die ouers die nodige voorligting en begeleiding van professio= nele personeel ontvang het ten aansien van die nodige bena= deringswyse tot wordingsproblematiek van die swakhorende kind.

## 5.7 SLOTOPMERKING

Na 'n besinning oor die noodsaaklikheid van tuisonderrig vir swakhorende kinders, fasette wat in 'n tuisonderrigprogram aandag behoort te geniet en 'n oorsig van die tuisonderrig= praktyk in die buiteland, kan daar nie anders nie as tot die slotsom geraak word dat die noodsaaklikheid van skoolgereed= makingsprogramme vir gehoorgestremde kinders in 'n toenemende mate in lande dwarsoor die wêreld besef word. Sodanige geor= ganiseerde ortopedagogiese en ortodidaktiese bemoeienis met die voorskoolse gehoorgestremde kind word as 'n onontbeerlike faset van die onderwys aan gehoorgestremdes beskou. Voorafgenoemde geskied met inagneming daarvan dat gespesialiseerde pedagogiese bemoeienis met 'n gehoorgestremde kind van geboorte tot toetrede in die wêreld van die volwassene as 'n eenheidsgebeure moet geskied.

Die instelling van verantwoorde tuisonderrigprogramme (veral in die Republiek van Suid-Afrika) sal waarskynlik net so 'n mylpaal in die onderwys van gehoorgestremde kinders blyk te wees as wat onderskeidelik die invoering van die suiwer mondelinge onderrigmetode en die ingebruikneming van gehoorapparate was.

# 6 'N OORSIG VAN PRE-PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEER= LINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MET SPESIALE VER= WYSING NA DIFFERENSIASIE

## 6.1 DIE NOODSAAKLIKHEID EN AARD VAN, ASOOK DIE DOEL MET PRE-PRIMÊRE ONDERWYS

### 6.1.1 Inleiding

Die spreektaalontwikkeling van 'n sesjarige swakhorende kind toon 'n duidelike agterstand by dié van sy goedhorende eweknie,

hoofsaaklik omdat die swakhorende die voorreg om spraak en spraakklanke te hoor, in 'n mindere of meerdere mate moes ont=beer. Swakhorendes se spraak vertoon gebrekkig ten aansien van dié spraakklanke wat hy nie kan hoor nie. Die spraaktekort van die swakhorende is glad nie die gevolg van 'n fisiese onvermoë van sy spraakorgane om die spraakklanke voort te bring nie, maar is 'n aanduiding van sy onvermoë om klanke wat hy nooit kon hoor nie, spontaan voort te bring. Die implikasies van 'n gehoortekort vir spraakontwikkeling word deeglik besef wanneer die stand van 'n driejarige goedhorende kind se spraakontwik=keling vergelyk word met die taalloosheid en spraakloosheid van 'n driejarige dowe kind wat nie die nodige gespesialiseerde hulp ten aansien van spraakontwikkeling geniet het nie. Enige kind met 'n aangebore gehoortekort ondervind probleme met taal=verowering reeds in sy kleinkinderjare.

Die grondslag van latere spraakprobleme word dus reeds in die uiters taalgevoelige jare van 'n kind se lewe, naamlik die kleinkinderfase, gelê. Laasgenoemde feitlikheid is verklarend vir sowel die wêreldwye verskynsel om gehoorgestremde kinders vanaf uitkenning (so spoedig moontlik na geboorte) aan 'n tuis=onderrigprogram te onderwerp as die verskynsel om met 'n formele opvoedende onderwysprogram aan alle gehoorgestremdes te begin wanneer hulle ongeveer drie jaar oud is.

### 6.1.2 Die noodsaaklikheid van 'n pre-primêre opvoedings=program vir swakhorende leerlinge

'n Erkende pre-primêre opvoedingsprogram soos deur die onder=wysdepartemente goedgekeur, impliseer dat gehoorgestremde kinders en dus ook die swakhorendes reeds van hul derde lewens=jaar die ouerhuis moet verlaat indien hulle nie die bestaande skole wat hoofsaaklik in die stede geleë is, as dagskoliere kan bywoon nie. Tydens 'n besinning oor die bestaansreg van pre-primêre onderwys aan swakhorendes (waarvoor kleuters koshuis=inwonend moet wees), moet in gedagte gehou word dat swakhorend=heid as 'n verskynsel wissel van byna goedhorend tot byna doof. Elke kind met 'n gehoortekort bevind hom dus in 'n anderse situasie ten aansien van sy nood aan gespesialiseerde hulp. Die opgaaf van die ouers van 'n gehoorgestremde kind is tweeledig van aard, naamlik eerstens om die kind met sy gehoortekort te aanvaar en tweedens om die kind te help met die oorbrugging van die remmende uitwerking van die gehoortekort ten aansien van veral artikulasie en spraak. Ouers wat nie die gebrek van hul kind kan of wil aanvaar nie, strem die kind se affektiewe ont=plooiing en dra dikwels daartoe by dat die problematiek van die kind se gestremdheid geaksentueer word en in omvang toeneem.

Baie min ouers is in staat om die swakhorende kind toereikend te steun tot die verowering van korrekte spreektaal as kommuni= kasiemiddel. Onderrig in spraaklees en artikulasie, veral ten aansien van dié klanke wat 'n swakhorende kind nie kan hoor nie, kan in der waarheid slegs deur opgeleide spesialiste verbonde aan skole vir gehoorgestremdes, toereikend behartig word. Misverstande wat weens die swakhorende kind se ontoereikende gehoorvermoë en sy eie onduidelike spraak tydens byvoorbeeld gesprekke ontstaan, lei tot 'n belewing deur so 'n kind van 'n gevoel van onveiligheid, onsekerheid en onvermoë. Sodanige gebrekkige spreektaalkommunikasie belemmer veral die verwerk= liking van 'n intiemer ontmoeting tussen ouer en kind met gevolglike uitvalle ten aansien van die vorming van die affek= tiewe en normatiewe as onderskeibare fasette van die opvoeding van die swakhorende kind. Die opgaaf met betrekking tot die opvoeding van 'n gehoorgestremde kind omsluit dus talryke fasette waarvoor skool- en koshuispersoneel as gevolg van hul ge= spesialiseerde teoretiese en praktiese kennis, beter toegerus is as die ouers en gevolglik in 'n gunstiger posisie verkeer om in die opvoedingsnood van die swakhorende kind te voorsien. Onkun= dige ouers aanvaar soms hul swakhorende kind se gebrekkige spraak sonder om te poog om dit te verbeter.

Ten einde 'n opvoedingsmilieu vir 'n driejarige gehoorgestremde kind in 'n koshuis enigsins soortgelyk aan dié van sy ouerhuis te bied, sal nougesette beplanning veral met betrekking tot kos= huisfasiliteite verg. In dié opsig is dit wenslik om klein "huislike" wooneenhede daar te stel waar gehoorgestremde kinders onder simpatieke en liefdevolle gesagsleiding van pedagogies geskoolde kleuterleiers en -leidsters geplaas kan word. Die koshuis vir gehoorgestremde kinders behoort veel meer te wees as 'n plek waar die klem op uitmuntende liggaamlike versorging val. 'n Koshuis moet vir die swakhorende kind die veilige ruimte bied wat hy in sy gesinsmilieu behoort te belewe, sodat hy in die koshuis 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid kan beleef ter wille van die stabiliserende effek daarvan op veral sy affektiewe ontplooiing. Koshuispersoneel moet nie net aanvul= lend meewerk aan die opvoeding van gehoorgestremde kinders nie, maar moet dikwels selfs plaasvervangend vir die ouer optree veral in die talle gevalle waar gehoorgestremde kinders in die Republiek van Suid-Afrika so ver van hul ouerhuise af skoolgaan en hulle dan slegs met die lang skoolvakansies huis toe kan gaan. Dit is egter gebiedend noodsaaklik dat geen ouer van 'n gehoor= gestremde kind sy opvoedingsplig ten volle op die skouers van die skoolpersoneel sal plaas nie, maar dat ouers hierdie plig slegs sal deel met die skoolpersoneel deur die nodige noue skakeling te handhaaf en samewerking te verleen as medeverantwoordelikes vir die swakhorende kind se besondere opvoeding.

In die pre-primêre afdeling vir gehoorgestremde kleuters is die aanvanklike doel nie om die kind tot die verowering van formele kultuursisteme en vaardighede te bring nie, maar om hom tot die bemeestering van 'n toereikende kommunikasiemiddel en 'n optimaal-korrekte spreektaal te bring - 'n aangeleentheid waarsonder sy opvoeding en onderwys nie na behore kan verloop nie. Ten einde 'n korrekte spreektaal te bemeester, is dit nie slegs nodig dat die swakhorende kleuter sal leer om sy gehoor deur spraaklees aan te vul nie, maar dat hy deur lees en skryf bewus sal word van die spesifieke tekorte ten aansien van dit wat hy hoor. Anders as in die geval van die dowe is daar by die swakhorende kleuter tydens toetrede tot die pre-primêre afdeling reeds 'n spreektaal wat as fondament kan dien waarop voortgebou kan word. Hierdie fondament is egter in 'n mindere of meerdere mate gebrekkig, afhangende van die aard en omvang van elke sodanige kind se eiesoortige gehoortekort en die mate van sukses wat die ouers in hul opvoedingsbemoeie= nis met hom bereik het.

Voorafgaande besinninge oor enkele aktuele aangeleenthede het die bestaansreg van pre-primêre onderwys aan swakhorendes duidelik aangetoon. Hoe gouer daar op verantwoordbare wyse bemoeienis ten aansien van hul opvoeding (langs besondere weë) met hierdie swakhorende kinders gemaak word, hoe groter is die kans om die remmende uitwerking wat hul gehoortekort op hul volwassewording mag hê, te oorbrug en tot die absolute minimum te beperk. Tydige formele pedagogiese bemoeienis met die swak= horende kleuter sal sy vermoë vergroot om deur goeie spraak en taal te kan kommunikeer en hom sodoende in staat stel tot suk= sesvoller inskakeling in die wêreld van goedhorendes, toerei= kender selfstandigheidswording en maksimale selfverwerkliking.

### 6.1.3 Die doel met en die struktuur van pre-primêre onderwys aan swakhorende leerlinge

Pre-primêre onderwys aan swakhorende kinders het ten doel om deur middel van spesiaal ontwerpte metodes en tegnieke die agterstand wat dié kinders toon ten aansien van spraak en taal as denk-, ekspressie en kommunikasiemiddel, vir sover dit moontlik is, in te haal op die goedhorende kind. Die onderwys aan gehoorgestremde kinders is 'n moeisame en tydrowende taak en is en bly een van die moeilikste en mees gespesialiseerde vorms van buitengewone onderwys. Verbetering van die spreek= taal van die swakhorende impliseer sowel taalonderrig ter verowering van 'n beter taalbesit, as spraakonderrig met klem op die inwerkingstelling van onbenutte spraakorgane en optimale gebruikmaking van beskikbare gehoorreste met aanvulling deur spraaklees van dié klanke wat die kind nie kan hoor nie.

Eers wanneer die swakhorende insig in die simboolsisteem van taal verkry het en besef dat hy sekere klanke nie kan hoor nie, is dit vir hom moontlik om 'n soepele taalgebruik te bemeester en tot toereikende beheersing daarvan te kom om sodoende 'n denkmiddel te verwerf waarmee hy ook oor abstraksies kan besin. Omdat getalontdekking die hantering van taalbegrippe op abstrakte denkniveau vereis, kan en moet die onderrig daarin eers 'n aan= vang neem nadat die swakhorende kind oor 'n eie toereikende, funksionele taal beskik.

## 6.2 DIE KURRIKULUM ASOOK METODES EN TEGNIEKE VAN ONDERRIG SOOS VAN TOEPASSING OP PRE-PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAK= HORENDE KLEUTERS

### 6.2.1 Die kurrikulum

In die Republiek van Suid-Afrika wissel die duur van die pre-primêre onderwysprogram vir gehoorgestremdes tussen een en vier jaar. Die duur van die program hang af van die aard en omvang van die gehoorverlies van elke indiwiduele swakhorende kind, sy tempo van vordering, die mate waarin hy sy gehoorreste (aange= vul met sy gehoorapparaat) benut en die peil van skolastiese vordering wat in die besondere skool of klas vereis word om met primêre onderwys te begin. Die kurrikulum van die pre-primêre afdelings aan skole vir gehoorgestremdes onder beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding in die Republiek van Suid-Afrika bestaan uit: Vooroefeninge vir Spraaklees, Spraaklees, Vooroefeninge vir Spraak, Spraak, Lees, Skrif, Taalonderrig, Vrye Spel, Liggaamlike Opvoeding, Getalontdekking, Kunsvlyt en Gehoorwaarneming.

### 6.2.2 Die mondelinge onderrigmetode en kommunikasiewyse

Al die skole vir gehoorgestremdes in die Republiek van Suid-Afrika maak tans van die mondelinge onderrigmetode gebruik ten einde die kind tot doeltreffende spreektaalbeheersing te bring. 'n Doeltreffende wyse van mondelinge kommunikasie word met veel moeite tot stand gebring, maar hierdie moeite word ryklik beloon deurdat dit die swakhorende enersyds in staat stel om die korrekte betekenis te gee aan die spraak van die goedhorende wat hom aanspreek en andersyds bied dit aan die swakhorende die geleentheid om self só te leer praat dat enige goedhorende per= soon hom maklik sal verstaan. Die bemeestering van spraaklees en eie spraak ten aansien van dié klanke wat die swakhorende nie hoor nie, is vir hom 'n groot opgaaf wat selde volmaakt= heid bereik, maar desnieteenstaande vir hom 'n onskatbare bate is vir sy meelewing in 'n horende gemeenskap.

6.2.3 Tegnieke wat gebruik word om die swakhorende kleuter tot verowering van toereikende spreektaal te bring

a. Gehoorbenutting deur middel van gehoorapparaat en gehoorverskerpingsoefening

In alle skole vir gehoorgestremdes in die Republiek van Suid-Afrika word indiwiduele leerlinge met hul eie gehoortoestelle toegerus en is die klaskamers voorsien van 'n ringgeleiding= sisteem en/of 'n groepgehoortoestel. In sommige skole word besondere aandag gegee aan verskerping van die leerlinge se beskikbare gehoorreste ter wille van maksimale implementering daarvan.

b. Spraaklees

Omdat swakhorende leerlinge se verkenning van die werklikheid by wyse van hul gehoor deur visuele waarneming aangevul moet word, is dit noodsaaklik enersyds vir die aanleer van taal en andersyds om betekenis te kan gee aan dié mondbewegings wat klanke voortbring wat hulle nie kan hoor nie, dat besondere aandag geskenk word aan bevordering van leerlinge se vermoë om spraak te kan lees. Spraaklees word daarom indiwidueel en in groepverband onderrig met besondere klem op dié klanke wat sonder of met weinig lipbewegings gepaard gaan.

c. Artikulasie-onderrig

Artikulasie-onderrig is die moeilikste faset van die onderwys aan gehoorgestremde leerlinge. In die Transoranje- en St Vincentskool vir Dowes word artikulasie-onderrig ook aan die swakhorende leerlinge in die skool deur sowel spesiaal opge= leide spraakterapeute in afsonderlike spraakwerkkamers as deur onderwysers in die gewone klaskamers behartig. Aan die Skool vir Dowes te Worcester word hierdie taak ten aansien van die swakhorendes deur die klasonderwyseresse van die pre-primêre en primêre afdelings self behartig. Aan Sonitus-skool word arti= kulasie-onderrig deur die klasonderwyser behartig en waar nodig deur die spraakterapeut.

6.3 DIE HUIDIGE PRAKTYK TEN AANSIEN VAN GEDIFFERENSIEERDE PRE-PRIMÊRE ONDERWYS AAN SKOLE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA WAT SWAKHORENDES HUISVES

6.3.1 Afsonderlike voorsiening vir die onderwys aan swak= horende leerlinge teenoor onderwys vir dowe en swak= horende leerlinge in dieselfde klas

Die skole vir dowes in die Republiek van Suid-Afrika is ten

gunste van afsonderlike skole vir swakhorende leerlinge en is dit eens dat laasgenoemde leerlinge nie saam met dowes onderrig behoort te ontvang nie. Ter voorbereiding vir die stigting van sodanige afsonderlike skole is swakhorende kleuters sedert 1971 in 'n aparte afdeling aan die Transoranje-skool vir Dowes gehuis= ves. Hoewel die St Vincent- en Worcesterse Skool vir Dowes elk oor 'n relatief groot leerlingtal beskik, was die aantal swakhorende kleuters per klas (tydens besoeke aan die skole) so klein dat hulle volgens die huidige personeelvoorsiening= skaal nog nie op afsonderlike personeel vir hierdie klasse gereg= tig was nie. Gevolglik is die swakhorende kleuters in dié skole saam met die dowe kleuters in dieselfde klasse onderrig. Die klein getal swakhorende leerlinge aan die skool te Worcester kan toegeskryf word aan die feit dat die onderwys van "gedeeltelik horende" leerlinge onder die Kaapse Onderwysdepartement ressor= teer en hierdie leerlinge aan provinsiale skole in aparte een= hede gehuisves word. In Natal geld dieselfde bedeling as in Kaapland, terwyl gehoorgestremde leerlinge afkomstig uit die Oranje-Vrystaat en Suidwes-Afrika van die onderwysgeriewe van die betrokke skole van die Departement van Nasionale Opvoeding in Transvaal of in Kaapland gebruik maak.

### 6.3.2 <u>Kriteria wat gebruik word met die oog op plasing van gehoorgestremde leerlinge in skole vir dowes of in skole vir swakhorende leerlinge</u>

Swakhorendheid grens enersyds aan goedhorendheid en andersyds aan doofheid en tussen hierdie twee grense kom daar aansienlike variasies van swakhorendheid voor. Aangesien dowe leerlinge by uitstek op hul gesigsintuig en swakhorende leerlinge by uitstek op hul gehoorsintuig vir hul onderwys aangewese is, moet daar bepaal word op watter een van bogenoemde sintuie elke beson= dere gehoorgestremde leerling vir sy onderwys aangewys is. Kriteria wat by sodanige bepaling in aanmerking geneem moet word, is onder andere -

1. die stand van 'n gehoorgestremde leerling se taal- en spraakverowering, en
2. die aard en omvang van die gehoorverlies soos vasgestel deur gehoormeting.

Plasing van leerlinge wat volgens bogenoemde kriteria òf doof òf swakhorend is, skep in die reël geen probleme nie. Wat betref die skoolplasing van die grensgevalle (tussen swakhorend en doof) egter, moet meer as slegs bogenoemde kriteria in ag geneem word. Daar moet gelet word op onder andere die volgende addisionele faktore:

1. Aard en graad van gehoorverlies.
2. Ouderdom waarop die gehoorverlies ingetree het.
3. Prognose.
4. Verstandelike vermoëns.
5. Vermoë om spraak en taal te hoor en te verstaan.
6. Natuurlike aanleg vir spraaklees.
7. Peil van taalontwikkeling en potensiële vermoë om te vorder.
8. Peil van spraakontwikkeling en potensiële vermoë om te vorder.
9. Skolastiese prestasies vergeleke met verstandelike vermoëns, waar van toepassing.
10. Huislike faktore (sosio-ekonomiese omstandighede en die houding van die ouers teenoor die gebrek).
11. Persoonlikheidseienskappe, byvoorbeeld konsentrasievermoë, retensievermoë, deursettingsvermoë, ekstraversie, ens.
12. Enige ander faktor wat 'n rol mag speel.

### 6.3.3 Die implementering van differensiasie in die klaskamerpraktyk in skole vir dowes wat ook swakhorende leerlinge huisves

Aan al die skole vir gehoorgestremde leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika (behalwe Transoranje-skool vir Dowes) was die aantal swakhorende en dowe pre-primêre skoolbeginners jaarliks nog te min vir verdeling in meer as een klas. Transoranje-skool vir Dowes het vir etlike jare elke jaar soveel pre-primêre skoolbeginners gehad dat die dowe skoolbeginners in drie klasse en die swakhorendes in een afsonderlike klas ingedeel kon word. Sedert April 1973 is die pre-primêre afdeling van Transoranje-skool vir Dowes oorgeplaas na Sonitus waar die getalle in 1974 reeds twee kleuterklasse geregverdig het.

Die plasing van ouer skoolbeginners in klasse lewer soms probleme, aangesien hulle nóg tussen kleuters nóg tussen hul ouderdomsgenote wat skolasties verder gevorder het, sal tuisvoel. Om dié probleem die hoof te bied, maak die Worcesterse Skool vir Dowes spesiale voorsiening vir ses- tot agtjarige gehoorgestremde skoolbeginners deur hulle in 'n afsonderlike klas te plaas wat deel van dié skool se primêre afdeling vorm.

In die St Vincent-skool vir Dowes word gehoorgestremde skoolbeginners, wat naas hul gehoortekort ook gebuk gaan onder ander gestremdhede, voorwaardelik in 'n aparte klas opgeneem omdat daar tans nog geen heenkome vir sulke leerlinge bestaan nie. Hierdie leerlinge verg absolute indiwiduele aandag en hul vordering is uiters stadig.

Met inagneming van die geweldige opgaaf om die gehoorgestremde kleuter gedurende sy eerste jaar op skool tot spreektaalkommunikasie te bring, blyk dit dat die huidige personeelvoorsieningskaal ten aansien van pre-primêre onderwys ontoereikend is. Om daagliks intensiewe, indiwiduele onderrig aan nege leerlinge te kan gee, sodat elkeen tot sy reg kom, verg uiterste inspanning en toewyding, veral as sommige van hierdie leerlinge glad nie die vorderingstempo van die meerderheid in die klas kan handhaaf nie. 'n Heterogene klas van nege leerlinge behoort in kleiner klasgroepe verdeel te word om aan elke leerling in dié groep reg te kan laat geskied.

Die wyse waarop daar tans gedifferensieer word, word gekenmerk deur 'n ongelyke hoeveelheid indiwiduele aandag wat aan verskillende leerlinge ooreenkomstig elkeen se moontlikhede geskenk word. Vir die intelligentste leerlinge word voorsiening gemaak om teen versnelde tempo met omvangryker en meer gevorderde leerinhoude voort te gaan. Die grootste groep in elke klas vorder gewoonlik volgens die normale tempo, maar in elke klas is daar een of meer kinders wat weens beperkte verstandelike moontlikhede en die aanwesigheid van een of ander bykomstige gestremdheid, teen 'n vertraagde tempo vorder.

### 6.4 KRITERIA WAT GEBRUIK WORD MET DIE OOG OP PLASING VAN SWAKHORENDE LEERLINGE IN SKOLE VIR HARDHORENDE LEERLINGE OF IN PROVINSIALE SKOLE OF KLASSE VIR GEDEELTELIK HORENDE LEERLINGE

Daar word nie deur die onderwysdepartemente van Natal of Kaapland (wat albei wel onderwys aan gedeeltelik horende leerlinge op primêre skoolvlak bied) vir gedeeltelik horende kleuters op pre-primêre vlak aan provinsiale skole voorsiening gemaak nie. In Kaapland maak Hospitaaldienste sodanige voorsiening aan die Tygerbergse Hospitaal, Parow.

## 7 PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MET SPESIALE VERWYSING NA DIFFERENSIASIE

### 7.1 INLEIDENDE OPMERKING

Aan al die skole vir gehoorgestremdes in die Republiek van Suid-Afrika word gepoog om alle leerlinge wat vroegtydig uitgeken word, eers 'n pre-primêre onderwysprogram te laat deurloop voordat hulle in die primêre afdeling van die skool opgeneem word. Primêre onderwys aan swakhorende leerlinge duur onder gewone omstandighede sewe jaar, naamlik van klas 1 tot klas 7.

## 7.2 DIE DOEL MET PRIMÊRE ONDERWYS

Die verowering van taal in sowel gesproke as geskrewe vorm, is en bly vir elke swakhorende 'n besondere opgaaf dwarsdeur sy skoolloopbaan. In die primêre afdeling word dus, net soos in die pre-primêre afdeling, daarna gestreef om 'n deeglike taal=fondament by die swakhorende kind te lê en vorm die verowering van taal as kommunikasie-, denk-, redeneer-, ekspressie- en eksplorasiemiddel die kern van primêre onderwys aan die swak=horende kind. In die taalonderrigprogram word besonder baie aandag daaraan bestee om die swakhorende se taalgebruik te verbeter en uit te bou tot verstaanbare en korrekte, goed gear=tikuleerde spraak.

## 7.3 KRITERIA WAARVOLGENS EN WYSES WAAROP DIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE OP PRIMÊRE ONDERWYSVLAK IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA GEÏMPLEMENTEER WORD

### 7.3.1 Amptelike kriteria waarvolgens swakhorende leerlinge geklassifiseer word vir plasing in skole vir hardhorende leerlinge of in provinsiale skole of klasse vir gedeel=telik horende leerlinge

Die volgende kriteria vir die indeling van gehoorgestremde leer=linge in die onderstaande kategorieë, is deur die Minister van Nasionale Opvoeding in 1972 goedgekeur.

a. Kategorie I: Gedeeltelik horende kinders

Leerlinge wat, ten spyte van 'n geringe gehoorverlies, hul onder=wys in gewone klasse aan gewone skole sonder nadelige gevolge van enige soort kan ontvang. Hulle mag behoefte hê aan deel=tydse spesiale hulp van rondgaande onderwysers, gehoorapparate en gunstige sitplekke in die klaskamer. Hulle mag ook leer=linge wees wat vanweë gehoorverlies behoefte het aan toepaslike onderwys en geriewe in klasse verbonde aan gewone skole of in "kliniekskole vir gedeeltelik horende kinders" vir 'n tydperk, maar van wie dit redelikerwys verwag kan word om gedurende die primêre skooltydperk of op sekondêre skoolvlak in gewone skole ingeskakel te kan word.

b. Kategorie II: Hardhorende kinders

Leerlinge wie se gehoorverlies waarskynlik die bywoning van 'n skool vir hardhorende leerlinge vir hulle hele skoolloopbaan sal noodsaak, maar wat nie behoefte het aan die onderwysmetodes wat vir dowe kinders gebruik word nie.

c. Kategorie III: Dowe kinders

Leerlinge wat 'n gehoorverlies het wat dit nodig maak dat hulle onderrig ontvang deur onderwysmetodes wat in skole vir dowes gebruik word.

Die besluit van die Minister lui voorts dat die volgende faktore in ag geneem moet word by die beoordeling van kinders vir die doeleindes van klassifikasie ooreenkomstig bogenoemde kategorieë:

1. Aard en graad van gehoorverlies.
2. Ouderdom waarop die gehoorverlies ingetree het.
3. Prognose.
4. Verstandelike vermoëns.
5. Vermoë om spraak en taal te hoor en te verstaan.
6. Natuurlike aanleg vir spraaklees.
7. Peil van taalontwikkeling en potensiële vermoë om te vorder.
8. Peil van spraakontwikkeling en potensiële vermoë om te vorder.
9. Skolastiese prestasies vergeleke met verstandelike vermoëns, waar van toepassing.
10. Huislike faktore (sosio-ekonomiese omstandighede en die houding van die ouers teenoor die gebrek).
11. Persoonlikheidseienskappe, byvoorbeeld konsentrasievermoë, retensievermoë, deursettingsvermoë, ekstraversie, ens.
12. Enige ander faktor wat 'n rol mag speel.

Die Minister het verder besluit dat die provinsiale onderwys= departemente verantwoordelikheid moet aanvaar vir die leerlinge onder Kategorie I genoem en dat die kinders onder Kategorieë II en III onderwys moet ontvang in skole onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding; met dien verstande dat daar voorsiening moet wees vir die oorplasing van 'n leerling van een kategorie na 'n ander wanneer dit in die belang van die kind nodig geag word.

### 7.3.2 Implementering van hierdie kriteria en die praktiese implikasies daarvan

Die onderwysdepartemente van die Oranje-Vrystaat, Transvaal en Suidwes-Afrika maak geen voorsiening vir onderwys aan gedeelte= lik horende kinders nie en verwys alle swakhorende kinders wat hulle in gewone skole vasloop, na skole vir gehoorgestremdes wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer. In Kaapland en Natal word voorsiening gemaak vir die onderwys van gedeeltelik horende kinders in voltydse klasse verbonde aan gewone provinsiale primêre skole. Benewens voltydse klasse maak hier=

die twee provinsiale onderwysdepartemente ook voorsiening daarvoor dat sodanige kinders saam met goedhorendes in dieselfde klas geplaas word en periodiek besoek ontvang van opgeleide, rondreisende onderwysers van gehoorgestremde kinders.

Die verskil tussen 'n gedeeltelik horende en hardhorende is in die voorgenoemde kriteria vaag gestel,met die gevolg dat konse= kwentheid ten aansien van indeling van swakhorende leerlinge in laasgenoemde twee kategorieë moeilik is. Dit gebeur nog dat leerlinge wat van hierdie provinsiale onderwysdienste vir swakhorendes gebruik gemaak het, aansoek doen om toelating tot die betrokke skole van die Departement van Nasionale Opvoeding omdat hulle dit moeilik en soms onmoontlik vind om suksesvol in provinsiale skole in te skakel of omdat hulle skolasties daar geen vordering meer kan maak nie. Sodanige vasgelopenheid het verreikende gevolge vir so 'n leerling se persoonstruktuuront= plooiing en skolastiese vordering en verg by toetrede tot die skool vir gehoorgestremdes intensiewe ortopedagogiese en orto= didaktiese bemoeienis.

### 7.3.3 <u>Die aard en graad van gehoorverlies as kriterium vir gedifferensieerde primêre onderwys</u>

Die groot verskille ten aansien van aard en graad van gehoor= verlies, tesame met die gewone verskille tussen leerlinge ten aansien van onder andere intelligensievermoë, belangstelling en aanleg, het daartoe gelei dat die noodsaaklikheid van diffe= rensiasie in skole vir gehoorgestremdes so sterk aangevoel is dat elke skool op eie inisiatief reeds verskeie vorme van differensiasie implementeer. Pogings om swakhorende leerlinge sover moontlik in aparte afdelings of klasse saam te groepeer, is een van hierdie wyses van differensiasie. Die beplanning van afsonderlike skole vir swakhorende leerlinge is 'n uit= vloeisel van die besef dat daar daadwerklik gedifferensieer moet word ten aansien van die onderwys van dowe en swakhorende leerlinge. Die klein getal swakhorende leerlinge per standerd het meegebring dat dowe en swakhorende leerlinge aan sommige skole vir dowes dikwels saam gegroepeer moes word, nieteenstaande besef word dat dit prakties onmoontlik is om in so 'n situasie reg te laat geskied aan beide groepe kinders. Onderwys aan dowes is immers by uitstek op die gesigsintuig gerig en onder= wys aan swakhorendes op die optimale benutting van gehoorreste. Aangesien die dowe leerling se werktempo in taalonderrig gewoon= lik stadiger as dié van swakhorendes is, sal die swakhorende leerlinge se taalverowering noodwendig onnodiglik vertraag word in 'n klas waar hulle saam met dowes taalonderrig ontvang. Afsonderlike onderwysvoorsiening vir dowe en swakhorende leer= linge blyk dus noodsaaklik te wees.

Ten aansien van die gangbare praktyk dat swakhorende leerlinge aan gewone skole in gewone klasse bly solank as wat hulle daar enige vordering toon, moet daar besin word oor die moontlikheid dat dieselfde swakhorende leerlinge veel beter sou kon vorder in 'n skool waar die metodiek in besonder op die opvoeding en onderwys van die swakhorende toegespits is. Tensy die werk=tempo van 'n klas, bestaande uit swakhorende en goedhorende leerlinge (tot skade van die goedhorendes) vertraag word en die nodige toegewings aan die swakhorendes gemaak word, is dit moontlik dat selfs 'n kind met 'n geringe gehoortekort die tempo van die goedhorende nie sal kan handhaaf en sal presteer ooreenkomstig sy werklike moontlikhede nie.

### 7.3.4 Intelligensieverskille onder swakhorende leerlinge as kriterium vir differensiasie

Hoewel intelligensievermoë nie die enigste faktor is wat die skolastiese vordering van swakhorende leerlinge bepaal nie, is die meer intelligente swakhorende leerlinge oor die algemeen in staat om meer gevorderde leerinhoude te bemeester en 'n versnelde werktempo ten opsigte van hul onderwys te handhaaf. Ten aansien van minder intelligente swakhorende leerlinge word sover moontlik binne klasverband gedifferensieer en wel by wyse van verskraalde (verdunde) leerinhoud en/of vertraagde werk=tempo. Waar getalle dit regverdig, word minder intelligente leerlinge in afsonderlike klasse gegroepeer. Hierdie klasse vorm die "spesiale klasse" of "handwerkafdelings" aan die skole vir dowes in die Republiek van Suid-Afrika. Aan die St Vincent-skool vir Dowes word meervoudiggestremde gehoorgestremde leer=linge in 'n afsonderlike klas gegroepeer, aangesien hul onderrig nog meer indiwiduele aandag en gespesialiseerde hulp verg.

Wat betref die afsonderlike klasse vir gedeeltelik horende leerlinge aan provinsiale skole word verstandelik gestremde gedeeltelik horende leerlinge in aparte klasgroepe, of waar die getal leerlinge te klein is om 'n aparte klasgroep te reg=verdig, saam met intelligente swakhorendes in dieselfde klas=groep geplaas, nieteenstaande die feit dat hulle die sillabusse vir verstandelik gestremde goedhorende leerlinge volg. Die standpunt word gehuldig dat aangesien onderwys aan gehoorgestrem=de leerlinge op indiwiduele grondslag berus, dit eintlik nie saak maak of verstandelik gestremde swakhorendes in 'n aparte klasgroep of saam met intelligente swakhorende leerlinge geplaas word nie.

### 7.3.5 Die peil van skolastiese vordering van nuwe leerlinge as kriterium vir differensiasie

Dit gebeur dikwels dat swakhorende leerlinge na vierjarige

ouderdom by 'n skool vir gehoorgestremdes aanmeld met die oog op toelating. Die rede hiervoor is moontlik dat die gehoortekort eers na vierjarige ouderdom uitgeken is, of dat swakhorendheid eers ingetree het nadat die kind een of ander kindersiekte opgedoen het, of dat ouers ongeneë was om hul swakhorende kind uit die staanspoor na 'n skool vir swakhorendes te stuur. Af= hangende van sy eiesoortige omstandighede en die aard en omvang van sy gehoorverlies, deurloop so 'n leerling gewoonlik eers 'n oriënteringstydperk om hom òf enersyds bekend te stel met die nuwe skoolse opset òf andersyds om by wyse van intensiewe indiwiduele hulp hom te help om dieselfde niveau ten aansien van taal, spraak en spraaklees te bereik as dié waarop die leerlinge in die klas is waarby hy sal moet inskakel.

Gehoorgestremde kinders van immigrante-ouers moet aan 'n skool vir gehoorgestremdes gewoonlik eers die voertaal van die skool aanleer. Indien sulke kinders dagskoliere is, word die taak van die personeel verder bemoeilik omdat die ouers geen aandeel in die tuisonderrig kan hê as hulle self ook nie die voertaal van die skool toereikend magtig is nie. Sulke gehoorgestremde kinders moet gevolglik eers met die voertaal van die skool ver= troud gemaak word voordat hulle in een of ander klas geplaas kan word.

### 7.3.6 Differensiasie binne klasverband

Differensiasie binne klasverband het ten doel om elke leerling die geleentheid te bied om volgens sy totale persoonsmoontlik= hede te vorder. Sodanige differensiasie bemoeilik die onder= wyser se taak ten aansien van intensiewe indiwiduele aandag aan elke leerling en kan nie op sukses aanspraak maak as die onder= wyser sy aandag aan te veel leerlinge moet wy nie. Differen= siasie binne klasverband behels dus differensiasie in tempo van vordering deur versnelling of vertraging van die gangbare werk= tempo en verryking of verskraling (verdunning) van die voorge= skrewe leerinhoud ooreenkomstig elke leerling se persoonskwali= teite.

## 7.4 GEDIFFERENSIEERDE KURRIKULA EN SILLABUSSE

Die kurrikulum ten aansien van primêre onderwys aan swakhorende leerlinge bestaan uit: Moedertaalonderrig (Afrikaans of Engels), Spraaklees, Spraak (spraakontwikkeling en -korreksiewerk), Skrif, Tweede Taal (Afrikaans of Engels), Aardrykskunde, Geskiedenis, Getalontdekking/Wiskunde, Natuurstudie; Fisio= logie en Gesondheidsleer, vaardigheidsvakke vir seuns en dogters, Godsdiensonderrig, Liggaamlike Opvoeding en Gehoorwaarnemings= oefeninge. Ten aansien van elkeen van voorgenoemde vakke word

in die sillabus voorsiening gemaak vir differensiasie by wyse van vertraagde en versnelde werktempo asook verskraalde (ver=dunde) en verrykte leerinhoud vir onderskeidelik minder intelli=gente en meer intelligente swakhorende leerlinge.

Die voorgeskrewe sillabusse vir goedhorende leerlinge van die onderwysdepartement van die provinsie waarbinne die skool geleë is, word deur al die skole/klasse vir gehoorgestremdes gevolg ten aansien van die onderwys aan swakhorende primêre leerlinge. Dikwels word dié sillabusse egter so gewysig dat dit 'n eie karakter verwerf wat pas by die onderwysbehoeftes en -moontlik=hede van die betrokke groep swakhorende leerlinge. Hierdie gewysigde sillabusse word dikwels jaarliks hersien in die lig van die moontlikhede en bevatlikheidsvermoë van elke nuwe groep leerlinge.

Verstandelik gestremde swakhorende leerlinge word in 'n spe=siale afdeling of klasse geplaas waar die klem in die kurrikulum hoofsaaklik val op prakties beroepsgerigte vakke soos Houtwerk, Plaatmetaalwerk, Kunsvlyt, Leerwerk, Boekbindery, Kookkuns en Naaldwerk, ter vervanging van die meer teoreties georiënteerde vakke soos Aardrykskunde, Geskiedenis, Gesondheidsleer, Natuur=studie en die Tweede Taal. Die Kaaplandse en Natalse Onderwys=departemente maak daarvoor voorsiening dat verstandelik gestremde swakhorende leerlinge die betrokke departementele sillabusse vir verstandelik gestremde leerlinge volg en laat hulle toe om in elke vak afsonderlik op eie tempo te vorder.

## 8 GEDIFFERENSIEERDE SEKONDÊRE ONDERWYS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### 8.1 INLEIDING

In die huidige tydsgewrig is dit vir die swakhorende, nog meer as vir die goedhorende, noodsaaklik om die hoogs moontlike onderwyspeil te bereik ten einde hom te vrywaar van moontlike diskriminasie op grond van sy gehoortekort en gepaardgaande swakker kommunikasiemoontlikheid (in vergelyking met dié van die goedhorende). Aangesien sy kommunikasieprobleme vordering op tersiêre onderwysvlak vir die swakhorende 'n uiters moeilike opgaaf maak, waarin slegs enkeles die mas kan opkom, is sekon=dêre onderwys vir die meeste swakhorendes hul finale gereed=makings- en afrondingsjare vir uiteindelike toetrede tot die beroepslewe. Dit is opvallend dat sekondêre onderwys aan swak=horende leerlinge verbonde aan skole vir dowes in die Republiek van Suid-Afrika, by uitstek beroepsgerig is om in die onderwys=behoeftes in dié verband van die meerderheid van hierdie leer=

linge te voorsien. Geen leerling word egter die voorreg ontsê om 'n meer akademies georiënteerde onderwysrigting te volg nie. By afsonderlike skole vir swakhorende leerlinge (Departement van Nasionale Opvoeding) word die algemene st. 10-kursus (met of sonder universiteitstoelating) gevolg, maar die tegnies-beroepsgerigte studierigtings word aangebied vir dié leerlinge wat daarop aangewese is. In Kaapland volg die verstandelik normale swakhorende leerlinge die gewone departementele silla=busse vir sekondêre leerlinge met dieselfde differensiëring soos vir goedhorende leerlinge. In Kaapland en Natal skakel gedeeltelik horende leerlinge in by sekondêre skole vir goed=horendes.

## 8.2 WYSES VAN DIFFERENSIASIE EN DIE ONDERRIGPROGRAMME AAN DIE ONDERSKEIE SKOLE VIR GEHOORGESTREMDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### 8.2.1 Die Worcesterse Skool vir Dowes

#### a. Die aard van die kursusse wat aangebied word

Aan bogenoemde skool word van die standpunt uitgegaan dat alle gehoorgestremde leerlinge hulself ten beste in hul beroepslewe sal kan verantwoord indien hulle op skool ook tegniese (vir seuns) of huishoudkundige (vir meisies) onderrig ontvang het. Daarom ontvang alle leerlinge tot die einde van hul standerd agt-jaar prakties beroepsgerigte onderwys met opleiding in tegniese vakke (seuns) en huishoudkundevakke (meisies). Na suksesvolle aflegging van die standerd agteksamen, verwerf die seuns die Nasionale Tegniese Junior Sertifikaat en die meisies die Nasionale Huishoudkunde Junior Sertifikaat. Hoewel die meeste "gemiddelde" leerlinge die skool na standerd agt verlaat, ontvang dié leerlinge wat aanbly, verder onderwys vir drie jaar ter verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (met of sonder universiteitstoelating) in 'n algemene, handels- of gevorderde tegniese of huishoudkunde rigting. Daar word dus in hierdie skool in standerd nege en tien op so 'n wyse gedifferensieer dat die intelligenter leerlinge in die geleent=heid gestel word om 'n st. 10-kursus (met of sonder universi=teitstoelating) te volg.

Leerlinge wat nie in staat is om sekere vakke wat deel vorm van die kurrikulum van die Nasionale Junior Sertifikaatkursus te bemeester nie en dit ook veral moeilik vind om die teoretiese gedeelte van 'n tegnies beroepsgerigte of huishoudkundige kursus te kan volg, ontvang hoofsaaklik tegnies beroepsgerigte onderrig in 'n tegniese rigting (vir seuns) of huishoudkundige rigting (vir dogters) waarvan die teoretiese gedeelte verkort of vereen=

voudig is. Dié betrokke seuns volg dan gewoonlik die "makliker" ambagte soos sweiswerk en bouwerk, laasgenoemde wat messel-, pleister- en skilderwerk insluit.

b. Die samestelling van die kursusse met verwysing na die wyses van leerstofaanbieding

1. Kurrikulum van kursusse wat lei tot die verwerwing van die Nasionale Junior Sertifikaat

Die prakties georiënteerde kursus wat lei tot die verwerwing van 'n Nasionale Tegniese (of Huishoudkundige) Junior Sertifikaat duur vier jaar omdat die onderwysprogram van standerd sewe en agt tesame drie jaar in beslag neem. Seuns ontvang gedurende al vier jare beroepsgerigte onderrig in al die tegniese vakke wat die skool aanbied, maar in slegs een vak (dié vak waaraan die leerling voorkeur gee of waarin hy die beste presteer) word daar gedurende die laaste twee jaar ook die teoretiese gedeelte aangebied en word eksamen daarin afgelê. Intelligenter leerlinge spesialiseer meestal in Pas- en Draaiwerk. Die meisies volg gedurende hierdie vier jaar 'n prakties georiënteerde kursus in huishoudkundige vakke.

Gedurende die skooldag wat in 'n oggend- en middagskof ingedeel is, word die oggendskof aan akademiese vakke en die middagskof aan praktiese vakke gewy. Die kurrikulum van hierdie praktiese kursus is soos volg saamgestel:

(a) Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig en Liggaamlike Opvoeding.

(b) Verpligte eksamenvakke

Afrikaans, Engels, Houtbewerking (vir seuns en slegs in st. 6 'n verpligte eksamenvak), Wiskunde (slegs in st. 6 'n verpligte eksamenvak), Aardrykskunde (slegs in st. 6 'n verpligte eksamenvak), Naaldwerk (vir meisies in st. 6 tot st. 8), Kookkuns (slegs vir meisies in st. 6 tot st. 8) en Tik (slegs meisies in st. 8).

Ten aansien van eersvolgende ambagte volg die seuns die praktiese afdeling van al die ambagte, maar die teoretiese afdeling van net een ambag en eksaminering daarin vind in die finale jaar net ten opsigte van die een ambag plaas: Plaatmetaalwerk, Pas- en Draaiwerk, Houtbewerking en Paneelklopwerk.

(c) Keusevakke vir eksamendoeleindes

Geskiedenis (st. 7 en st. 8), Wiskunde (st. 7 en st. 8), Fisiologie (st. 7 en st. 8), Rekeningkunde (st. 7 en st. 8) en Handelswiskunde (st. 7 en st. 8).

2. Kurrikulum van kursusse wat lei tot die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat

Aangesien die werkprogram vir st. 9 oor twee jaar strek, duur die kursus aan die skool te Worcester ter verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat drie jaar. Vier spesialiserings=rigtings word aangebied waaruit leerlinge hul keuse kan doen, naamlik 'n st. 10-kursus (met of sonder universiteitstoelating), 'n gevorderde tegnies beroepsgerigte kursus, 'n handelskursus en 'n gevorderde huishoudkundekursus. Die volgende vakke word aangebied:

(a) Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig en Liggaamlike Opvoeding.

(b) Verpligte eksamenvakke

Afrikaans en Engels.

(c) Keusevakke vir eksamendoeleindes

Wat betref die vier spesialiseringskursusse word toepaslike vakke uit die volgende gekies: Wiskunde, Tik, Rekeningkunde, Handelswiskunde, Fisiologie, Geskiedenis, Naaldwerk (meisies), Kookkuns (meisies) en Pas- en Draaiwerk (seuns).

3. Kurrikulum van die kursus vir verstandelik gestremde leerlinge (seuns en meisies)

Aan die Worcesterse Skool vir Dowes word na die verstandelik gestremde leerlinge verwys as die "ongeklassifiseerde" groep wat geen amptelike sertifikaat verwerf nie, maar slegs 'n ver=klaring met betrekking tot die duur en tipe praktiese opleiding wat hulle op skool gehad het, ontvang. Die kurrikulum wat deur die seuns gevolg moet word, sluit slegs "makliker" ambagte soos sweiswerk en bouwerk in. Die sillabusse van hierdie ambagsvakke sluit geen of weinig teoretiese leerstof in. Elementêre teoretiese leerstof word by wyse van sketse in plaas van verbale beskrywings aan die leerlinge onderrig, om sodoende die struikelblokke wat hul taalarmoede mag meebring, te oorkom. Wat betref die huishoudkundige vakke wat deur die meisies gevolg

word, kan daarop gewys word dat die leerstof deurgaans prakties georiënteerd is. Verstandelik gestremde leerlinge ontvang benewens onderrig in prakties beroepsgerigte vakke, ook onder= rig in die moedertaal en elementêre Rekenkunde.

8.2.2 Die St Vincent-skool vir Dowes

a. Inleiding

Die groot persentasie leerlinge in die sekondêre afdeling wat die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat in hierdie skool nastreef, is opvallend. Voorafgaande kan daaraan toege= skryf word dat hierdie skool daarna streef om aan elke leerling 'n kursus en vakke aan te bied in ooreenstemming met sy/haar moontlikhede en belangstelling en die personeel 'n geweldige hoeveelheid indiwiduele aandag aan die swakker leerlinge in die onderskeie vakke bestee. Wat betref die vakke wat aangebied word, asook die inhoud en omvang van sillabusse word dit elke jaar hersien in die lig van die intelligensie en peil van sko= lastiese vordering van die leerlinge in die afsonderlike klasse.

Al die leerlinge aan dié skool ontvang tot en met st. 8 eers 'n prakties beroepsgerigte opleiding met spesialisering in ambags- of huishoudkundige vakke voordat daar verdere kursusdifferen= siasie na st. 8 plaasvind. Sodoende word die intelligente leerlinge in staat gestel om 'n st. 10-kursus (met of sonder universiteitstoelating) te kan volg.

b. Groepering van leerlinge in meer as een klas per standerd

Die aantal leerlinge in sommige standerds het dit moontlik gemaak om die leerlinge in meer as een klas per standerd in te deel. Groter homogeniteit is verkry deur hierdie indeling te doen op grond van intelligensie, aanleg en belangstelling. Hier is reeds sprake van differensiasie, aangesien die swakker klasgroepe nie net verskraalde sillabusse volg nie, maar ook vakke kan kies wat meer prakties en minder teoreties van aard is.

c. Die kurrikulum van die kursus wat lei tot die verwerwing van die Nasionale Junior Sertifikaat

Die kurrikulum vir leerlinge in dié studiekursus is soos volg saamgestel:

1. Verpligte nie-eksamenvakke

Godsdiensonderrig en Liggaamlike Opvoeding.

2. <u>Verpligte eksamenvakke</u>

| Seuns | Dogters |
|---|---|
| Afrikaans | Afrikaans |
| Engels | Engels |
| Wiskunde | Wiskunde |
| Houtwerk (prakties) | Tik |
| Houtwerk (teorie) | Naaldwerk |
| Spraak en Spraaklees | Kookkuns |
| Ingenieurstekene | Boekhou |
| Boekhou | Waskunde en Huishoudkunde (Laundry and Housewifery) |
| Pas- en Draaiwerk (st. 8) | |
| Plaatmetaalwerk | |

Aan hierdie skool is 'n dame verantwoordelik vir die onderrig in die tegnies beroepsgerigte vakke en word slegs Houtwerk en Pas- en Draaiwerk deur haar aangebied. Gedurende namiddae en Saterdagoggende word voorsiening gemaak vir bykomstige onderrig in ander vakke soos Sweiswerk, Paneelklopwerk en Motorwerktuigkunde. Aangesien hierdie onderrig deur dowe oud-leerlinge asook ouers behartig word en bywoning van die klasse vrywillig is, word daar nie eksamen in die vakke afgelê nie.

d. <u>Kurrikulum van kursusse wat lei tot die verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat</u>

1. <u>Die st. 10-kursus (met of sonder universiteitstoelating) vir seuns en meisies</u>

Die intelligente leerlinge van 1972 was saam gegroepeer in die st.9A-klasgroep en het onderrig in die volgende vakke ontvang:

Engels, Afrikaans, Boekhou, Wiskunde (meestal net vir seuns), Tik (slegs vir meisies), Ingenieurstekene (net vir seuns), Toegepaste Wetenskap (slegs vir seuns), Aardrykskunde, Kookkuns (slegs vir meisies) en Naaldwerk (slegs vir meisies).

2. <u>Gevorderde tegnies beroepsgerigte kursus</u>

Minder intelligente leerlinge word toegelaat om in die plek van die "moeiliker" vakke soos Wiskunde, Aardrykskunde en Toegepaste Wetenskap meer prakties georiënteerde vakke soos Pas- en Draaiwerk (seuns) en Tik, Naaldwerk en Kookkuns (meisies) te kies met die oog op verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat. Benewens bogenoemde differensiasie in kursusgroepe, word ook voorsiening gemaak vir leerlinge om volgens eie tempo te vorder.

3. Addisionele onderrig

Leerlinge wat nie in staat is om algemene onderwys op senior sekondêre vlak te kan volg nie, maar ook nie bevoeg geag word om die skool na aflegging van die Junior Sertifikaat te ver= laat nie, ontvang vir nog 'n jaar bykomstige onderrig in Ambags= praktyk. Hierdie leerlinge ontvang dan krediet van ses tot nege maande ten opsigte van die vereiste duur van die vakleer= lingskap in hul betrokke ambag.

8.2.3 Die Transoranje-skool vir Dowes

a. Bepalende faktore vir die plasing van gehoorgestremde leerlinge in verskillende studiekursusse

1. Die niveau van skolastiese prestasie

Aan hierdie skool dien skolastiese prestasie gedurende die primêre skoolperiode in 'n groot mate as kriterium vir plasing in een of ander studierigting op sekondêre onderwysvlak. 'n Ontleding van skolastiese prestasie bied 'n goeie aanduiding van 'n leerling se verstandsmoontlikheid asook van sy besondere aanleg en belangstelling. Die leerlinge wat tot aan die einde van hul primêre skoolloopbaan goed gepresteer het, word in die sekondêre skoolafdeling in die st. 10-kursusgroep geplaas met die oog op verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat (met of sonder universiteitstoelating). Leerlinge met 'n gemiddelde intelligensie wat die st. 6-sertifikaat verwerf het, ontvang 'n opleiding van drie jaar in 'n tegnies beroepsgerigte of huis= houdkundige kursus met die oog op verwerwing van die Nasionale Junior Tegniese of Huishoudkundige Sertifikaat.

Verstandelik gestremde leerlinge word nie in standerds ingedeel nie, maar staan bekend as "Handwerkgroepe" wat ooreenkomstig hul ouderdom en reeds bereikte peil van handvaardigheid gegroe= peer word. Laasgenoemde leerlinge ontvang geen departementele sertifikaat nie, maar wel 'n getuigskrif waarin sowel hul bevoegdheid, as die tydperk bestee aan opleiding in 'n ambags- of huishoudkundige rigting, vermeld word.

2. Die ouderdom van die leerling

Omdat sommige ouers talm om hul kind na 'n skool vir gehoor= gestremdes te stuur, gebeur dit soms dat sulke leerlinge, nieteenstaande hul goeie intelligensievermoë, nie hul primêre skoolloopbaan kan voltooi voordat hulle die ouderdom van sestien jaar bereik nie. In die praktyk moet hierdie leerlinge na bereiking van sestienjarige ouderdom, van die primêre afdeling

na 'n tegnies beroepsgerigte of huishoudkundige kursus in die sekondêre afdeling oorgeplaas word, ten einde hulle in die daaropvolgende drie jaar op te lei om eventueel hul plek in die beroepswêreld te kan volstaan.

3. Druiping of swak vordering as bepalende faktor vir kursusverandering

Leerlinge wat herhaaldelik druip, of wat op 'n gevorderde ouder= dom vir die eerste keer dié skool besoek, of om een of ander rede nie na wense in die st. 10-kursus vorder nie, word na 'n tegnies beroepsgerigte of huishoudkundige kursus oorgeplaas.

4. Addisionele opleiding

Vir dogters wat die Nasionale Junior Huishoudkunde Sertifikaat verwerf het, word voorsiening gemaak om 'n bykomende eenjarige kursus in rekenoutomaat- en ponsmasjienwerk as deel van 'n elementêre handelskursus te deurloop. Hierdie addisionele kwalifikasie stel hulle in staat om suksesvol as ponsmasjien= operatrises in die beroepslewe in te skakel.

b. Die samestelling en aard van die studiekursusse wat aangebied word, met spesifieke verwysing na leerstof= aanbieding en eksaminering

1. Die st. 10-kursus (met of sonder universiteitstoelating) vir seuns en meisies

Aan die Transoranje-skool vir Dowes word die leerlinge reeds van st. 5 (wanneer sekondêre onderwys begin) in 'n st. 10-studierigting geplaas. Na vier jaar sekondêre onderwys (st. 5 tot st. 8) word die Nasionale Junior Sertifikaat-eksamen afgelê. Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen word afgelê na 'n verdere drie jaar aangesien die leerstof van st. 9 oor twee jaar aangebied word, omdat gehoorgestremdes gewoonlik nie dieselfde vorderingstempo as goedhorendes kan handhaaf nie.

Die kurrikulum van die st. 10-kursus bestaan uit die volgende vakke:

(a) Verpligte nie-eksamenvakke

Voorligting, Godsdiensonderrig, Spraakonderrig, Spraaklees= onderrig en Liggaamlike Opvoeding.

(b) Verpligte eksamenvakke

Afrikaans, Engels, Fisiologie en Higiëne, Geskiedenis, Rekenkunde, Wiskunde, Tik (vir meisies), Handel, Handelsreg, Kookkuns (vir meisies) en Naaldwerk (vir meisies).

Dit gebeur soms dat swakhorende leerlinge eers op sekondêre onderwysvlak oorskakel van 'n gewone skool na 'n skool vir gehoorgestremdes. Waar sulke leerlinge se vakkeuses aan die gewone skool vakke insluit wat nie deel uitmaak van die kurri= kulum van die skool vir gehoorgestremdes nie, maak laasgenoemde skole spesiale voorsiening vir die onderrig van dié vakke.

2. Die Tegnies Beroepsgerigte Kursus vir seuns

Al die seuns wat nie bevoeg geag word om die st. 10-kursus te volg nie, word in die tegnies beroepsgerigte studierigting geplaas met die doel om na 'n vierjarige onderrigprogram (st. 5 tot st. 8) die Nasionale Tegniese Junior Sertifikaat te ver= werf. Leerlinge wat aanvanklik in 'n st. 10-kursus geplaas is, maar nie die mas daar kan opkom nie, word ook later na bogenoemde tegnies beroepsgerigte rigting oorgeplaas. Die kurrikulum van hierdie kursus bestaan uit:

(a) Verpligte nie-eksamenvakke

Voorligting, Godsdiensonderrig, Spraakonderrig, Spraaklees= onderrig en Liggaamlike Opvoeding.

(b) Verpligte eksamenvakke

Houtbewerking (vir alle st. 6-leerlinge), Metaalbewerking (vir alle st. 6-leerlinge) en 'n keuse uit een van die volgende spe= sialiseringsrigtings, naamlik Houtbewerking (vir st. 7 en st. 8-leerlinge), Pas- en Draaiwerk (vir st. 7 en st. 8-leerlinge) en Paneelklop- en Spuitverfwerk (vir st. 7 en st. 8-leerlinge).

Alhoewel die klem op praktiese werk val, ontvang dié leerlinge ook onderrig in Afrikaans, Engels, Ambagsteorie, Rekenkunde en Wiskunde.

(c) Die aard en samestelling van die sillabusse

Die sillabusse van die vakke wat in die tegnies beroepsgerigte rigting aangebied word, verskil van dié wat vir die st. 10-kursusgroep aangebied word en wel daarin dat die leerstof van die vakke vir eersgenoemde kursus deurgaans verkort en vereen= voudig is en ook meer prakties gerig is. Die sillabusse van

die tegniese vakke is sodanig saamgestel dat die leerlinge gedu= rende die eerste opleidingsjaar kennis maak met die grondbegin= sels van al die tegniese rigtings wat by die skool aangebied word. Hierdie eerste opleidingsjaar kan met reg bestempel word as 'n kennismaking met al die tegniese rigtings wat die skool aanbied en dien as observasietydperk waartydens die instrukteurs 'n goeie beeld vorm van die leerling se besondere belangstelling, aanleg en voorkeur vir 'n spesifieke ambag. Gedurende die oor= blywende gedeelte van hul opleidingstydperk word die leerlinge in 'n spesialiseringsrigting geplaas wat hulle eventueel in staat sal stel om 'n loopbaan in hul gekose ambag te kan volg. Hierdie ambagte sluit onder andere Meubelmakery, Skrynwerk, Pas- en Draaiwerk, Sweiswerk, Loodgieterswerk, Ketelmakery, Paneelklop- en Spuitverfwerk en Litografiese Drukwerk in.

3. Die prakties beroepsgerigte kursus in Huishoudkunde vir meisies

Die doel met en omvang van hierdie kursus vir meisies stem ooreen met dié van die prakties beroepsgerigte kursus vir seuns. In die kurrikulum word die tegniese vakke (soos vir seuns) vervang met die vakke Naaldwerk, Kookkuns en Tik. Die kursus lei tot die verwerwing van die Nasionale Junior Huishoudkunde Sertifikaat.

4. 'n Addisionele eenjaarkursus vir meisies

Meisies wat die Nasionale Huishoudkunde Junior Sertifikaat verower het, ontvang as deel van 'n elementêre handelskursus 'n eenjaaropleiding in rekenoutomaat- en ponsmasjienwerk. Leer= linge wat nie bevoeg geag word om hierdie kursus aan te durf nie, ontvang 'n addisionele eenjaaropleiding in boedbindery.

5. 'n Kursus vir verstandelik gestremde leerlinge (seuns en meisies)

Die verstandelik gestremde leerlinge word saam in 'n sogenaamde Handwerkgroep gegroepeer en deurloop 'n opleidingskursus wat grootliks prakties beroepsgerig is. Hierdie leerlinge ontvang opleiding in ambagte wat by uitstek praktiese onderrig insluit en weinig teorie bevat, naamlik sweiswerk (net seuns), leerwerk, boekbindery en litografiese drukwerk (net seuns). Alhoewel werkwinkelpraktyk die meeste aandag in hul opleiding geniet, ontvang hierdie leerlinge ook onderrig in elementêre Afrikaans, Engels en Rekenkunde.

### 8.2.4 Die Sonitus-skool vir Swakhorendes

Omdat die bouprogram van hierdie skool nog maar net in die eerste

fase, naamlik ten opsigte van die daarstelling van die kleuter=afdeling voltooi is, bestaan daar tans 'n tekort aan ruimte aangesien dié afdeling wat vir 56 kleuters beplan is, die totale leerlingtal (89 leerlinge in Junie 1974) tesame met die admini=stratiewe personeel moet huisves. Hoewel die verdere bouprogram eersdaags 'n aanvang sal neem, het die huidige toedrag van sake die uitwerking dat die skool tans slegs die minimum kan aanbied ten aansien van gedifferensieerde studierigtings.

In st. 5 ontvang leerlinge onderrig in Afrikaans, Engels, Wis=kunde, Wetenskap, Geskiedenis, Aardrykskunde, Boekbindery en Litografiese drukwerk asook Kuns en Naaldwerk, maar is reeds by die junior sekondêre skoolfase ingeskakel. Die st. 6-leerlinge van die skool is gegroepeer in 'n akademiese groep en 'n praktiese groep. Die akademiese groep geniet onderrig in Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Tegniese tekene (seuns) of Tik (meisies), Rekeningkunde asook Boekbindery en Litografiese drukwerk (seuns) of Naaldwerk (mei=sies). Die praktiese groep bestee minder tyd aan die vakke Afrikaans, Engels, Wiskunde, Wetenskap, Geskiedenis en Aardryks=kunde en meer tyd aan tegnies beroepsgerigte vakke soos Tegniese tekene of Tik, Rekeningkunde, Boekbindery en Litografiese druk=werk of Naaldwerk, en Boekbindery (as aparte ambagsvak). Die st. 7-groep het gedurende die eerste helfte van die 1974-skooljaar slegs uit een dogter bestaan wat onderrig ontvang in Afrikaans, Engels, Wiskunde, Geskiedenis, Tik en Rekeningkunde.

Benewens bogenoemde verpligte en keusevakke (vir eksamendoel=eindes), ontvang die leerlinge in alle klasse ook nog onderrig in die volgende nie-eksamenvakke: Godsdiens, Liggaamlike Op=voeding, Skoolmusiek en Jeugweerbaarheid.

In die primêre fase van hierdie skool word die sillabusse van die Transvaalse Onderwysdepartement en in die sekondêre fase dié van die Departement van Nasionale Opvoeding gebruik met enkele wysiginge en vereenvoudiginge waar dit nodig geag word. Ten aansien van kurrikula vir die senior sekondêre afdeling van hierdie skool, word in die beplanning besondere aandag geskenk aan moontlike nuwe studierigtings vir opleiding met die oog op nuwe beroepsrigtings waarin swakhorende leerlinge met vrug kan toetree.

## 8.3 EKSAMINERING

Die eksamenvraestelle vir elke standerd tot en met st. 9 in die sekondêre afdelings van die drie skole vir dowes wat ook swak=horendes huisves, word deur die personeel self opgestel, nage=sien en gemodereer. Briljante leerlinge word aangemoedig om,

naas hierdie interne eksamen, ook die eksterne eksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding in een of meer vakke aan te durf. Die st. 10-eksamen sonder universiteitstoelating word intern afgeneem maar ekstern gemodereer, terwyl die st. 10-eksamen met universiteitstoelating óók ekstern afgelê word.

### 8.4 SLOTOPMERKING

Die klein getal swakhorende leerlinge per standerd bring mee dat hierdie leerlinge, volgens die huidige personeelvoorsieningskaal van die Departement van Nasionale Opvoeding, òf in groepklasse òf saam met dowe leerlinge van dieselfde standerd ingedeel moet word. Hierbenewens bring die klein aantal gehoorgestremde leerlinge per standerd ook mee dat 'n relatief klein verskei=denheid vakke en studierigtings aangebied kan word. Laasge=noemde verskynsel bring mee dat sommige leerlinge noodwendig verhinder word om sekere vakke te neem waarin hulle intens belangstel, aangesien dié vakke weens beperkte personeelvoor=siening net nie aangebied kan word nie.

## 9 DIE SKOOLVOORLIGTINGSDIENS AAN SKOLE VIR SWAKHORENDE LEERLINGE

### 9.1 DIE PRAKTYK TEN OPSIGTE VAN SIELKUNDIGE DIENSTE AAN SKOLE VIR GEHOORGESTREMDES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

#### 9.1.1 Amptelike omskrywinge van relevante aangeleenthede

In die amptelike handleiding vir onderwysersielkundiges van die Departement van Nasionale Opvoeding (123) word die volgende omskrywinge gevind:

a. Die pos van onderwysersielkundige

Die pos van onderwysersielkundige geniet dieselfde status as ander onderwysposte aan skole vir buitengewone onderwys. Om te kwalifiseer vir die pos van onderwysersielkundige moet man=like applikante minstens 'n Honneursgraad in Sielkunde asook 'n onderwysdiploma verwerf het, terwyl 'n vroulike applikant oor slegs 'n B.-graad met Sielkunde as hoofvak plus 'n onder=wysdiploma moet beskik.

b. Die pligte en werksaamhede van onderwysersielkundiges

Die pligte en werksaamhede van die onderwysersielkundige behels "toetsing en plasing in 'n klas of standerd of afdeling; kli=niese diagnose en terapie; diagnose van skolastiese moeilikhede,

gepaardgaande met heelkundige onderwys; beroepsvoorligting; werkplasing; navorsing in verband met geskikte werksmoontlikhede vir die onderskeie kategorieë van gestremdhede; nasorgdienste van buitengewone skole" (123, p. 3). Hierbenewens behels die pligte van die onderwysersielkundige ook die samestelling van 'n omvattende verslaglêer vir elke leerling, die oriëntering van nuwe leerlinge ten aansien van die skool en sy werksaamhede; registrasie van leerlinge as landsburgers, en die verkryging van hul identiteitsdokumente asook die tref van reëlings in verband met militêre diensplig.

9.1.2 Die werksaamhede van onderwysersielkundiges aan skole wat besoek is

Tydens die ondersoek het dit geblyk dat psigometriese werk met betrekking tot gehoorgestremde leerlinge 'n belangrike aspek van die werksaamhede van onderwysersielkundiges vorm. Die sistematiese verwerking en liassering van sodanige verkreë resultate, asook van ander verbandhoudende gegewens aangaande die leerling met die oog op die opbou van 'n volledige identifiseringstelsel vir alle leerlinge, word ook deur onderwysersielkundiges behartig.

Uit die ondersoek het voorts geblyk dat die plek wat aan skoolvoorligting in die skoolrooster toegeken word, van skool tot skool verskil omdat skoolhoofde hul in die beplanning van die voorligtingsprogram laat lei deur die onderwysersielkundige se akademiese kwalifikasies en sy ervaring met betrekking tot gehoorgestremdes. Voorligting in groepverband is slegs aan een skool vir dowes by wyse van vaste voorligtingsperiodes deur die onderwysersielkundige behartig. Aan 'n ander skool is voorligting in groepsverband behartig òf deur die skoolhoof self òf deur ander ervare onderwysers wanneer die geleentheid daartoe hom voordoen. Skoolvoorligting word hoofsaaklik aan gehoorgestremde leerlinge tydens die sekondêre skoolfase gegee. In al die betrokke skole vir gehoorgestremdes word daar veral aan persoonstruktuurvoorligting aandag gegee.

Aan twee van die skole vir dowes en die Sonitus-skool word pedoterapie deur die onderwysersielkundige behartig en aan 'n ander skool vir dowes word dit deur die hoof, bygestaan deur ervare personeel, aangebied. Die onderwysersielkundige aan die skole vir gehoorgestremdes is voorts verantwoordelik vir ortodidaktiese hulp aan dié leerlinge wat ernstige leerprobleme ten aansien van een of meer skoolvakke ondervind. Veral lees- en rekenprobleme kom dikwels by gehoorgestremde leerlinge voor en hulp in dié verband moet gereeld verleen word.

Die rol wat die onderwysersielkundige speel tydens samesprekings met onderwysers, koshuispersoneel en ouers ten aansien van leerlinge met besondere probleme, hang nou saam met die aard en omvang van sy werkprogram wat deur die skoolhoof aan hom opgedra is. Veral aan twee skole vir gehoorgestremdes het die onderwysersielkundige met betrekking tot sodanige skakeling 'n leidende aandeel.

Aan twee skole vir gehoorgestremdes skenk die onderwysersielkundiges besondere aandag aan navorsing ten aansien van werkgeleenthede vir en beroepsplasing van skoolverlaters, terwyl hierdie aspek aan ander sodanige skole behartig word deur die personeel wat die praktiese vakke onderrig. Die onderwysersielkundiges van twee skole vir gehoorgestremdes doen daadwerklik nasorgwerk ten einde te verseker dat gehoorgestremde skoolverlaters suksesvol in die beroepswêreld van die goedhorende gemeenskap inskakel. Skakeling word voortgesit met oud-leerlinge en hul werkgewers om sodoende te poog om probleme wat mag opduik, uit die weg te ruim.

## 9.2 'N SKOOLVOORLIGTINGSDIENS AS GEÏNTEGREERDE DEEL VAN 'N NASIONALE STELSEL VAN ONDERWYS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE

Skoolvoorligting is daarop gerig om die kind voor te lig in sy opwegwees na volwaardige volwassenheid. Hierdie steungewing deur 'n volwassene aan 'n nie-volwassene impliseer pedagogiese bemoeienis. Skoolvoorligting is dus by uitstek 'n pedagogiese hulpdiens om die opvoedingsdoel van 'n onderwysstelsel te help verwesenlik. Die doel van voorligting as 'n diens binne 'n stelsel van onderwys vir swakhorendes, is om 'n hulpdiens te wees waardeur swakhorende leerlinge ten aansien van onderwys en beroepsaangeleenthede in die lig van hul persoonstruktuur, voorgelig sal word sodat hulle ooreenkomstig hul bekwaamheid, aanleg en belangstelling en in die lig van die mannekragbehoeftes van die land, gedifferensieerde onderwys kan ontvang. As sodanig stel skoolvoorligting besondere eise aan die voorligter, naamlik dat hy nie net kennis sal dra van die media en die interpretasie daarvan nie, maar dat hy 'n grondige kennis van die opvoedingsgebeure en die kind as opvoedeling sal moet dra.

Skoolvoorligting is 'n pedagogiese hulpdiens wat deur gespesialiseerde persone gelewer word en wie se werksaamhede moet uitloop in 'n verantwoorde georiënteerdheid ten opsigte van onderwys- en beroepsaangeleenthede by elke jeugdige in die lig van sy persoonstruktuur. Sodanige voorligtingsdiens behels dus persoonstruktuurvoorligting wat voorkomend en remediërend van aard is met die doelstelling om die jeugdige op 'n pedagogies verantwoordbare wyse tot verowering van selfkennis te steun

ten aansien van sowel sy moontlikhede as beperkthede en met inagneming van sy swakhorendheid. Tweedens behels voorligting onderwysvoorligting ten aansien van die swakhorende se leer= probleme, vakkeuses, studierigting asook sy studiemetodes en -gewoontes. Derdens behels skoolvoorligting beroepsvoorligting aan die swakhorende by wyse van pedagogies verantwoorde hulp en steun tot uitoefening van 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse. 'n Verdere toeligting van laasgenoemde drie aangeleenthede is egter nodig.

### 9.2.1 Persoonstruktuurvoorligting

Die personeel van 'n skool vir swakhorende kinders en veral die skoolvoorligter wat in besonder met die taak van voorligting gemoeid is, moet die swakhorende kind van skooltoetrede tot skoolverlating begelei ten aansien van sy totale volwassewording. Om hiertoe in staat te wees, is dit nodig dat die skoolvoorlig= ter die kind as persoon so volledig moontlik sal leer ken. Elke kind is steeds gesitueerd in en betrokke by 'n omringende wêreld waaraan hy betekenis gee by wyse van 'n eie belewing van sy besondere gesitueerdheid. Vroeër is aangetoon (kyk 2) dat die swakhorende kind in vergelyking met die goedhorende 'n anderse beleweniswêreld vertoon, maar desnieteenstaande ook staan onder die appèl om sy persoonsmoontlikhede te verwerklik. Die anderse beleweniswêreld van die swakhorende (in vergelyking met dié van die goedhorende) maak sy nood aan steungewing ten aansien van verantwoordbare en verantwoordelike verwerkliking van sy persoonsmoontlikhede juis groter.

Om die swakhorende kind te kan steun tot selfkennis, moet die skoolvoorligter kennis dra van die kind se liggaamlikheid, geestelikheid en psigiese lewe as onderskeibare maar nie-skeibare komponente van sy persoonstruktuur. Ten aansien van die onderskeibare geestelikheid van die persoonstruktuur van elke kind, sal skoolvoorligting daarop gerig moet wees om die swakhorende tot die insig te laat kom dat hy aangesprokene is wat sy moontlikhede moet verwerklik in antwoord op die Goddelike opdrag om arbeid te verrig. Die skoolvoorligter moet die swak= horende kind dus steun om sy gehoorgestremde liggaam te aanvaar soos dit is en bereidwillig te wees om daarmee sinvol tot die werklikheid toe te tree. Deur met inagneming van die Christe= lik-nasionale karakter van die onderwys in die RSA, 'n verant= woorde arbeidsopvatting by swakhorende leerlinge tuis te bring, sal die skoolvoorligter die kind steun om as volwassene tot sinvolle lewensvervulling in staat te wees.

Ten aansien van die psigiese lewe van die swakhorende is dit nodig dat die skoolvoorligter oor kennis sal beskik van die

leerling se intelligensiemoontlikhede, aanleg, belangstelling en temperament wat alhoewel altyd in totaliteit funksioneer, tog onderskei kan word. Die skoolvoorligter moet vanuit die kennis oor die feitelikhede van die leerling se psigiese lewe, so 'n leerling steun tot verowering van selfkennis ten aansien van sy intelligensie, aanleg, belangstelling en temperament. Dit is juis aan die hand van hierdie komponente van die psigiese lewe van die leerling dat die ongelykheid en indiwiduele ver= skille tussen leerlinge kenbaar word en op grond waarvan gedifferensieerde onderwys gebaseer moet word. Die kwaliteit van die psigiese lewe van elke leerling moet beslis in aanmerking geneem word in die skoolvoorligter se steungewing ten aansien van onderwys- en beroepskeuse.

Die geestelikheid en psigiese lewe van die mens kom tot verwerk= liking deur sy <u>liggaamlikheid.</u> Die mens se liggaam stel hom direk aanwesig in die omringende werklikheid en deur sy liggaam tree die mens tot die omringende werklikheid toe. Verskillende beroepe stel verskillende liggaamlike vereistes aan die beroeps= beoefenaar. 'n Liggaamstekort moet aanvaar word as 'n remming in sekere beroepe, maar die swakhorende moet gesteun word om tot die besef te kom dat sy gehoortekort hom geensins ongeskik maak vir arbeid nie, maar slegs sy keuse beperk tot beroepe waarin sy gehoortekort nie belemmerend is vir suksesvolle beroepsbe= oefening nie. Die swakhorende kind moet dus gesteun word tot kennis van sy fisiese moontlikhede en tot kennis van die beroepsvereistes wat die beroepe waaraan hy oorweging skenk, aan sy liggaam stel.

Elke swakhorende kind bevind hom in 'n wêreld waarin die meeste mense goedhorend is. Dit verg dus van die swakhorende om te leer saamlewe met sy goedhorende medemens. Ook die beroeps= wêreld is 'n medemenslike wêreld en beroepsbeoefening deur elke mens (dus ook die swakhorende) is sinvol as dit staan in die lig van dienslewering aan die medemens in die gemeenskap waarin hy leef. Dit gaan egter nie vir die swakhorende net om diens aan die medemens nie, maar ook om selfverwerkliking deur middel van arbeid om sodoende die sinvolheid van sy eie bestaan ooreen= komstig sy eie aard en moontlikhede te belewe.

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat 'n leerling enige onderwys- of beroepskeuse moet doen in die lig van sy totale persoonstruktuur. Hierdeur word geïmpliseer dat voorligting ten aansien van die persoonstruktuur van 'n leerling voorver= eiste is vir verantwoorde onderwys- en beroepsvoorligting.

### 9.2.2 Onderwysvoorligting

a. Onderwysvoorligting met die oog op skoolplasing

Vroeër in hierdie verslag (kyk afdelings 2.2 en 2.3) is verwys na die verreikende implikasies van 'n gehoortekort ten aansien van die totale volwassewording van die swakhorende kind en is gekonstateer dat swakhorende leerlinge gewoonlik nie in gewone skole, of klasse verbonde aan gewone skole, tot toereikende selfverwerkliking kan kom nie, maar wel in afsonderlike skole vir swakhorendes. Daar mag wel swakhorende kinders wees vir wie dit moontlik is om ten spyte van hul gehoortekort, onderwys in die gewone skool te ontvang. As kriteria vir sodanige plasing van 'n swakhorende in 'n gewone skool, kan geld -

1. dat hy met sy onderwys in die gewone klas onbelemmerd moet kan voortgaan;

2. dat indien enige addisionele hulp nodig is, sodanige hulp geredelik beskikbaar is en doeltreffend verleen kan word;

3. dat hy onder hierdie omstandighede bevredigende skolastiese vordering maak in ooreenstemming met sy verwerklikbare moontlikhede;

4. dat daar met betrekking tot alle aspekte rakende sy besondere opvoeding en onderwys in die klaskamersituasie die nodige aandag gegee sal word en dat hy ten volle deel kan hê aan skoolaktiwiteite binne en buite die klaskamer;

5. dat hy in sy sosialisering toereikend gesteun word en 'n stabiele affektiewe belewing van aanvaarding deur sy onderwysers en klasmaats beleef;

6. dat sy gesinsmilieu en sy sosiale leefmilieu buite die gesin gunstig is om tot selverwerkliking te kom.

Hierdie kriteria maak grondige verkenning van die swakhorende se totale persoonwees met die oog op skoolplasing noodsaaklik. Plasing van 'n swakhorende leerling in 'n gewone skool, is 'n kontensieuse aangeleentheid, aangesien slegs afsonderlike skole vir swakhorendes by uitstek daarop gerig is om aan bogenoemde kriteria te voldoen. Weens die huidige verspreiding van swakhorende leerlinge in verskillende skole en eenhede verbonde aan skole in die Republiek van Suid-Afrika is differensiasie aan elke skool wat gehoorgestremde leerlinge huisves, onmoontlik. Dit is duidelik dat slegs afsonderlike skole vir swakhorendes enigsins in staat sal wees om toereikende kursusdifferensiasie

aan te bied waardeur aan elke leerling se unieke beroepsmoont= likhede reg sal kan geskied.

b. Onderwysvoorligting met die oog op die keuse van 'n studierigting

Na verwagting sal die getal geïdentifiseerde swakhorendes wat buitengewone onderwys verg, snel toeneem indien 'n nasionale uitkenningstelsel en 'n eenvormige onderwysstelsel ten aansien van swakhorende leerlinge in werking tree. Sodanige toename in die leerlingtal sal dit moontlik maak dat meer beroepsrig= tings verken word met die oog op eventuele beroepsplasing van swakhorendes in alle beroepe waarin gesprekskommunikasie nie van primêre belang is nie. Voorafgaande sal die daarstelling van 'n dienooreenkomstige skoolprogram verg en mettertyd sal die gedifferensieerde kursusse wat aan skole vir swakhorendes aangebied word, so omvangryk wees dat elke swakhorende persoon by wyse van 'n sinvolle kursuskeuse tot sy reg sal kan kom.

Verantwoorde plasing van 'n swakhorende leerling in 'n bepaalde studierigting moet voorafgegaan word deur intensiewe verkenning ten aansien van sy totale verwerklikbare persoonsmoontlikhede.

### 9.2.3 Beroepsvoorligting

Fundamentele aspekte wat in 'n beroepsvoorligtingsprogram in ag geneem moet word, is onder andere beroepskeuseverkenning, die beroepsoriënteringsgesprek, verkenning van die beroepswerk= likheid (loopbaanstudie) en integrasie van die persoonsbeeld en beroepsbeeld ten aansien van elke swakhorende kind.

a. Beroepskeuseverkenning

Beroepskeuseverkenning geskied by wyse van die inskakeling van verkenningsmedia ten einde 'n beeld van die swakhorende se totale gesitueerdheid te verkry met die oog op eventuele same= stelling van 'n volledige persoonsbeeld. Slegs deur op so 'n wyse te werk te gaan is dit moontlik om tot verantwoordbare hulpverlening met betrekking tot die kind se beroepskeuse oor te gaan.

Tydens beroepskeuseverkenning moet besondere aandag gegee word aan die kind se historisiteit (dit wil sê verledegebeure as totaliteit van sy wêrelverhoudinge vanaf sy geboorte). Hierdie verledegebeure moet deur die voorligter op pedagogies verant= woorde wyse geëvalueer word nie slegs ten aansien van die intensiteit van die gebeure nie, maar veral na die intensiteit van die belewing daarvan deur die jeugdige. Geen oënskynlik

geringe gebeurtenis mag sonder meer genegeer word nie, want alles wat met die kind gebeur, raak hom ten nouste. Aangesien die meerderheid swakhorende leerlinge nie in staat is om hul eie probleme ten volle te verwoord nie, sal die voorligter uit 'n betroubare historisiteitsbeeld tog 'n voorlopige persoons=beeld kan saamstel wat deur verdere verkenning bevestig sal moet word. Ten aansien van 'n verantwoorde skoolvoorlig=tingsprogram sal 'n omvangryke gesprek met die ouers by skool=toelating van die kind gevoer moet word. Die historisiteits=beeld wat sodoende verkry word, sal steeds aangevul moet word gedurende die kind se skoolloopbaan.

Die insameling van pedodiagnostiseringsgegewens (psigometriese gegewens), evaluering daarvan en integrering daarvan met die historisiteitsgegewens tot 'n persoonsbeeld, is betekenisvol vir doeltreffende beroepsvoorligting en geskied by wyse van die inskakeling van sekere aanlegs-, intelligensie-, handelings-, belangstellings-, skolastiese vorderings-, projeksie- en ekspres=siemedia. Tydens die inskakeling van media en interpretasie van die uitkomstes daarvan moet steeds in gedagte gehou word dat 'n gehoortekort 'n remmende uitwerking het op die totale vol=wassewording van 'n gehoorgestremde. Die swakhorende jeugdige kan dikwels sy innerlike gevoelens nie na wense in woorde weer=gee nie. Daarom te meer moet die inskakeling van media nie geskied ter wille van die syferresultate wat daarmee verkry kan word nie, maar moet die voorligter by uitstek gerig wees op kwalitatiewe evaluering van die leerling se persoonsmoontlik=hede. Verkenningsmedia moet met omsigtigheid gekies word, om sodoende die invloed van 'n gebrekkige taalskat by die swak=horende tydens die evalueringsituasie grootliks uit te skakel.

Wat betref die verkenning van die swakhorende se persoonsmoont=likhede met die oog op beroepsvoorligting, gaan dit om begryping van die jeugdige in totaliteit waarby ingesluit is sy sintuig=like vermoëns asook sy wyse van kommunikasie en eksplorasie. Sodanige begryping is betekenisvol by die evaluering van die mate waarin swakhorendheid 'n struikelblok is in die kind se volwassewording. Sodanige evaluering is eweneens betekenis=vol met die oog op steungewing aan die swakhorende om sy totale gegewe persoonsmoontlikhede as begrensde moontlikhede te aanvaar en te verwerklik. Dit is trouens nie slegs die gestremdheid wat 'n persoon geskik of ongeskik maak vir 'n beroep nie, maar wel sy eie gesindheid teenoor homself in verhouding tot die beroepswerklikheid.

Uit voorafgaande besinning oor die verkenning van die kind se persoonsmoontlikhede spreek dit duidelik dat die skoolvoorligter deur deeglike opleiding bekwaam moet wees om media in te skakel

en die uitkomstes (resultate) nie slegs kwantitatief nie, maar veral kwalitatief te interpreteer. Hy moet in staat wees tot verantwoordbare persoonsbeeldsamestelling, raadgewing en terapie. Daarvoor is dit nodig dat hy ook die swakhorende kind in sy wese sal ken en dit op sigself verg gespesialiseerde pedagogies georiënteerde opleiding.

b. Die Beroepsvoorligtingsgesprek

Die gesprek self is 'n wyse van menslike kommunikasie deur gebruikmaking van taal en gehoor. Gebrekkige gehoor by en ontoereikende taalbeheersing van die swakhorende kan die suk=sesvolle verloop van die gesprek benadeel. Die skoolvoorlig=ter moet die swakhorende se vertroue wen deur hom te laat beleef dat hy aanvaar word soos hy is. Laasgenoemde word bewerkstellig deur agting vir die kind se menswaardigheid te toon. Word die voorafgenoemde bewerkstellig, sal die leerling bereid wees om sy probleme spontaan met die voorligter te bespreek en kan hulle saam beraadslaag oor 'n beroepskeuse wat in ooreenstemming is met die swakhorende se persoonsmoontlikhede.

Na grondige verkenning van die swakhorende se totale persoons=moontlikhede, beskik die voorligter oor die nodige inligting om die swakhorende te steun tot verwerwing van selfkennis. Waar daar tydens verkenning enige duidings van uitvalle in die kind se volwassewording aan die lig getree het, moet die skoolvoor=ligter sodanige uitvalle deur verantwoorde terapeutiese bemoei=enis regstel omdat sodanige uitvalle negatiewe belewinge ten gevolg kan hê wat sy (die kind se) beroepsgerigtheid kan bena=deel. Kennis van homself is vir die jeugdige noodsaaklik vir sy beroepskeuse maar geen finale keuse kan gedoen word voordat die jeugdige nie ook grondige kennis van die beroepsveld by wyse van intensiewe loopbaanstudie opgedoen het nie.

c. Loopbaanstudie

Loopbaanstudie ten aansien van die beroepsveld wat vir die besondere swakhorende leerling afgebaken is, moet uitloop op 'n evaluering van sy persoonsmoontlikhede aan die hand van die eise wat deur die beroepswerklikheid aan hom gestel sal word. Loopbaanstudie kan gedoen word aan die hand van 'n memorandum wat voorsiening maak vir die bestudering van die inhoud van geskrewe stukke, vir gesprekke met verantwoordelike beoefenaars van beroepe wat oorweging geniet, besoeke aan werkplekke en selfs deur die ver=rigting van deeltydse werk.

Hoewel die skoolvoorligter 'n grondige kennis van die beroeps=werklikheid behoort te hê, is dit vir hom onmoontlik om 'n

intensiewe studie van alle beroepe te maak. In sy studie van die afgebakende beroepswerklikheid moet die voorligter hom toe= spits op beroepsanalise om vas te stel wat die ware aard van die werk is, wat die pligte van die werknemer is, watter psigies-geestelike en fisiese eise aan die werker gestel word om die werk te doen (onder andere watter kwaliteit van gehoor noodsaaklik is vir die besondere beroep), watter mate van ge= skooldheid van die werker verlang word asook wat sy werksomstan= dighede en toekomsvooruitsigte in die besondere beroep sal wees. As sodanige beroepsanalise in samewerking met werkgewers geskied, mag dit daartoe bydra om werkgewers te oortuig dat swakhorendes vir baie meer beroepe in aanmerking geneem kan word as wat tans die geval is.

d. Integrasie van die persoonsbeeld en beroepsbeeld

Verkryging van insig in sy eie gesitueerdheid met betrekking tot die keuse van 'n toekomstige beroep kan slegs deur die swakhorende verwerklik word by wyse van enersyds kennisname en begryping van sy eie persoonsmoontlikhede en andersyds deur kennisname van die eisestellende opset van die beroepswerklik= heid. Daarbenewens is 'n integrasie van kennis ten aansien van sy persoonsbeeld en die beroepsbeeld essensieel. So 'n inte= grasie lei tot 'n verantwoordbare beroepskeuse wat 'n sinvolle uitkoms is van die kontinue bemoeienis in terme van steungewing en hulpverlening aan die swakhorende kind, soos in hierdie ondersoek uiteengesit. Benewens verantwoordbaar sal so 'n beroepskeuse ook verantwoordelik wees, synde 'n bereidheid te wees om dit wat hy aan die beroepslewe te bied het, deur sin= volle dienslewering te verwerklik as antwoord op sy aangespro= kenheid vanuit die Transendente.

## 10 OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE

### 10.1 INLEIDING

In paragraaf 2 is die andersheid van die bemoeienis met swak= horendes in vergelyking met dié van sowel dowes as goedhorendes beklemtoon en die implikasies van hierdie andersheid uiteengesit. Gedagtig aan die besondere aspekte met betrekking tot die opvoe= dende onderwys van swakhorendes moet die noodsaaklikheid van verantwoordbare onderwysersopleiding wat spesifiek op die onder= wys van swakhorendes gerig is, benadruk word. Omdat menige onderwyser die praktyk van die onderwys vir swakhorendes sonder doeltreffende gespesialiseerde onderwysersopleiding betree, bring dit nie slegs mee dat hy noodgedwonge moet worstel met 'n "nuwe" en "vreemde" onderwysmetodiek nie, maar dat ook sy totale

bemoeienis met die swakhorende kind geskied sonder 'n volledige begryping van so 'n kind se gestremdheid en die implikasies daarvan vir die onderwys. Die gevaar bestaan dus dat die swak=horende kind as persoon, wat 'n besondere hulpbehoewendheid openbaar, misgekyk kan word.

Ten einde onderwysers vir die onderwys van swakhorendes op te lei, word daar aan sekere universiteite in Suid-Afrika onder=wysersopleidingskursusse ten aansien van gehoorgestremde leer=linge aangebied. Om sodanige opleidingskursusse te kan evalueer, moet sowel die samestelling daarvan as die aard van die praktiese opleiding daarin vervat, onder die soeklig geplaas word.

## 10.2 OPLEIDINGSFASILITEITE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VIR ONDERWYSERS VAN SWAKHORENDE LEERLINGE

### 10.2.1 Algemeen

In die Republiek van Suid-Afrika word daar in die onderwys van gehoorgestremde leerlinge dikwels onderwysers aangestel wat ten tye van sodanige aanstelling slegs in besit is van grade en/of gewone onderwysdiplomas wat aan universiteite en/of onderwys=kolleges van die provinsiale onderwysdepartemente behaal is. Sodanige onderwysers beskik by aanstelling meestal nie oor ervaring of kwalifikasies ten aansien van die onderwys van gehoorgestremdes nie, maar moet nogtans dadelik volle verant=woordelikheid vir die onderrig van 'n klas neem indien hulle aan so 'n skool 'n pos aanvaar. Indiensopleidingsprogramme word aan nuutaangestelde onderwysers aangebied ten einde hulle in staat te stel om hul nuwe, uiters gespesialiseerde opvoedings- en onderwystaak suksesvol te kan aanpak. Voorts word nuutaan=gestelde onderwysers ook aangemoedig om so spoedig moontlik 'n opleidingskursus in buitengewone onderwys ten aansien van gehoor=gestremdes (swakhorendes/dowes) aan 'n universiteit te deurloop. Sodanige opleidingskursusse aan universiteite sal vervolgens kortliks toegelig word.

### 10.2.2 Die Universiteit van Suid-Afrika

Hierdie universiteit bied 'n tweejarige korrespondensiekursus aan vir die opleiding van onderwysers vir gehoorgestremde leer=linge. Om tot hierdie Diplomakursus in Buitengewone Onderwys (DBO) toegelaat te word, moet die student òf in besit wees van 'n erkende driejaaronderwysdiploma òf 'n graad plus 'n erkende onderwysdiploma. Die kursus is soos volg saamgestel:

"Vraestel 1:

Geskiedenis van die onderwys van die gehoorgestremde kind in die buiteland en in die Republiek van Suid-Afrika.

Vraestel 2:

Die fisiologies-mediese aspekte van die gehoorgestremde kind.

Vraestel 3:

Sielkundige aspekte van die gehoorgestremde kind.

Vraestel 4:

Ortodidaktiek.

Vraestel 5:

Praktiese Onderwystoets.

Voordat die diploma aan 'n student uitgereik word, moet skrifte=like bewys gelewer word van minstens vier kwartale se bevredi=gende onderwyservaring aan die betrokke tipe skool vir buiten=gewone onderwys" (113, pp. 115-116).

Die universiteit bied ook 'n Spesialiseringsdiploma in Buiten=gewone Onderwys (SDBO) aan vir fisioterapeute, arbeidsterapeute en spraakterapeute wat hulle wil bekwaam as onderwysers van gestremde kinders. Om tot dié kursus toegelaat te word, moet die student òf 'n toepaslike graad besit òf in besit wees van 'n toepaslike driejarige diploma in fisioterapie, of arbeids=terapie, of spraakterapie op grond waarvan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad sy registrasie by die Raad as fisioterapeut, of arbeidsterapeut, of spraakterapeut goedgekeur het.

Die kursus duur minstens twee jaar en behels dieselfde studie=rigtings as die voorgenoemde DBO. Voordat die SDBO aan 'n student uitgereik word, moet skriftelike bewys gelewer word van minstens vier kwartale se bevredigende onderwyservaring aan die betrokke tipe skool vir buitengewone onderwys (133, pp. 115-116).

10.2.3 <u>Die Universiteit van Pretoria</u>

Sedert Januarie 1974 bied die Universiteit van Pretoria 'n na=graadse eenjaardiplomakursus asook 'n B.Ed. met spesialisering in Buitengewone Onderwys (Swakhorendes) aan. Eersgenoemde kursus, die Hoër Nasionale Onderwysdiploma met endossement

Buitengewone Onderwys, stel die student voor die keuse van een uit ses spesialiseringsrigtings (waaronder ses tipologieë van gestremde kinders) en onderskei tussen die opleiding van onderwysers vir dowe en swakhorende kinders. Die toelatings=vereistes vir hierdie diploma is die volgende:

"(i) 'n Kandidaat met 'n erkende onderwyssertifikaat wat getuig van 'n voltydse opleiding van minstens drie jaar na behaling van die Matrikulasie- of Skooleindsertifikaat; of

(ii) 'n kandidaat met 'n Baccalaureusgraad en 'n nagraadse onderwysdiploma.

Die kursus strek oor een jaar voltydse studie en die praktiese werk begin reeds aan die begin van die eerste skoolkwartaal.

Die leergang behels 'n studie in -

1. Historiese Ortopedagogiek.
2. Ortodidaktiek.
3. Ortopedagogiek.
4. Praktiese lesse in demonstrasies (Bywoningskursus).
5. Skoolpraktyk.
6. Endossement (Swakhorendes):

   (a) Kommunikasiepedagogiek.
   (b) Spraakwetenskap en Oudiologie (Spesiaal).
   (c) Taal- en Rekenortodidaktiek" (131, pp. 38-39).

Vir die nagraadse Baccalaureusgraad in Opvoedkunde (B.Ed.) waarin die endossement Buitengewone Onderwys (dowe en swakhorende leer=linge) as spesialiseringsrigting verwerf kan word, is die toe=latingsvereistes 'n Baccalaureusgraad en 'n onderwysdiploma van die Universiteit van Pretoria of 'n ander diploma wat volgens die oordeel van die betrokke Fakulteit as gelykstaande hieraan beskou word. Die duur van die kursus is een jaar terwyl die leergang die volgende kursusse insluit:

1. Didaktiese Pedagogiek (insluitende Vakdidaktiek).
2. Buitengewone Onderwys (Dowe en Hardhorende kinders).
3. Fundamentele Pedagogiek.
4. Ortopedagogiese diagnostisering en Pedoterapie.
5. Psigopedagogiek.
6. Sosiopedagogiek.

"Aanbieding van die kursus is jaarliks onderhewig aan 'n minimum inskrywing van vyf kandidate in sowel die kombinasies van

endossemente of waar dit onmoontlik is, in die afsonderlike endossemente" (131, pp. 38-39).

### 10.2.4 Die Universiteit van Kaapstad

Die Universiteit van Kaapstad bied twee diplomakursusse vir die opleiding van onderwysers vir gehoorgestremde leerlinge aan, naamlik:

a. Die "Diploma for Teachers of Children Handicapped in Speech and Hearing"

Hierdie diploma word slegs aangebied mits minstens vyf kandi= date hiervoor inskryf. Die studiekursus duur een akademiese jaar en vir toelating word 'n goedgekeurde driejaaronderwys= diploma vereis. Die kursus is soos volg saamgestel (134, p. 16):

"1. Psychology of Education

Psychology of the Handicapped Child
Remedial Approach of the Classroom Teacher to Adjustment and Achievement Problems
Clinical Case Studies of Handicapped Children

2. Audiology
3. Speech Pathology
4. Speech and Voice Production
5. Speech Communication
6. Anatomy, Physiology and Neuro-Otology
7. Phonetics of English
8. Phonetics of Afrikaans
9. Learning Disabilities
10. Teaching Practice

Remedial Speech Work in schools throughout the year
Class Teaching of partially hearing pupils throughout the year."

b. Die "Diploma for Teachers of the Deaf"

Hierdie diplomakursus, wat slegs aangebied word mits minstens vyf kandidate hiervoor inskryf, duur een akademiese jaar en stel die volgende as toelatingsvereistes, naamlik 'n "Provin= siale Seniorsertifikaat" (st. 10 of ekwivalent) en 'n goedge= keurde driejaaronderwysdiploma. Die kurrikulum vir hierdie kursus is dieselfde as vir die voorafgenoemde diploma met uit= sondering daarvan dat die vakke "Spraakpatologie" en "Leermoei= likhede" vervang word deur "Geskiedenis, Teorie en Organisasie

van Onderwys aan Dowe Kinders" en "Metodes in die Onderrig van Taal, Spraak en Algemene Vakke aan Dowe Kinders" terwyl die praktiese onderwys dwarsdeur die jaar toegespits is op die onderrig van dowe leerlinge in die klassituasie.

10.2.5 Die Universiteit van Stellenbosch

Die Universiteit van Stellenbosch bied geen onderwysersoplei= dingskursus aan wat spesifiek op die onderwys vir gehoorge= stremde leerlinge gerig is nie.

10.2.6 Die Universiteit van die Witwatersrand

Hierdie universiteit bied 'n tweejaarkursus aan vir die oplei= ding van onderwysers vir skole vir dowes wat soos volg saamge= stel is:

"Diploma in Education of the Deaf

(1) Except by special permission of the Senate, every candi= date for the Diploma must produce evidence:

(a) that he is the holder of a recognised Teachers' Diploma obtained after not less than two years' study after having obtained a Matriculation Certi= ficate or Matriculation Exemption Certificate;
(b) that the curriculum for the Teachers' Diploma con= tained an approved course in Psychology;
(c) that the curriculum for the Teachers' Diploma contained courses in spoken English and spoken Afrikaans.

(2) A candidate with a communicative disorder will be accepted only at the discretion of the Senate.

With the exception of the course in Child and Clinical Psycho= logy, all the courses for the Diploma shall be special courses related to the education of the deaf and the hard-of-hearing.

The following qualifying courses shall be included in the first year of study:

(a) Anatomy, Physiology and Histology for Speech, Voice and Hearing (05204)
Audiology I (32302)
Education of the Deaf and Hard-of-hearing I (32108)
Speech Pathology I (32101)
Phonetics and Linguistics I (47101)

Candidates must complete a minimum of 200 hours of prac= tical work in special schools and institutions for the hard-of-hearing and the deaf.

(b) Except by special permission of the Senate no candidate shall obtain credit in respect of any of the qualifying courses prescribed for the first year of study, or be admitted to the second year of study unless he has com= pleted at least the courses in Audiology I, Education of the Deaf and Hard-of-hearing I and Speech Pathology I.

The following qualifying courses are prescribed for the second year of study:

(a) Audiology II (32402)
Child and Clinical Psychology (54204)
Education of the Deaf and Hard-of-hearing II (32208)
Speech Pathology IV (32401)
Phonetics II (half-course)(47213)

Candidates must complete a minimum of 200 hours of prac= tical work in special schools and institutions for the hard-of-hearing and the deaf.

(b) Except by special permission of the Senate no candidate shall obtain credit in respect of any of the courses for the second year of study unless he has completed the courses in Audiology II, Education of the Deaf and Hard-of-hearing II and Speech Pathology IV" (137, pp. 227-228).

10.2.7 Leemtes in die bestaande universitêre onderwysersop= leidingskursusse in Buitengewone Onderwys spesifiek ten aansien van swakhorende leerlinge

Hoofde van skole vir gehoorgestremde leerlinge is dit eens dat voorafgenoemde kursusse oorheersend teoreties georiënteerd is en dat dit nie voldoende voorsiening maak vir praktiese oplei= ding in hierdie hoogs gespesialiseerde veld van onderwys nie. As motivering vir hul standpunt word aangevoer dat daar ener= syds te min skakeling is tussen die onderwysers en die lektore van die betrokke universiteite en andersyds dat die lektore òf nie self aan skole vir gehoorgestremdes verbonde is of was nie, òf dat dié lektore wat wel onderwysers was te lank gelede in die onderwyspraktyk vir gehoorgestremdes gestaan het. Voorts beweer die hoofde dat so 'n toedrag van sake meebring dat die praktiese leiding aan studente op die terrein van onderwys aan gehoorgestremdes ontoereikend is en dat die beoordeling van proeflesse gelewer deur studente geskied aan die hand van

kriteria ter evaluering van die lesverloop, -inhoud en -aanbie=ding sonder inagneming van die besondere andersheid van die praktyk ten aansien van onderwys aan gehoorgestremdes in teen=stelling met dié van goedhorendes. Die skoolhoofde se eners=luidende aanbeveling kom daarop neer dat die praktiese faset van universitêre diplomakursusse gekoppel behoort te word aan die interne indiensopleidingsprogramme van skole vir gehoor=gestremdes en dat praktykleiding 'n meer prominente faset van universitêre opleidingskursusse behoort te wees.

## 10.3 INDIENSOPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Weens die feit dat die onderwys van gehoorgestremde leerlinge 'n veel moeiliker taak as dié van goedhorende leerlinge is, bied die skole vir gehoorgestremdes tans 'n eie indiensoplei=dingsprogram aan ten einde beginneronderwysers so toereikend moontlik vir hul taak toe te rus. Daar nuutaangestelde onder=wysers reeds met hul aanstelling volle verantwoordelikheid vir hul onderskeie klasse moet aanvaar sonder dat hulle spesifiek vir hul taak voorberei is, moet die skoolhoofde toesien dat sodanige onderwysers so spoedig moontlik die nodige leiding ten opsigte van die praktyk ontvang. Senior onderwysers moet dikwels van hul vryperiodes opoffer om gedurende lesure leiding aan onervare onderwysers te kan gee met betrekking tot die aan=bieding van besondere lesse.

Hoofde van skole beskou die indiensopleidingsprogram as 'n noodmaatreël ten einde nuutaangestelde onderwysers so gou moontlik in staat te stel om die onderrigprogram te laat vlot. So 'n toedrag van sake bring mee dat genoemde opleidingsprogram by uitstek praktykgeoriënteerd is en gevolglik gevaar loop om mank te gaan aan diepte ten aansien van: Teoretiese funderinge van ortopedagogiek, ortodidaktiek, psigopedagogiek; 'n grondige kennis ten aansien van fisiologie, oudiologie en die wyse van taalverwerwing asook ander verbandhoudende aspekte van die opvoeding en onderwys van gehoorgestremde leerlinge. Dit word dus as wenslik geag dat kennis van laasgenoemde vakterrein gaan=deweg bemeester moet word deur studie ter verwerwing van die onderskeie diplomas vir Buitengewone Onderwys aan gehoorgestrem=des.

Voorts maak die personeelvoorsieningskale van skole vir gehoor=gestremde leerlinge glad nie voorsiening vir addisionele perso=neel om indiensopleiding te behartig nie. Die twee belangrikste gevolge hiervan is enersyds dat die betrokke skoolhoofde, vise-hoofde en senior onderwysers noodgedwonge hul onderskeie werk=saamhede moet onderbreek ten einde leiding aan nuutaangestelde

kollegas te kan gee en andersyds dat sowel bogenoemde persone as die nuutaangestelde onderwysers dikwels saans na die afhan=deling van naskoolse bedrywighede tyd moet inruim vir lesings met betrekking tot die onderwyspraktyk.

Omdat dit vir 'n spesifieke personeellid moeilik is om spesialis te wees op al die vlakke van onderwys aan gehoorgestremdes, is dit nodig om 'n hele groep ervare personeel te betrek by die indiensopleiding van nuutaangestelde personeel op pre-primêre, primêre en sekondêre onderwysvlakke asook ten aansien van aka=demies- en beroepsgerigte onderwys. Die skoolprogram word dus telkens ontwrig omdat daar talle van die ervare personeel uit hul eie onderrigkring onttrek word.

## 10.4 KNELPUNTE IN DIE ONTWERP EN IMPLEMENTERING VAN 'N BEVRE=DIGENDE STELSEL VIR DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die ondersoek het getoon dat knelpunte in bogenoemde verband van geografiese, administratiewe en departementele aard is wat soos volg saamgevat kan word:

1. In die Republiek van Suid-Afrika bestaan daar 'n klein aantal skole vir gehoorgestremde leerlinge en in die meeste gevalle moet hierdie skole sowel dowe as swakhorende leer=linge huisves. Gevolglik is die jaarlikse aanvraag na onderwysers wat spesifiek vir die onderwys van gehoorge=stremde leerlinge opgelei is, relatief klein. Gepaard hiermee ondervind universiteite wat kursusse vir sodanige opleiding aanbied dat minder as die voorgeskrewe minimum getal studente sommige jare aansoek doen om toelating tot sodanige kursus.

2. Dit bring mee dat die kursus sommige jare nie aangebied kan word nie, gevolglik kan koördinasie tussen praktiese en teoretiese opleiding vir sowel toekomstige as diens=doende onderwysers aan hierdie skole benadeel word.

3. Hoewel die noodsaaklikheid van 'n verantwoorde balans tussen teoretiese en praktiese opleiding terdeë besef word, is dit soms moeilik om sodanige balans in die oplei=dingspraktyk te realiseer.

4. Vanweë die gespesialiseerde aard van die onderwys van gehoorgestremde leerlinge waarborg toepaslike kwalifika=sies vir en selfs sukses in gewone onderwys geensins sukses op die terrein van onderwys van gehoorgestremde leerlinge nie. Studente is dus huiwerig om sonder meer vir 'n DBO

(gehoorgestremdes) in te skryf eer hulle by wyse van ervaring van die onderwys aan gehoorgestremdes daarvan oortuig is dat hulle van sodanige onderwys 'n sukses sal maak.

5. Daar word in die huidige opleidingstruktuur nie aan al die opleidingsinrigtings voldoende voorsiening gemaak vir dosente wat die praktyk van onderwys aan gehoorgestremdes deur en deur ken nie.

6. Die huidige personeelvoorsieningskaal maak nie voorsiening vir bykomstige personeel om indiensopleiding te behartig nie.

7. Die heersende personeelvoorsieningskaal maak nie voorsie= ning daarvoor dat 'n nuutaangestelde onderwyser ten minste sy indiensopleiding kan geniet alvorens hy volle verant= woordelikheid vir 'n klas hoef te aanvaar nie. Die gevaar bestaan dus dat die gehoorgestremde leerlinge wat betref hul opvoeding en onderwys skade kan ly deurdat hulle soms onderrig word deur onervare onderwysers wat nie die nodige gespesialiseerde opleiding geniet het nie voordat hulle volle verantwoordelikheid vir die onderrig aanvaar het.

8. Die afwesigheid van 'n nasionale uitkenningstelsel bring in die huidige praktyk mee dat talle gehoorgestremde leer= linge hulle aan gewone skole bevind waar hulle nie optimaal hul moontlikhede kan verwerklik nie. Gevolglik word die noodsaaklikheid van skole wat spesiaal voorsiening maak vir die opvoeding en onderwys van swakhorende leerlinge, nie so sterk besef as wat die geval mag wees wanneer sowel beheer as 'n stelsel van opsporing op nasionale vlak sou bestaan het nie. Hierdie miskenning van die behoefte aan nog skole vir swakhorende leerlinge, lei daartoe dat weinig studente in so 'n oënskynlike klein, onbeduidende onderdeel van die totale onderwysterrein belangstel.

Om lig te werp op die problematiek van die ontwerp en implemen= tering van 'n bevredigende onderwysersopleidingsprogram in die Republiek van Suid-Afrika, is dit raadsaam om stelsels vir die opleiding van onderwysers vir swakhorende leerlinge in die buite= land in oënskou te neem.

## 10.5 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR GEHOORGESTREMDE LEER= LINGE IN ENKELE OORSESE LANDE

### 10.5.1 Onderwysersopleiding wat deur universiteite en skole vir gehoorgestremdes gesamentlik aangebied word

In Engeland, Duitsland en Frankryk word die opleiding van onder= wysers vir gehoorgestremde leerlinge deur skole vir gehoorge= gestremdes en universiteite gesamentlik aangebied (20, p. 173). In Engeland word sowel 'n voltydse as 'n deeltydse kursus vir onderwysers vir genoemde leerlinge aangebied. Die Universiteit van Manchester bied 'n voltydse eenjaarkursus aan vir sowel studente wat reeds 'n graad verwerf het as vir diensdoende onder= wysers. Die studente ontvang praktiese opleiding aan 'n skool vir gehoorgestremdes onder leiding van lektore van die Departe= ment van Opvoedkunde van genoemde Universiteit. Gediplomeerde onderwysers wat reeds vir minstens twee jaar lank aan 'n skool vir gehoorgestremdes verbonde is, word verplig om 'n deeltydse onderwysdiplomakursus aan die National College of Teachers of the Deaf te deurloop (20, pp. 173-174).

### 10.5.2 Onderwysersopleiding soos aangebied deur skole vir gehoorgestremdes

Die Instituut voor Doven te St Michielsgestel in Nederland bied 'n voltydse interne opleidingsprogram vir onderwysers aan wat strek oor 'n tydperk van agtien maande. Laasgenoemde kursus sluit sowel uitgebreide teoretiese as praktiese opleiding in en is nie slegs bedoel om onderwysers vir dié skool op te lei nie maar is ook ten behoewe van onderwysers wat na Dominikaanse Rooms-Katolieke skole elders in die wêreld gestuur sal word. Sodanige onderwysers word byvoorbeeld gestuur na die St Mary's School for the Deaf te Cabra in Dublin (Ierland), die Dominican Grimley School for the Deaf in Kaapstad en die St Vincent's School for the Deaf in Johannesburg.

Gedurende die eerste ses maande van die kursus moet studentonder= wysers as deel van hul praktiese opleiding daagliks lesse in verskillende klasse van genoemde skool in Nederland bywoon. Vir die oorblywende twaalf maande van die kursus moet elk van soda= nige studente volle verantwoordelikheid aanvaar vir die onderwys van EEN leerling. Hierbenewens lê studentonderwysers skrifte= like eksamens af wat deur die onderwyserdosente nagesien word (43).

### 10.5.3 Onderwysersopleiding slegs deur universiteite aangebied

In Wes-Duitsland het dit gebruik geword om die opleiding van

onderwysers vir gehoorgestremde leerlinge geheel en al aan 'n universiteit toe te vertrou. Hieroor berig De Vries (20, p. 175) soos volg: "Toevallig las ik enkele dagen geleden, dat men in Heidelberg juist begonnen is met een volledige opleiding voor doofstommenonderwijzers aan de universiteit."

10.6 SLOTOPMERKING

Uit die studie van die praktyk van onderwysersopleiding in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande het dit geblyk dat die grootste vraagstuk wat betref die ontwerp en implementering van 'n bevredigende onderwysersopleidingstelsel, geleë is in die soeke na 'n gebalanseerde kursus waarin sowel teoreties georiënteerde akademiese onderrig as opleiding in die praktyk elk hul regmatige plek inneem.

# 11 MOTIVERING EN AANBEVELINGS

## 11.1 MOTIVERING EN AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN DIE BEHEER EN ORGANISASIE VAN ONDERWYSGERIEWE VIR SWAKHORENDE LEER= LINGE

### 11.1.1 Motivering

Die opsporing van leerlinge en interpretasie van die kriteria aan die hand waarvan swakhorende leerlinge ingedeel en in toe= paslike skole geplaas word, bied in die praktyk probleme. Dit verklaar waarom talle swakhorende leerlinge in gewone klasse aan gewone skole bly solank hulle nog enige vordering toon, sonder inagneming daarvan of die niveau van skolastiese vordering wat hulle in 'n gewone klas aan 'n gewone skool bereik, in oor= eenstemming is met die niveau van verwerkliking waartoe hulle in staat sou wees as hulle die nodige gespesialiseerde onderwys ontvang het. Benewens genoemde implikasies van 'n gehoortekort vir die skolastiese vordering van 'n swakhorende leerling, word in die huidige praktyk nie daarmee rekening gehou dat swakhorend= heid verreikende implikasies inhou vir die totale persoonstruk= tuurontplooiing van so 'n leerling nie. Pedagogies verantwoorde beheer oor die plasing van swakhorende leerlinge sal voorkom dat sodanige leerlinge sowel wat betref die onderrigprogram as die sosiale meelewing met ander, hul moontlik sal vasloop - laasge= noemde gebeure wat tot gevolg mag hê dat 'n ontplooiing van 'n ewewigtige persoonstruktuur nie moontlik is nie.

In die lig van voorafgaande is dit noodsaaklik dat 'n Interde= partementele Advieskomitee vir swakhorende leerlinge benoem word om in 'n adviserende hoedanigheid daartoe by te dra dat

die plasing van swakhorende leerlinge konsekwent in belang van die kind sal geskied.

Tydens die besinning oor die mees toereikende onderwysvoorsiening aan swakhorende leerlinge in die onderskeie skoolfases, het die klem geval op die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys=voorsiening aan dié leerlinge met die oog op optimale verwerk=liking van elke swakhorende se unieke persoonsmoontlikhede. Die moontlikheid vir sodanige differensiëring hang ten nouste saam met die getal leerlinge per skool, of nog meer spesifiek gestel, die getal leerlinge en vakke wat aangebied word per standerd in elke skool. Personeelvoorsiening kan nie anders as op 'n getalle-basis bereken word nie. Dit is duidelik dat aandag daaraan geskenk moet word om by die beplanning van skole vir swakhorendes sorg te dra dat die getal leerlinge die aanstelling van genoeg personeel met die oog op verantwoorde differensiasie in die onderwys aan sodanige skool regverdig.

Ten aansien van die kwessie of swakhorendes en dowes saam onder=wys kan ontvang, is daar tydens die ondersoek heelhartige een=stemmigheid gevind (soos ook in oorsese lande die geval is) oor die feit dat die onderwys van dié twee kategorieë gehoorgestrem=des so hemelsbreed verskil dat hulle nie net in afsonderlike klasse onderrig moet word nie, maar totaal geskei moet word deur hulle in afsonderlike skole te plaas.

Die fenomenale toename in die getal leerlinge op primêre onder=wysvlak wat in die eerste bestaansjaar van die Sonitusskool dié skool besoek, getuig sekerlik van die omvang van die behoefte wat vir sodanige skool bestaan het. 'n Verdere vertraging in die totstandkoming van genoeg skole vir swakhorendes kan slegs betreur word as 'n jammerlike miskenning van die pedagogiese noodsituasie waarin vele swakhorende leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika verkeer.

11.1.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande, trouens van die hele ondersoek word aanbeveel -

1. dat 'n Interdepartementele Advieskomitee bestaande uit verteenwoordigers met ervaring van die opvoeding en onderwys van swakhorende leerlinge, aangestel word met die oog op koördinering van die onderwys van hierdie leerlinge;

2. dat die bestaande amptelike kriteria waarvolgens gehoorge=stremde leerlinge verdeel word in gedeeltelik horendes, swakhorendes en dowes, behou word;

3. dat leerlinge wat ooreenkomstig die aanvaarde kriteria nie as gehoorgestremd geklassifiseer kan word nie, maar nogtans 'n geringe gehoortekort toon wat egter geen belemmering vir hul volwassewording inhou nie, sonder enige etikettering in gewone skole geplaas word en dat as verdere kriteria vir sodanige plasing en die handhawing van die plasing, die volgende moet geld -

   a. dat die leerling sonder enige addisionele hulp soortgelyk aan dié wat aan swakhorende kinders gebied word, met sy onderwys in die gewone klas onbelemmerd moet kan voortgaan;

   b. dat hy/sy in die gewone skool ten spyte van sy gehoorgestremdheid bevredigende skolastiese vordering in ooreenstemming met sy verwerklikbare persoonsmoontlikhede moet maak;

   c. dat daar met betrekking tot alle aspekte rakende sy besondere opvoeding en onderwys in die klaskamersituasie die nodige aandag gegee sal word, asook dat hy ten volle deel kan hê aan ander skoolaktiwiteite binne en buite die klaskamer;

   d. dat hy in sy sosialisering toereikend gesteun word en 'n gevoel van onvoorwaardelike aanvaarding deur sy onderwysers en klasmaats beleef;

   e. dat sy gesinsmilieu en sy sosiale leefmilieu buite die gesin gunstig is om tot selfverwerkliking te kom;

4. dat alle swakhorende leerlinge, ongeag die skool waar hulle hul bevind, aan voorgenoemde kriteria onderwerp word en ooreenkomstig dié bevindinge in die skole/klas geplaas word waar hulle hoort;

5. dat die beginsel van afsonderlike skole vir dowes en swakhorendes allerweë aanvaar en as beleid neergelê word;

6. dat daar onmiddellik begin word met navorsing met betrekking tot die lokalisering van afsonderlike skole vir swakhorendes in sentra vanwaar die voedingsgebiede die voordeligste bedien kan word;

7. dat provinsiale onderwysdepartemente wat nog nie klasse/skole vir gedeeltelik horende leerlinge het nie, aangemoedig word om sodanige fasiliteite vir gedeeltelik horende leerlinge te verskaf.

## 11.2 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE UITKENNING VAN SWAKHORENDES

### 11.2.1 Motivering

Die verskynsel dat swakhorendheid 'n onopsigtelike liggaamsge= brek is wat deur oningeligte persone nie herken word selfs as versteurde gedraginge as verreikende implikasies van die gehoortekort na vore tree nie, maak die instelling van 'n stelsel waardeur swakhorendheid so spoedig moontlik na 'n kind se geboorte uitgeken kan word, dringend noodsaaklik. Vroeg= tydige uitkenning het ten doel gespesialiseerde hulpverlening ter bekamping van die implikasies wat 'n gehoortekort ten aan= sien van 'n kind se totale volwassewording inhou. Omdat swak= horendheid nie vroegtydig uitgeken word nie, en die versteurde gedraginge dus nie met swakhorendheid in verband gebring kan word nie, word sodanige versteurde gedraginge dikwels verkeer= delik toegeskryf aan moedswilligheid, hardkoppigheid, bedorwen= heid en selfs swak begaafdheid. By gebrek aan so 'n uitkenning= stelsel kan verwag word dat daar in die Republiek van Suid-Afrika wel gehoorgestremde leerlinge tot hul eie nadeel in gewone skole is wat òf nie bewus van hul gehoortekort is nie, òf wat wel daarvan bewus is, maar in so 'n mate daarin slaag om hulself as goedhorend voor te doen dat hul onderwysers nie agterkom dat hulle 'n gehoortekort het nie. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat geen swakhorende wat betref sy vol-wassewording deur sy gehoortekort totaal ongedeerd gelaat word nie. Daar is duidelik aangetoon dat vroeë uitkenning van 'n gehoortekort geweldige voordele vir die swakhorende kind inhou. So byvoorbeeld kan hy dadelik van 'n gehoorhulp voorsien word om sy gehoor aan te vul ten aansien van dié klanke wat hy swak of glad nie hoor nie. Voorts kan hy dadelik die nodige hulp ontvang ten aansien van die aanleer van spraaklees en die oor= brugging van artikulasieprobleme. Sodanige hulp tydens die kleinkinderjare waartydens die goedhorende kind spontaan tot toereikende taalontdekking en spraakbemeestering kom, stel die swakhorende in staat om die remming wat 'n gehoortekort inhou ten aansien van taal- en spraakbemeestering tot 'n minimum te beperk.

Dit word vandag algemeen aanvaar dat gehoorgebreke so vroeg moontlik in die lewe van 'n kind vasgestel moet word en dat 'n gehoorgestremde kind so spoedig moontlik met 'n apparaat toegerus moet word enersyds omdat besef word dat enige gehoor= gestremde tot optimale benutting van sy gehoorreste gesteun moet word en andersyds omdat besef word dat die opvoeding en onderwys van die swakhorende by uitstek op die gebruikmaking van sy gehoorreste geskoei behoort te wees. Omdat dit vandag, danksy

die vordering op tegnologiese gebied, moontlik is om 'n gehoor=verlies by 'n baie jong baba vas te stel deur gebruikmaking van die Elektro-ensefalograaf (EEG) en die Evoked Response Audio=meter (ERA), is dit onnodig dat swakhorendes gebuk hoef te gaan onder remminge met betrekking tot hul volwassewording wat bekamp kon gewees het indien hul gehoortekort betyds uitgeken is. Die feit dat gehoortekorte nie net genetiese oorsake het nie, maar ook as gevolg van sekere kindersiektes en ongelukke verwerf kan word, is dit nodig dat gehoortoetsing nie eenmalig sal gebeur nie, maar veral tot aan die einde van die primêre skoolfase met gereelde tussenposes herhaal sal word. Om te verseker dat uitkenning op 'n eenvormige basis sal geskied en oral in die RSA dieselfde aandag sal geniet, sal dit noodsaak=lik wees om 'n uitkenningsdiens op nasionale vlak van stapel te stuur.

11.2.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word dus aanbeveel -

1. dat gehoortoetsing by die verpligte mediese ondersoeke vir alle kinders ingesluit moet word en dat ooreenkomstig voorsiening gemaak word vir sodanige toetsing;

2. dat waar die name van sodanige gehoorgestremde kinders aangeteken word, hul name met volle besonderhede aan die onderwysdepartemente beskikbaar gestel word;

3. dat alle leerlinge by skooltoetrede weer aan gehoortoetsing onderwerp word en later nog twee keer met die oog op uit=kenning van moontlike verworwe swakhorendheid;

4. dat geen leerling in spesiale onderwys geplaas mag word eer sy gehoorvermoë opnuut grondig geëvalueer is nie, en

5. dat alle leerlinge wat as verstandelik gestremd geklassi=fiseer is 'n grondige gehooronderso ek moet ondergaan.

11.3 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT GESPESIALI=SEERDE SKOOLGEREEDMAKING VAN VOORSKOOLSE SWAKHORENDE KINDERS

11.3.1 Motivering

Deurgronding van die kommunikasieproblematiek van die swakhorende kind dui daarop dat die basis van dié problematiek in die voor=skoolse fase van taalontdekking en gevoelslewevorming gelê word. Dit is dus noodsaaklik dat daar gedurende dié fase verantwoord=

bare bemoeienis met die swakhorende kind gemaak word. Sodanige bemoeienis is daarop gerig om die uitgekende swakhorende kind tot skoolgereedheid te begelei deur die nadelige implikasies van sy gehoortekort (vir sover dit moontlik is) te bekamp en te oorbrug.

Omdat die opvoeding van gehoorgestremde kinders dikwels vir hul ouers 'n problematiese opgaaf is, veral vanweë laasgenoemdes se onkunde aangaande die implikasies van 'n gehoortekort vir die volwassewording van hul kinders, is dit nodig dat 'n tussenonderrigprogram ook daarop gerig sal wees om die nodige hulp en voorligting aan ouers van swakhorende kinders met betrekking tot die opvoeding van sodanige kinders te verskaf. Benewens voorligting aan sulke ouers ten aansien van die gewenste uitvoering van hul opvoedingstaak, sal 'n tuisonderrigprogram voorsiening moet maak vir gespesialiseerde werkprogramme waarvolgens die hele gesin (maar veral die moeder) so doeltreffend moontlik kan en moet help om die gehoorgestremde kind skoolgereed te maak.

Skoolgereedmaking van 'n swakhorende kleuter behels dat die fondament waarop daar in die latere opvoedingsbemoeienis op skool voortgebou moet word, reeds gedurende die voorskoolse jare gelê moet word. Anders gestel: Die swakhorende kleuter moet in sy voorskoolse jare sodanig gehoor-, gelaat- en spraakgerig gemaak word dat 'n inherente wil om te hoor, sy gehoor by wyse van spraaklees aan te vul en om spontaan te praat, ingeboesem word.

Tydens die beplanning van 'n tuisonderrigprogram vir voorskoolse swakhorende kinders mag nie uit die oog verloor word dat waar dit gaan om die opvoeding en onderwys van jong swakhorende kinders wat aanvanklik hoofsaaklik deur die ouers behartig sal word, dit steeds die terrein van die <u>ortopedagogiek</u> en die <u>ortodidaktiek</u> sal wees en by uitstek deur <u>ortopedagoë</u> en <u>ortodidaktici</u>, wat spesiaal opgelei is en die nodige ervaring ten aansien van die opvoeding en onderwys van swakhorende kinders het, na behore verrig sal kan word.

### 11.3.2 Aanbevelings

<u>In die lig van voorafgaande word aanbeveel</u> -

1. dat alle onderwysdepartemente onder wie se beheer die onderskeie skole vir gehoorgestremdes reeds ressorteer, die verantwoordelikheid moet aanvaar vir die organisering en aanbieding van 'n gespesialiseerde tuisonderrigdiens aan swakhorende kinders en hul ouers;

2. dat die Interdepartementele Advieskomitee in samewerking met die Instituut vir Opvoedkundige Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 'n wetenskaplik gefun= deerde, intensiewe opvoedings- en onderrigprogram vir alle voorskoolse swakhorende leerlinge ontwerp;

3. dat genoemde komitee, in samewerking met die skole vir gehoorgestremdes en die genoemde Instituut, handleidings sal saamstel vir gebruik deur die persone wat die aan= bieding van so 'n omvattende tuisonderrigprogram vir voor= skoolse swakhorende kinders en voorligtingsdiens aan hul ouers moet behartig;

4. dat vir sover moontlik alle gehoorgestremde kinders (soos aangeteken in die voorgestelde register) van die ouderdom van ses maande tot vier jaar tuisonderrig sal ontvang en dat deskundige voorligting met betrekking tot hul opvoe= ding en onderrig aan hul ouers verskaf word;

5. dat hierdie tuisonderrig- en voorligtingsdiens behartig sal word deur persone met die nodige opleiding en ervaring van die opvoeding en onderwys van swakhorende kinders in die pre-primêre afdelings van die skole vir gehoorge= stremdes;

6. dat hierdie personeel (in 5 genoem) addisionele opleiding sal ontvang om ouers doeltreffend te begelei ten aansien van hul ortopedagogiese en ortodidaktiese bemoeienis met hul kind;

7. dat genoemde komitee advies sal uitbring in verband met die beplanning en daarstelling van genoemde addisionele opleidingskursusse vir die personeel wat vir die imple= mentering van so 'n hulpdiens verantwoordelik sal wees;

8. dat 'n geografiese indeling gedoen word van die voedings= gebiede van die skole/klasse vir swakhorendes en dat die personeel van die tuisonderrigdiens vanuit dié skole (as hoofkwartiere) die onderskeie gebiede as werksareas sal hê;

9. dat aan elke skool vir swakhorendes (as hoofkwartier) die nodige fasiliteite vir so 'n tuisonderrig- en voorligtings= diens, daargestel moet word;

10. dat genoemde fasiliteite, benewens lokale vir gebruik deur die betrokke personeellede, ook 'n ouer-eenheid (woonstel (le) met lesingkamer) sal insluit ten einde veral platte=

landse ouers in die geleentheid te stel om die skole gereeld te kan besoek met die oog op voorligting en demonstrasies met betrekking tot die opvoeding en onderrig van hul swakhorende kind;

11. dat die onderwysdepartemente voorsiening maak vir die hou van jaarlikse studiekursusse waartydens ouers van voorskoolse gehoorgestremde kinders voorligting ten aansien van hul opvoedings- en onderrigtaak kan ontvang en probleme kan bespreek;

12. dat besoekende ouers aan skole vir swakhorendes in die geleentheid gestel moet word om op uitnodiging die praktyk van die opvoeding en onderwys van die swakhorende kind in hierdie skole te kan bywoon;

13. dat voorsiening gemaak word vir die skep van 'n toereikende aantal poste vir personeel van die tuisonderrig- en voorligtingsdiens;

14. dat elke ouerpaar van jong swakhorende kinders minstens een keer per kwartaal deur hierdie personeel besoek sal word en/of dat elke ouerpaar self die skool eenmaal per kwartaal sal besoek;

15. dat gehoorapparaat aan alle gehoorgestremde voorskoolse kinders op 'n gesubsidieerde grondslag verskaf moet word, en

16. dat die implementering van die voorgestelde tuisonderrig- en voorligtingsdiens so gou moontlik moet geskied en dat alle leemtes wat aan die lig mag kom en probleme wat mag opduik, deur middel van verdere navorsing uit die weg geruim sal word.

## 11.4 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT PRE-PRIMÊRE ONDERWYS VIR SWAKHORENDE LEERLINGE

### 11.4.1 Motivering

Die grondslag van latere spraakprobleme by kinders word veral gedurende die uiters taalgevoelige kleinkinderfase gelê. Swakhorendes se spraak vertoon gebrekkig ten aansien van dié spraakklanke wat hy nie kan hoor nie. Sodanige spraaktekort is meestal nie die gevolg van 'n fisiese onvermoë van die swakhorende se spraakorgane om die spraakklanke voort te bring nie, maar is 'n aanduiding van die kind se onvermoë om klanke wat hy nie kan hoor nie, spontaan voort te bring. Baie min ouers

is in staat om die swakhorende kind toereikend te steun tot die verowering van korrekte spreektaal. Onderrig in spraak=lees en artikulasie, veral ten aansien van die klanke wat 'n swakhorende kind nie kan hoor nie, kan slegs deur opgeleide spesialiste toereikend behartig word. Die swakhorende se belewing van sy gebrekkige spreektaalkommunikasie gee aanlei=ding tot gevoelens van onveiligheid, onsekerheid en 'n onvermoë tot taakaanvaarding wat dikwels die verwerkliking van intieme intermenslike verhoudinge deur die swakhorende, belemmer. Swak=horende kinders beskik wel oor 'n spreektaal as hulle tot die pre-primêre skool toetree, maar hierdie spreektaal is gewoonlik in 'n mindere of meerdere mate gebrekkig. Die doelstelling met pre-primêre onderwys aan swakhorendes, is hoofsaaklik om sodanige spraakgebreke te bekamp en die kind te steun tot bemeestering van 'n toereikende en optimaal-korrekte spreek=taal waarop daar in primêre onderwys voortgebou kan word. Sodanige tydige, formele pedagogiese bemoeienis met die swak=horende kleuter verbeter sy vermoë om deur goeie spraak en taal=gebruik doeltreffend te kan kommunikeer en stel hom sodoende in staat tot suksesvoller inskakeling in die wêreld van goedhoren=des.

Hoewel 'n eie draagbare gehoorapparaat veel daartoe bydra om die swakhorende kind se onvolledige gehoor aan te vul, word dit onomwonde aanvaar dat sporadiese gebruik daarvan nie veel waarde het nie. Kontinue gehoorversterking dwarsdeur die dag, gepaard met doelbewuste bemoeienis om die swakhorende klank- en veral spraakgerig te maak, dra veel daartoe by om spraak en artikulasie te verbeter. Indien bogenoemde aangevul word met ritmiese liggaamsbewegings- en asembeheeroefeninge, bemeester die leer=ling die korrekte intonasie en spraakintervalle in sy spraak veel makliker.

### 11.4.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word aanbeveel -

1. dat die praktyk van onderwysvoorsiening op pre-primêre vlak aan swakhorende leerlinge gehandhaaf en uitgebrei word;

2. dat alle swakhorende kinders wat die voorgestelde tuis=onderrigprogram ten volle deurloop het, so vroeg moontlik tot die pre-primêre afdeling van skole vir swakhorendes toegelaat word;

3. dat swakhorende kinders wat nie die verwagte vordering in 'n tuisonderrigprogram toon nie, so vroeg moontlik

deur die personeel van die tuisonderrigdiens na skole vir swakhorendes verwys word vir intensiewe ondersoek en skool=gereedmaking;

4. dat die beleid neergelê word dat aan alle gehoorgestremde kinders op pre-primêre skoolvlak wat nog nie oor 'n draag=bare gehoorapparaat beskik nie, op 'n gesubsidieerde basis van sodanige apparaat voorsien sal word so spoedig moontlik nadat die gehoortekort uitgeken is;

5. dat daar deur die persone gemoeid met die opvoeding en onderwys van kinders op pre-primêre onderwysvlak toegesien moet word dat sodanige gehoorapparaat ten volle benut word;

6. dat metodes ten aansien van gehoorverskerping en bevor=dering van ritmiese liggaamsbeweging en asembeheer deeglik nagevors en die toepasbare resultate van sodanige navorsing geïmplementeer sal word in die onderrigprogram op pre-primêre en ook primêre onderwysvlak;

7. dat die personeelvoorsiening aan die pre-primêre afdelings van skole vir swakhorende leerlinge afsonderlik van dié van die res van die skool bereken word en voorsiening moet maak vir 'n maksimum van 6 pre-primêre leerlinge per perso=neellid, en

8. dat vir die pre-primêre skoolfase voorsiening gemaak word vir een hulpassistent per klas/klasgroep as addisionele personeel.

## 11.5 MOTIVERING EN AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN PRIMÊRE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE

### 11.5.1 Motivering

In die primêre afdelings van skole vir swakhorendes vorm die verowering van taal as kommunikasie-, denk-, redeneer-, ekspressie- en eksplorasiemiddel die kern van die onderwys=program. Daar word besonder baie aandag daaraan bestee om die swakhorende se taalgebruik te verbeter en uit te bou tot ver=staanbare en korrekte, goed geartikuleerde spraak. Dit is egter nodig dat daar in die onderwys aan swakhorendes gediffe=rensieer word en wel op grond van die onderlinge verskille tus=sen kinders wat betref intelligensie, aanleg en belangstelling en wat in die geval van swakhorendes geaksentueer word deur die groot verskille ten aansien van die aard en omvang van hul hoorvermoë met gepaardgaande verreikende implikasies vir hul kommunikasiemoontlikhede en skolastiese vordering. Nogtans

is dit nodig dat daar deeglik besin sal word of sodanige diffe= rensiasie moet uitloop op plasing van leerlinge in gewone skole, of in voltydse klasse verbonde aan gewone skole of in afsonder= like skole vir swakhorendes. In die daarstelling van kriteria waarvolgens sodanige plasing moet geskied, moet rekening gehou word met die feit dat swakhorendheid meer is as bloot net 'n gehoortekort wat met die verskaffing van gehoorapparaat en die remediëring van spraaktekorte reggestel kan word. 'n Gehoor= tekort het inderdaad verreikende implikasies vir die totale wording van elke swakhorende kind. Die opvoeding en onderrig van gehoorgestremde kinders is en bly een van die moeisaamste terreine van buitengewone onderwys en verg onderwysers wat spesiaal vir die taak opgelei is. Daarbenewens word 'n skoolse milieu benodig waar nie net die vereiste klankversterking en toereikende akoestiek in die onderriglokale voorsien word nie, maar veral 'n leefmilieu geskep word waarin die swakhorende kind 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid beleef soos wat hy in sy ouerhuis behoort te beleef. Tydens hierdie ondersoek is getuienis daarvan gevind dat swakhorende leerlinge selde tot sodanige belewing tussen goedhorende leerlinge in gewone skole (selfs al is die swakhorendes saam in een klas) in staat is. Aansoeke word deur Sonitus-skool ontvang van leerlinge wat hul= self tussen die goedhorende leerlinge in so 'n mate uitgeworpe en verstoot voel dat hulle gevoelslewe sodanig versteur raak dat hulle hul skoolsituasie as ondraaglik beleef.

Aan die ander kant is daar sekerlik swakhorende leerlinge wat weens redelik goeie gehoor daarin slaag om aan gewone skole sodanige vordering te maak dat hulle enduit daar kan bly. Die vraag waaroor daar in hulle geval besin moet word, is of die niveau van skolastiese vordering wat hulle aan 'n gewone skool bereik, in ooreenstemming is met die niveau van verwerkliking van hul persoonsmoontlikhede waartoe hulle werklik in staat is. Die moontlikheid sal steeds bestaan dat sodanige leerlinge in 'n skool vir swakhorendes tot toereikender ontplooiing sal kom.

Hoewel dit onder die huidige bedeling dikwels nie moontlik is om swakhorende en dowe kinders van dieselfde standerd in aparte klasse te groepeer nie, verkeer belanghebbendes ten opsigte van die opvoeding en onderwys sterk onder die besef van die wenslik= heid om sodanige skeiding konsekwent deur te voer. Onderwys aan dowe leerlinge (vergelyk hiervoor die verslag oor die onder= wys aan dowe leerlinge van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1974) is by uitstek "sien-onderwys" terwyl die swak= horende geleer moet word om sy gehoorreste optimaal te gebruik ten einde te hoor.

Uit die ondersoek het geblyk dat swak begaafde en/of meervoudig

gestremde swakhorende leerlinge dikwels noodgedwonge saam met intelligenter leerlinge wat net 'n gehoorgebrek het, in dieselfde klasse gegroepeer word. Eersgenoemde twee groepe leerlinge vereis nie net meer indiwiduele aandag van die onderwyser nie, maar oefen ook 'n nadelige invloed uit op die tempo van vordering waartoe die kerngroep in staat is. Afsonderlike onderwysvoorsiening aan hierdie twee groepe leerlinge sal aansienlike verligting in die las van skool- en koshuispersoneel bring ten aansien van hul versorging, opvoeding en onderwys. Sodanige verligting van hierdie ekstra las sal net tot voordeel van die swakhorende wees, terwyl afsonderlike onderwysgeriewe vir swak begaafde en/of meervoudig gestremde swakhorende leerlinge vir hulle oneindige voordele sal inhou. Waar afsonderlike skole vir hierdie twee groepe 'n onpraktiese oplossing blyk te wees, moet aandag gegee word aan afsonderlike onderwysvoorsiening vir hierdie leerlinge binne 'n skool vir swakhorendes.

11.5.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word aanbeveel -

1. dat, waar swakhorende leerlinge saam met dowe leerlinge in dieselfde skool verkeer, totale skeiding in afsonderlike klasse en klaskamers gehandhaaf moet word;

2. dat personeelvoorsieningskale gewysig moet word om sodanige skeiding te kan handhaaf;

3. dat waar die getal leerlinge dit regverdig, afsonderlike voorsiening vir onderwys aan swak begaafde en/of meervoudig gestremde swakhorende leerlinge (ten minste in afsonderlike klasse) gemaak en konsekwent gehandhaaf moet word;

4. dat die personeelvoorsieningskale van die onderwysdepartemente hersien moet word om voorsiening te maak vir addisionele personeel vir swakhorende leerlinge wat ook swak begaafd en/of meervoudig gestremd is;

5. dat daar voorsiening gemaak word vir 'n toereikende opleidingsprogram vir onderwysers wat die onderwys aan swakbegaafde en meervoudig gestremde swakhorende leerlinge sal behartig;

6. dat die swakhorende en dowe leerlinge as aparte afdelings hanteer sal word ten aansien van personeelvoorsiening aan skole wat sowel dowe as swakhorende leerlinge huisves;

7. dat die huidige praktyk van differensiasie binne dieselfde

klasgroep in die primêre afdeling op grond van aard en omvang van gehoorverlies, intelligensiemoontlikhede, spraakvermoë en taalbeheersing, gehandhaaf en uitgebou word tot differensiasie in aparte klasse veral in die lig van moontlike toename in die leerlingtal aan hierdie skole, en

8. dat voorsiening gemaak word vir nouer en gereelde skakeling (byvoorbeeld by wyse van gereelde kongresse) tussen die personeel van die primêre afdelings van die betrokke skole vir swakhorendes in die Republiek van Suid-Afrika.

## 11.6 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT 'N DOEL=TREFFENDE STELSEL VAN GEDIFFERENSIEERDE SEKONDÊRE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE

### 11.6.1 Motivering

Alhoewel besef word dat die metodiek ten aansien van onderwys aan dowe en swakhorende leerlinge op sekondêre skoolvlak steeds soveel van mekaar verskil dat dié twee groepe gehoorgestremdes in skole vir dowes in aparte klasgroepe onderrig moet word, maak die huidige bedeling, waarvolgens die aantal onderwysposte aan 'n skool bereken word in verhouding tot die totale leerlingtal van sodanige skool, afsonderlike onderrig in die meeste gevalle onmoontlik.

Die besondere problematiek van die dowe maak dit wenslik dat alle dowe leerlinge aan al die betrokke skole (met die uitson=dering van een skool) eers 'n prakties georiënteerde kursus volg ter verwerwing van die Nasionale Junior (Tegniese of Huishoud=kunde) Sertifikaat voordat die intelligenter leerlinge in 'n studierigting ooreenkomstig hul vermoë geplaas word. Hoewel sommige swakhorende leerlinge op 'n praktiese studierigting aangewese is, is daar 'n groot getal swakhorendes wat daarby sou baat om dwarsdeur (dit wil sê reeds vanaf toetrede tot die sekondêre skool) hul sekondêre skoolloopbaan 'n studierigting te volg wat met die studierigtings van die gewone sekondêre skool ooreenstemming toon. Voorgenoemde sal slegs moontlik wees as personeelvoorsiening ten aansien van die sekondêre afdelings van die betrokke skole afsonderlik vir swakhorende en dowe leerlinge bereken word en ook die aantal studierigtings en keusevakke by sodanige personeelvoorsiening in berekening gebring word. Die huidige personeelvoorsieningskaal sal selfs in die geval van afsonderlike skole vir swakhorendes verhinder dat uit=voering gegee word aan die strewe om in elke swakhorende leer=ling se besondere behoeftes ten aansien van die mees gewenste keusevakke en studierigting te voldoen. Aan die Sonitusskool

vir swakhorendes word vanaf st. 6 begin met differensiasie in st. 10-kursusse en 'n prakties beroepsgerigte kursus.

Benewens die feit dat swakhorende en dowe leerlinge in die betrokke skole noodgedwonge as gevolg van die klein aantal gehoorgestremde leerlinge per standerd in dieselfde klasse ingedeel is, het dit tydens hierdie ondersoek ook geblyk dat hierdie leerlinge 'n groot heterogeniteit vertoon ten opsigte van verstandsmoontlikhede, aanleg en belangstelling. In die lig hiervan word 'n verskeidenheid vorme van differensiasie binne klasverband toegepas. Behalwe differensiasie ten aansien van die onderskeie studierigtings word ook daarvoor voorsiening gemaak dat leerlinge binne hul gekose studierigting 'n keuse kan doen tussen verskillende vakke wat in ooreenstemming is met hul besondere verstandsmoontlikheid, aanleg en belangstelling. Verder word ook voorsiening daarvoor gemaak dat 'n leerling vakke wat 'n hoogstaande taalvaardigheid en/of abstraherings=vermoë vereis, kan vervang met meer tegnies beroepsgerigte vakke. Om leerlinge in staat te stel om die hoogs moontlike kwalifikasie te verwerf, word voorsiening daarvoor gemaak dat leerlinge wat die Nasionale Junior Sertifikaat verwerf het, maar nie oor die vermoë beskik om die volle kursus ter verwerwing van die Nasionale Senior Sertifikaat aan te pak nie, tog onderrig en opleiding na st. 8 kan ontvang in enkele vakke uit die kurrikulum vir die Nasionale Senior Sertifikaat of in ambagspraktyk, rekenoutomaat- en ponsmasjienwerk of boekbindery. Swak begaafde leerlinge word saam gegroepeer in 'n Handwerkgroep en toegelaat om elkeen op eie tempo 'n kursus te deurloop wat by uitstek prakties beroepsgerig is. By skoolverlating ontvang sodanige leerlinge 'n getuigskrif waarin die tegniese rigting wat gevolg is en die vorderingspeil wat bereik is, vermeld word.

Eksaminering van swakhorende leerlinge tot en met st. 9 word aan die skole vir gehoorgestremdes onder die betrokke onderwys=departemente intern gedoen. Die st. 10-eksamen (met of sonder universiteitstoelating) word aan die provinsiale skole ekstern afgeneem en gemodereer, behalwe sommige skole onder die Trans=vaalse Onderwysdepartement wat van eksterne eksaminering vryge=stel is. Om die gehoorgestremde se problematiek ten aansien van taal en kommunikasie die hoof te bied, maak die Departement van Nasionale Opvoeding die vergunning dat die st. 10-eksamen (sonder universiteitstoelating) intern afgelê maar ekstern gemo=dereer word, terwyl die st. 10-eksamen (met universiteitstoe=lating) ekstern afgelê en gemodereer word. Briljante leerlinge word aangemoedig om, naas die interne eksamen, ook die eksterne eksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding in een of meer vakke aan te durf.

11.6.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word aanbeveel -

1. dat vir die duur van die interim periode totdat genoeg afsonderlike skole tot stand kom, swakhorende en dowe leerlinge op sekondêre onderwysvlak in afsonderlike klas= groepe onderrig sal ontvang;

2. dat, met inagneming van 1 hierbo, die bestaande vorme van gedifferensieerde onderwys aan swakhorende leerlinge op sekondêre onderwysvlak gehandhaaf word;

3. dat die personeelvoorsiening aan skole wat sowel dowes as swakhorendes huisves, gedurende hierdie interimperiode afsonderlik vir dié twee groepe leerlinge bereken word op 'n basis waarin rekening gehou word met die aantal studierigtings en keusevakke wat aangebied word;

4. dat laasgenoemde beginsel ook sal geld in die personeel= voorsiening aan afsonderlike skole vir swakhorende leer= linge;

5. dat met inagneming van die huidige beroepsbestel daad= werklike navorsing gedoen sal word ten aansien van moontlike nuwe beroepsrigtings waarvoor swakhorendes opgelei kan word.

11.7 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT 'N MEER DOELTREFFENDE KOSHUISORGANISASIE

11.7.1 Motivering

Indien in gedagte gehou word dat sommige swakhorende kinders vanaf hul derde of vierde lewensjaar tot en met skoolverlating op koshuisinwoning aangewese is, kan die belangrikheid van geskikte koshuisinwoning beswaarlik oorbeklemtoon word. Tydens die ondersoek het dit duidelik geblyk dat dit noodsaaklik is dat die intensiewe pedagogiese bemoeienis wat met gehoorgestremde leerlinge in die klaskamer gemaak word, middae en saans buite die klaskamer voortgesit moet word. Swakhorende kinders wat dagskoliere is se ouers moet deur die personeel van die voorge= stelde tuisonderrigdiens die nodige voorligting en hulp in boge= noemde verband gegee word. Aangesien sommige swakhorende sko= liere egter koshuisinwonend is, dien daar op gelet te word dat die personeel van 'n koshuis vir swakhorende leerlinge 'n beson= dere opgaaf het ten aansien van die opvoeding en voortgesette onderrig tydens hul nie-formele omgang met dié kinders in die koshuis.

Skool- en koshuispersoneel is vanweë hul gespesialiseerde op= leiding beter toegerus as die ouers om in die besondere opvoe= dingsnood van die swakhorende kind te voorsien. Hoewel geen ouer sy opvoedingsplig ten volle op die skouers van skoolper= soneel mag afskuif nie, moet daar in die beplanning van koshuise en tydens die aanstelling van koshuispersoneel die feit in gedagte gehou word dat die koshuis aan die swakhorende kind die veilige ruimte moet bied wat hy in sy gesinsmilieu behoort te belewe. In die skool en koshuis moet die kind 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid beleef ter wille van die stabi= liserende effek daarvan op veral sy affektiewe ontplooiing wat bevorderlik is vir die toereikende verwerkliking van die leer= gebeure.

Die belangrikheid van die hoogs gespesialiseerde opvoedingswerk wat koshuispersoneel in hierdie koshuise verrig, moet deur die betrokke departementele owerhede na waarde geskat word en dienooreenkomstig die nodige erkenning geniet wat betref die aanstellingsvereistes wat gestel word en vergoeding wat betaal word. Swakhorende kinders en veral die kleuters onder hulle het benewens indiwiduele aandag in die klaskamer, ook indiwi= duele aandag buite die klaskamer (spesifiek in die koshuis) nodig om te kompenseer vir hul verlies aan voltydse ouerlike aandag en liefde. Die beplanning van koshuise moet voorsiening daarvoor maak dat wooneenhede klein genoeg sal wees om die be= trokke koshuisouer in staat te stel om waarlik as plaasvervang= ende ouer te kan optree. Kleiner wooneenhede noodsaak ruimer voorsiening ten aansien van koshuispersoneel.

'n Verhoging in die vereistes wat vir aanstelling in poste van koshuisouer en koshuisassistente vereis word, sal noodwendig groter uitgawe aan salarisse verg, maar die ekstra uitgawe sal verdwerg word deur die positiewe invloed wat beter gekwalifi= seerde koshuispersoneel op die totale volwassewording van swak= horende kinders in die koshuise sal hê. Persone wat opleiding as onderwysers geniet het, sal besonder geskik wees om die poste van koshuisouers en koshuisassistente te beklee, aangesien die inhoud van hul opleidingsprogram aan hulle die nodige gevormd= heid sal verleen om hulle op pedagogies verantwoorde wyse met die kinders te bemoei.

### 11.7.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word aanbeveel -

1. dat daar by koshuisbeplanning daarmee rekening gehou sal word dat koshuisinwoning in die geval van swakhorende kinders grootliks ouerhuisinwoning vervang;

2. dat pedagogies verantwoordbare navorsing gedoen moet word oor wyses waarop koshuiseenhede beplan behoort te word om toereikend in die besondere opvoedings- en onderwysbehoeftes van swakhorende leerlinge te voorsien;

3. dat dit as beleid neergelê word dat elke koshuisafdeling (kleuter, primêre en sekondêre afdeling) onder die voogskap van 'n opgeleide onderwyser met ervaring van onderwys aan swakhorende leerlinge sal staan;

4. dat personeelvoorsiening vir huismoeders per eenheid goedgekeurde akkommodasie toegeken word;

5. dat elke koshuiseenheid vir swakhorende kleuters 'n maksi= mum van ses kleuters sal huisves;

6. dat koshuiseenhede wat vir leerlinge van die primêre en sekondêre afdelings voorsiening maak, nie meer as twintig leerlinge sal huisves nie;

7. dat in elke koshuiseenheid 'n opgeleide onderwyser(es) as assistent(e) vir die huisouers aangestel sal word;

8. dat indiensopleidingskursusse (met betrekking tot verant= woorde ortopedagogiese bemoeienis ten aansien van swak= horende kinders) ingestel word vir alle nuutaangestelde koshuispersoneel;

9. dat daar op kongresse met betrekking tot die onderwys aan swakhorende leerlinge ook vir samesprekings aangaande die opvoeding van die swakhorende kind in die koshuis, voor= siening gemaak sal word;

10. dat woongeriewe van koshuisouers, huismoeders en toesig= kragte sodanig beplan word dat dit 'n eenheid vorm met die woongeriewe van die leerlinge;

11. dat sowel huisouers as hul assistente, met inagneming van hul kwalifikasies, addisionele vergoeding vir hul opvoedings= werk in die koshuis sal ontvang;

12. dat, waar swakhorende en dowe leerlinge in aparte afdelings van dieselfde skole gehuisves word (totdat afsonderlike skole vir swakhorendes bestaan), die beleid neergelê word om die twee groepe, ter wille van die voortsetting buite die klaskamer van elke groep se opvoeding en anderse onderwysmetodiek, in die koshuis ook in afsonderlike afdelings te plaas (desnoods kan veranderinge in die bestaande geboue sodanige skeiding vergemaklik), en

13. dat 'n versigtige benadering aan die dag gelê sal word met die toelating van jong swakhorende kinders in koshuise en dat die pedagogies verantwoorde beginsel van gesinsopvoe= ding in die vroeë kinderjare so min moontlik geskend word.

## 11.8 MOTIVERING EN AANBEVELINGS TEN AANSIEN VAN DIE IMPLEMEN= TERING VAN 'N SKOOLVOORLIGTINGSDIENS AS GEÏNTEGREERDE ONDERDEEL VAN DIE TOTALE ONDERWYSVOORSIENING AAN SWAK= HORENDE LEERLINGE

### 11.8.1 Motivering

Skoolvoorligting is daarop gerig om die kind voor te lig in sy wordingsgang na volwaardige volwassenheid. Sodanige bemoeienis deur 'n volwassene met 'n nie-volwassene impliseer pedagogiese bemoeienis. Die doel van voorligting as 'n geïntegreerde diens binne 'n stelsel van onderwys vir swakhorende kinders, is om by wyse van advies en hulpverlening aan die leerlinge dit vir hulle moontlik te maak om ten aansien van onderwys- en beroepsaangeleenthede en in die lig van hul totale persoonstruk= tuur gedifferensieerde onderwys te ontvang (wat veral in oor= eenstemming is met hul bekwaamheid, aanleg en belangstelling). Sodanige skoolvoorligting is dus by uitstek 'n pedagogiese hulpdiens wat daarop gerig is om die opvoedingsdoel van 'n onderwysstelsel te help verwesenlik. Die personeel van 'n skoolvoorligtingsdiens moet dus pedagogies geskoold wees vir suksesvolle uitvoering van hul opvoedingstaak. Skoolvoorlig= ting behels persoonstruktuurvoorligting, onderwysvoorligting en beroepsvoorligting (kyk 9.2). Om tot sodanige voorligting in staat te wees, moet die skoolvoorligter die kind as persoon in sy totaliteit in verhouding tot sy wêreld leer ken; moet hy besef dat die swakhorende kind as volwassewordende selfs meer hulpbehoewend en steunsoekend is as die goedhorende en moet hy dus die implikasies van 'n gehoortekort vir die totale volwassewording van die swakhorende kind ken. Die skoolvoor= ligter moet dus 'n gekwalifiseerde ortopedagoog wees om moont= like uitvalle in die volwassewordingsgebeure van swakhorende leerlinge te kan diagnostiseer en terapeutiese bemoeienis ter regstelling van sodanige uitvalle te kan beplan. Ten einde dit te bewerkstellig, sal die skoolvoorligter ook moet skakel met die opvoeders (ouers, onderwysers en koshuispersoneel) wat by sodanige terapeutiese programme betrokke is. Skoolvoor= ligting kan dus nie beperk word tot leerlinge op sekondêre onderwysvlak nie, maar moet ter beskikking van alle leerlinge gestel word, omdat skoolvoorligting 'n begeleidende funksie vervul ten aansien van elke leerling se volwassewording van sy skooltoetrede tot en met skoolverlating. Gesien in die lig daarvan dat swakhorende jeugdiges moontlik na skoolverlating

vanweë hul kommunikasietekort probleme mag ondervind met hul inskakeling in die goedhorende gemeenskap, mag die bemoeienis van skoolvoorligters met swakhorendes nie summier beëindig word wanneer die leerling die skool verlaat nie, maar moet hy oor die vrymoedigheid beskik om te eniger tyd by die skoolvoorligter om verdere hulpverlening aan te klop. Sodanige nasorgwerk is noodsaaklik, want slegs wanneer swakhorendes die nodige arbeids=vreugde ondervind en daarin slaag om te midde van horendes in sowel hul woonmilieu as in hul sosiale lewe gelukkig te wees, kan daar op verwesenliking van die opvoedings- en onderrigdoel van 'n onderwysstelsel vir swakhorende leerlinge aanspraak gemaak word.

11.8.2 Aanbevelings

In die lig van voorgaande word aanbeveel -

1. dat die benaming onderwysersielkundige of skoolsielkundige vervang word deur dié van skoolvoorligter, aangesien hierdie personeellid se werksaamhede geensins met dié van 'n siel=kundige gelyk te stel is nie;

2. dat skoolvoorligting geskoei sal word op die beginsel van begeleiding van elke swakhorende kind in sy volwassewording vanaf sy skooltoetrede tot skoolverlating;

3. dat skoolvoorligting as diens, in die lig van die begelei=dingsfunksie daarvan, voorsiening sal maak vir persoon=struktuurvoorligting, skoolvoorligting en beroepsvoorlig=ting in elke skoolfase waarin sodanige voorligting nodig mag wees;

4. dat daar op die skoolrooster voorsiening gemaak word vir vaste voorligtingperiodes vir alle swakhorende leerlinge op sekondêre onderwysvlak;

5. dat aan skoolvoorligting ook in die primêre afdeling van die skool sy regmatige plek toegeken sal word veral ten aansien van leerlinge se vakkeuse, studierigtingkeuse en persoonstruktuurvorming;

6. dat persoonsbeelde deur skoolvoorligters saamgestel word van alle leerlinge en voortdurend aangevul en vervolledig sal word soos wat die leerling in sy skoolloopbaan vorder;

7. dat bogenoemde persoonsbeelde met onderwysers en spraak=terapeute bespreek sal word sodat hulle in die lig daarvan hul opvoedings- en onderwysbemoeienis kan verantwoord;

8. dat die skoolvoorligter navorsing moet doen ten aansien van moontlike nuwe beroepsgeleenthede vir swakhorende leerlinge;

9. dat die skoolvoorligter skakeling sal behou met leerlinge wat die skool verlaat en te alle tye tot hul beskikking sal wees vir verdere hulpverlening.

## 11.9 MOTIVERING EN AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT DIE OPLEIDING VAN SKOOLVOORLIGTERS

### 11.9.1 Motivering

Ten einde 'n pedagogiese hulpdiens aan swakhorende leerlinge te kan bied, behoort die skoolvoorligter, op grond van die deskundige kennis van die pedagogiek, asook 'n grondige kennis van die wese van die swakhorende kind wat in die onderhawige verband vereis word, 'n deskundige opvoeder te wees. Skool=voorligters moet dus oor gevorderde kwalifikasies in voorligting gegrond op 'n deeglike studie van die Pedagogiek, beskik. Voorts moet hulle met die oog op aanstelling aan 'n skool vir swakho=rendes ook 'n kursus deurloop om die swakhorende kind in sy totale gesitueerdheid deeglik te leer ken.

Die aard en omvang van die werksaamhede van 'n skoolvoorligter aan 'n skool vir swakhorende kinders maak dit vir hom nodig om 'n kenner te wees van alle deeldissiplines van die Pedagogiek. 'n Grondige studie van Fundamentele Pedagogiek maak die skool=voorligter vertroud met die fundamentele strukture wat binne die pedagogiese situasie verwerklik moet word om die pedago=giese gebeure suksesvol te laat verloop. Deur middel van 'n studie van die Psigopedagogiek kan gespesialiseerde kennis en begrip van die wese van kindwees, hoe 'n kind sy wording beleef en hoe hy leer, bekom word - kennis wat onontbeerlik is vir verantwoordbare steungewing aan 'n kind in sy volwasse=wordingsgang. Elke leerling is in die wêreld teenwoordig saam met sy medemens met wie hy voortdurend in dialogiese verhoudinge staan. Om leerlinge ten aansien van doeltreffende verwerklik=ing van hierdie verhoudinge te kan steun, is 'n grondige bestu=dering van die Sosiopedagogiek onontbeerlik. 'n Studie van Didaktiese Pedagogiek is noodsaaklik om die werklikheid op verantwoordbare wyse vir die kind te ontsluit en om insig te bekom in die wyse waarop so 'n kind die ontsluite werklikheid deel van sy kennisbesit kan maak. Om leerlinge wat as gevolg van opvoedingsbelemmeringe in 'n pedagogiese noodsituasie ver=keer, op verantwoordbare wyse te kan help, is 'n studie van die Ortopedagogiek noodsaaklik. Leerlinge wat ten aansien van hul leergebeure besondere probleme ondervind, het onder andere nood

aan ortodidaktiese hulpverlening ten einde sodanige probleme uit die weg te ruim. Sodanige hulpverlening kan doeltreffend verleen word aan die hand van 'n grondige kennis van die Ortodidaktiek. Om 'n jeugdige te kan steun tot die oplossing van sy beroepskeuseprobleme by wyse van sinvolle integrasie van kennis met betrekking tot sy eie persoonsmoontlikhede en die faset van die beroepswerklikheid waarin hy 'n beroepskeuse oorweeg, moet die skoolvoorligter 'n grondige studie maak van die Beroepsoriënteringspedagogiek.

Aangesien die betrokke skoolvoorligter by uitstek met swakhorende kinders bemoeienis sal maak, is dit verder nodig dat hy ook 'n opleidingskursus vir onderwysers van swakhorende kinders sal deurloop met die oog op die verkryging van die nodige insig in die implikasies wat 'n gehoortekort vir die totale volwassewording van 'n swakhorende kind inhou.

11.9.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word dus aanbeveel -

1. dat skoolvoorligters vir swakhorende leerlinge as opvoedkundiges opgelei sal word;

2. dat daar aan enkele universiteite 'n geskikte vierjaargraadkursus in skoolvoorligting ingestel word. Sodanige graadkursus moet voorsiening maak vir 'n studie van die volgende deeldissiplines van die Pedagogiek: Fundamentele Pedagogiek, Psigopedagogiek, Sosiopedagogiek, Didaktiese Pedagogiek, Ortopedagogiek, Ortodidaktiek en Skoolvoorligtingspedagogiek;

3. dat die skoolvoorligter gedurende sy opleiding voldoende praktykleiding aan 'n skoolvoorligtingskliniek (soos in die vooruitsig gestel met die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys aan gewone skole) en aan 'n skool vir swakhorendes onder leiding van ervare skoolvoorligters sal ontvang;

4. dat skoolvoorligters wat poste aan skole vir swakhorendes aanvaar, verplig sal wees om ook die eenjaardiplomakursus vir onderwysers van swakhorende leerlinge (kyk aanbevelings insake onderwysersopleiding) te volg;

5. dat skoolvoorligters vir die kwalifikasie in 4 hierbo genoem, erkenning by wyse van 'n addisionele salariskerf sal ontvang;

6. dat vir onderwysersielkundiges wat tans aan skole vir swakhorendes (of sodanige afdelings aan skole vir dowes) verbonde is, die geleentheid geskep sal word om hulself spesifiek as skoolvoorligters te kan bekwaam by wyse van die deurloping van 'n eenjaar-spesialiseringskursus in Skoolvoorligting soos aan sekere universiteite as 'n B.Ed.-kursus met endossement Voorligting, aangebied word.

## 11.10 MOTIVERING EN AANBEVELINGS INSAKE DOELTREFFENDE ONDERWYSERSOPLEIDING VIR DIE ONDERWYS AAN SWAKHORENDE LEERLINGE

### 11.10.1 Motivering

Die besondere andersheid van die opvoedende onderwys van swakhorende leerlinge in vergelyking met dié van sowel dowes as goedhorendes verg noodwendig onderwysers wat gespesialiseerde opleiding ten aansien van die opvoeding en onderwys van swakhorende leerlinge geniet het. In die huidige onderwyspraktyk in die Republiek van Suid-Afrika betree sommige onderwysers die gespesialiseerde terrein van opvoeding en onderwys van swakhorendes sonder dat hulle doeltreffende gespesialiseerde onderwysersopleiding spesifiek ten aansien van bogenoemde terrein geniet het. Sodanige onderwysers moet dan summier volle verantwoordelikheid vir 'n klas aanvaar en loop gevaar om in hul stryd om dié onderwysmetodiek (wat vir hulle vreemd is) te bemeester, die kind as persoon wat gebuk gaan onder die verreikende implikasies van 'n gehoortekort, in sy besondere hulpbehoewendheid nie raak te sien nie. Die meeste skole bied 'n indiensopleidingsprogram vir nuutaangestelde personeel aan om hulle sodoende te help in hul aanvanklike oriëntering ten aansien van die onderwysmetodiek én die besondere andersheid van die kind met wie hulle bemoeienis gaan maak.

Daar bestaan wel opleidingsfasiliteite en kursusse vir onderwysers van swakhorende leerlinge aan enkele universiteite in die Republiek van Suid-Afrika. Tydens hierdie ondersoek was die algemene beswaar teen die meeste van bogenoemde kursusse dat hulle oorheersend teoreties georiënteerd is en nie voldoende voorsiening maak vir praktiese opleiding in dié hoogs gespesialiseerde veld van onderwys nie. Die mening word algemeen gehuldig dat daar enersyds te min skakeling is tussen die onderwysers en die lektore van die betrokke universiteite en andersyds dat die lektore òf nie self aan skole vir swakhorendes verbonde was nie, òf dat die lektore wat wel sodanige onderwysers was, sedert hul uittrede uit die praktyk nie tred gehou het met die kontemporêre verwikkelinge ten aansien van dié besondere onderwysveld nie. Skoolhoofde se ensluidende aanbeveling

kom daarop neer dat die praktiese faset van die universitêre diplomakursusse gekoppel behoort te word aan die interne indiens=opleidingsprogramme van skole vir gehoorgestremdes en dat prak=tykleiding 'n meer prominente faset van die universiteitskur=susse behoort te wees.

Die gebruik dat onderwysers eers aansoek om toelating tot gespesialiseerde universitêre opleiding doen nadat hulle 'n tydlank aan 'n skool vir gehoorgestremdes onderrig gegee het, is 'n leemte wat ontstaan het uit die geringe aanvraag na sodanige onderwysers vir die enkele skole vir gehoorgestremdes wat tans bestaan. Tydens die ondersoek het geblyk dat skool=hoofde ten gunste is van die instelling van afsonderlike, vol=tydse diplomakursusse vir toekomstige onderwysers van swak=horende en dowe kinders, maar dat dit onder die huidige omstan=dighede moeilik te realiseer is omdat die aanvraag in dié verband in die onmiddellike toekoms steeds relatief klein sal bly en skoolhoofde dus geensins aan voornemende studente sal kan waarborg dat daar vir hulle vakatures sal bestaan wanneer hulle afgestudeer het nie. Onder sulke omstandighede is uni=versiteite, vanweë finansiële oorweginge, genoodsaak om die kursus slegs aan te bied as meer as 'n bepaalde minimum getal studente aansoek om toelating doen.

Die probleem ten aansien van die ontwerp en implementering van 'n bevredigende onderwysersopleidingstelsel is geleë in die soeke na 'n verantwoorde balans tussen teoretiese onderrig en praktykleiding. Pedagogiekstudie is noodsaaklik vir die ver=kryging van insig met betrekking tot die opvoeding en onderwys van die gehoorgestremde kind, terwyl sekere praktiese aspekte van so 'n opleidingsprogram beswaarlik buite 'n skool vir gehoorgestremdes aangebied kan word.

Uit die ondersoek het verder geblyk dat ambagsonderwysers gewoon=lik oor 'n Nasionale Tegniese Senior Sertifikaat (NTS III) en 'n Nasionale Tegniese Onderwyssertifikaat beskik maar nie toege=laat word tot die universitêre diplomakursusse vir onderwysers van swakhorende leerlinge nie omdat as toelatingsvereiste die besit van ten minste 'n driejaaronderwysdiploma gestel word. Aangesien alle onderwysers wat hulle met swakhorendes bemoei, hoogs gespesialiseerde werk doen wat 'n deeglike kennis van die opvoeding en onderwys aan hierdie kinders vereis, kan hierdie diskriminasie as 'n groot leemte in die opleiding van ambags=onderwysers vir swakhorende leerlinge beskou word.

### 11.10.2 Aanbevelings

In die lig van voorafgaande word aanbeveel -

1. dat die bestaande praktyk gehandhaaf word om 'n erkende onderwysersdiploma of 'n universiteitsgraad plus 'n onderwys=ersdiploma vir onderwys aan gewone leerlinge as vereiste vir aanstelling aan 'n skool vir swakhorendes te stel;

2. dat alle onderwysers direk na aanvaarding van 'n permanente pos aan 'n skool vir swakhorendes, verplig moet word om hulle by wyse van universitêre studie te bekwaam ten aan=sien van dié besondere onderwys;

3. dat 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers uit al die skole vir gehoorgestremde leerlinge saamgestel moet word om in samewerking met die betrokke fakulteite van al die universiteite wat kursusse aanbied vir die opleiding van onderwysers vir gehoorgestremde leerlinge die knelpunte in die bestaande opleidingskursusse en die werklike behoef=tes waaraan sodanige kursusse moet voldoen, te ondersoek met die oog op die ontwerp van 'n doeltreffende opleiding=stelsel wat aan die besondere verskille tussen die onderwys aan dowe en swakhorende leerlinge reg sal laat geskied;

4. dat bogenoemde opleidingskursus 'n voltydse eenjaarkursus sal wees wat gesamentlik deur universiteite en skole vir gehoorgestremdes (swakhorendes) aangebied sal word;

5. dat die Onderwysdepartemente in die personeelvoorsiening aan elk van die betrokke skole onder hul beheer voorsiening moet maak vir 'n onderwyserdosent (ervare spesialis in die betrokke onderwys) om die praktykleiding aan onderwysers aan die skool te behartig;

6. dat alle onderwysers (na permanente aanstelling by 'n skool vir gehoorgestremdes) in aanmerking sal kom vir studiever=lof en studiebeurse om voorgenoemde opleidingskursus op 'n voltydse basis te deurloop;

7. dat tegniese onderwysers wat oor die Nasionale Tegniese Onderwyssertifikaat beskik, by wyse van spesiale vergun=ning deur die universiteite ook toegelaat moet word om dié opleidingskursus te volg.

